



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA**

**'n Evaluasie van teologiese opleiding in die Nederduitsch
Hervormde Kerk van Afrika in die lig van 'n missionale
ekklesiologie**

deur

DORET NIEMANDT

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Theologia

in die

Fakulteit Teologie

Departement Godsdienst- en Sendingwetenskap

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof C.J.P. Niemandt

Pretoria

Mei 2015

Declaration Regarding Plagiarism

Full name: Doret Niemandt

Student number: 04411595

Title: 'n Teologiese opleiding wat 'n missionale ekklesiologie en missionale leierskapsontwikkeling in die NHKA steun

Declaration:

1. I understand what plagiarism entails and am aware of the University's policy in this regard.
2. I declare that this assignment is my own, original work. Where someone else's work was used (whether from a printed source, the Internet or any other source) due acknowledgement was given and reference was made according to departmental requirements.
3. I did not copy and paste any information directly from an electronic source (e.g., a web page, electronic journal article or CD ROM) into this document.
4. I did not make use of another student's previous work and submitted it as my own.
5. I did not allow and will not allow anyone to copy my work with the intention of presenting it as his/her own work.



SIGNATURE

31/05/2015

DATE

Opsomming

Daar is tans 'n heersende missionale ekklesiologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA). Hervormde teoloë is eens dat dit die ware wese en roeping van die kerk uitspel. Die uitdaging is nou om hierdie ekklesiologie in gemeentes gestalte te laat vind. Predikante is die sentrale figure in tradisionele gereformeerde gemeentes, soos die van die NHKA, en speel dus 'n sleutelrol in hoe kerkwees in hierdie gemeentes verstaan en uitgeleef word. Die transformasieproses van gemeentes na missionale gemeentes hang dus grotendeels van die predikant af. Predikante is egter nie in staat om hierdie ingewikkelde proses te hanteer nie. Hulle het die regte tipe opleiding nodig om dit te kan bewerkstellig. Die huidige teologiese opleiding van die NHKA, soos dit geskied aan die Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Kuratorium en Hervormde Teologiese Kollege, slaag nie daarin om studente die regte vaardighede en kapasiteit aan te leer vir die vorming van missionale gemeentes nie. Die teologiese opleiding van die NHKA moet dus aangepas of verander word om dit moontlik te maak om ander tipe leiers, naamlik missionale leiers, te vorm.

Abstract

Currently, the prevalent discourse of the *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (NHKA) is a missional ecclesiology. Reformed theologians are of like mind that this doctrine encompasses the true nature and calling of the church. The challenge is manifesting this ecclesiology in congregations. Ministers are the central figures of the traditional congregation, like those of the NHKA, and thus play a key role in the conceptualisation and praxis of church life. The transformation process from congregations to missional congregations is mostly dependant on the minister. Ministers, however, are not equipped to handle the complexity of this process. They require precise training to achieve this goal. The current syllabus of theological education of the NHKA, as is utilised by the University of Pretoria, in partnership with the *Kuratorium* and *Hervormde Teologiese Kollege*, is unsuccessful in training students the required capacity and skills for the formation of missional congregations. The theological education of the NHKA must be adapted or changed in order to train new leaders – missional leaders.

Inhoudsopgawe

Verklaring ten opsigte van plagiaat	2
Opsomming	3
Abstract	4
1 Inleiding	8
1.1 Oriëntasie.....	8
1.2 Navorsingsprobleem.....	9
1.3 Navorsingsvraag.....	10
1.4 Navorsingsdoelwitte	11
1.5 Metodologie	11
1.5.1 Literatuurstudie	11
1.5.2 Gevallestudie	11
1.6 Afbakening	12
1.7 Navorsingsontwerp.....	12
2 'n Missionale ekklesiologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika	15
2.1 Inleiding	15
2.2 'n Missionale ekklesiologie	15
2.3 Ontwikkelinge in die NHKA.....	17
2.3.1 Hervormde teoloë.....	18
2.3.2 Nasionale Colloquium en Algemene Kerkvergaderings van die NHKA.....	21
2.4 Gevolgtrekking.....	31
3 Teologiese opleiding	33
3.1 Inleiding	33

3.2 Die belang van teologiese opleiding	33
3.3 Huidige teologiese opleiding van die NHKA	36
3.3.1 Kuratorium.....	36
3.3.2 Fakulteit Teologie – Universiteit van Pretoria	36
3.3.3 Hervormde Teologiese Kollege (HTK)	39
3.4 ‘n Kritiese evaluasie	42
3.4.1 Erfenis van die christendom en modernisme	43
3.4.2 Kurrikulum	45
3.4.3 Opleidingsmodel	46
3.4.4 Kerk en universiteit.....	48
3.4.5 Geordendheid	49
3.5 ‘n Ander tipe teologiese opleiding vir die vorming van missionale leiers	51
3.6 Gevolgtrekking.....	53
4 Gevallestudie: Springdale College	55
4.1 Inleiding	55
4.2 Springdale College as toepaslike gevallestudie	55
4.3 ‘n Kort oorsig van Springdale College	56
4.4 Springdale College se teologiese opleiding	58
4.4.1 Kurrikulum	58
4.4.2 Toelatingsvereistes	64
4.4.3 Studiefooie.....	65
4.4.4 Kampusse.....	65
4.5 Springdale College se uitdagings	66
4.6 Belangrike kenmerke van ‘n missionale teologiese opleiding.....	67
4.7 Gevolgtrekking.....	68

5 Uitdagings en moontlikhede vir die teologiese opleiding van die NHKA	70
5.1 Inleiding	70
5.2 Missionale vertrekpunt.....	70
5.2.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	72
5.3 'n Holistiese benadering	73
5.3.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	75
5.4 Spirituele ontwikkeling en karaktervorming	76
5.4.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	79
5.5 Praktiese ondervinding en vaardighede	84
5.5.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	89
5.6 Die vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond.....	91
5.6.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	91
5.7 Ondersteuning en mentorskap.....	93
5.7.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA	95
5.8 Gevolgtrekking.....	96
6 Slotopmerkings	98
6.1 Inleiding	98
6.2 Bevindings.....	98
6.2.1 Krisistyd as geleentheid	98
6.2.2 Ander tipe leiers: Missionale leiers.....	99
6.2.3 Ander tipe opleiding: 'n Missionale teologiese opleiding	100
6.3 Gevolgtrekking.....	101
Bibliografie	103

1 Inleiding

1.1 Oriëntasie

Na afloop van my studies aan die Universiteit van Pretoria, waar ek oor ses jaar die BTh- en MDiv-grade asook 'n diploma in kerklike bediening verwerf het, het ek aan die vereistes voldoen om as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) georden te word. Die intensiewe teologiese opleiding wat ek ontvang het, het egter versuim om my voor te berei om 'n predikant te wees in die huidige tyd en konteks. Die teologiese opleiding was uit my ervaring van hoë akademiese standaard, maar min vakgebiede was op die praktyk gefokus en het nie die uitdagings wat in die 21ste eeu aan die kerk gestel word, aangespreek nie.

Die wêreld waarin ons lewe, verander geweldige vinnig en dit is 'n groot uitdaging om bewus te wees van die veranderinge sowel as om daarby aan te pas. “Waar die ander groot veranderings in wêreldbeskouings oor eeue afgespeel het, het die huidige verandering in enkele dekades afgespeel” (Niemandt, 2007:25). Soos wat die wêreld verander het, het die tradisionele gereformeerde kerke nie vandag meer dieselfde sentrale en invloedryke posisie soos in die verlede nie. In die NHKA het lidmaatgetalle die laaste dertig jaar met 30% verminder (Dreyer, 2011:99). Gemeentes staan voor 'n groot uitdaging: “It’s not a matter of small adjustments in a stable system. We are in a period that makes it impossible to have much clarity about the future and how it is going to be shaped” (Roxburgh & Romanuk, 2006:159). Robinson (2008:87) stel ook dat die uitdagings wat ons konfronteer diep geleë is en die kultuur van gemeentes moet verander.

Tradisionele gereformeerde kerke probeer om aan te pas by hierdie veranderings. Robinson (2008:87) noem hierdie pogings “quick fixes”. Dit sluit onder andere die volgende in: kleingroepbediening, kontemporêre aanbidding, bemarking van eredienste, die skep van 'n geestelike ervaring en die suiwering van die kerk van dwaalleer om die kerk te laat terugkeer na die basiese of 'n skielike sendingprojek (McNeal, 2003:7; Robinson, 2008:87). Daar is werkswinkels of seminare oor amper elke aspek van die kerklike lewe (Guder, 1998:2). Die NHKA besluit in 2007 om die kerkorde te herskryf, dit nadat die kerkorde slegs tien jaar vroeër ook herskryf is (NHKA, 2007:273). Die kerk probeer verbeter op dit wat reeds in gemeentes gedoen word. *Die uitdaging is egter nie 'n beter bediening nie, maar 'n ander tipe bediening.*

Hierdie ander tipe bediening kom na vore wanneer ekklesiologie opnuut ontdek word. Dit is 'n vakgebied wat juis die afgelope paar jaar baie aandag geniet (Kärkkäinen, 2002:7). Daar word geargumenteer dat ekklesiologie inherent missionaal is. Bosch (1991:372) wys daarop dat die kerk se wese en roeping missionaal is, dit is eerder die kerk aan die werk as die werk van die kerk.

Kraemer (1960:126) sê die kerk *is* sending en dit beteken nie dieselfde as die kerk se sendingtaak of sendingopdrag nie. 'n Missionale ekklesiologie is nie 'n nuwe kerklike beweging nie, maar gaan terug na die eintlike wese en roeping van die kerk. 'n Missionale ekklesiologie fokus op die wêreld en om by God se werk in die wêreld aan te sluit. Dit staan teenoor tradisionele gereformeerde gemeentes se verstaan van kerkwees, 'n kerk wat bestaan ter wille van haarself, wat fokus op instandhouding en 'n pastorale bedieningsmodel handhaaf.

In ons veranderende tyd en konteks word daar dan gesoek na 'n bediening wat relevant is in die lig van die eintlike wese en roeping van die kerk – in die lig van 'n missionale ekklesiologie.

1.2 Navorsingsprobleem

Die amp van predikant het 'n sentrale rol in die bedieningsmodel van tradisionele gereformeerde gemeentes. Calvin, sowel as die presbiteriaal-sinodale kerkordes, beklemtoon dat Jesus Christus sy kerk regeer, lei en opbou deur middel van die ampte (Pont, 1981:197; Coertzen, 1991:93-94). Heitink (2007:280) verwys spesifiek na die amp van predikant wat 'n belangrike rol speel in die organisasie van die kerk. Die predikant is die middelpunt van kerklike bediening, bepaal die onderlinge interaksie in die kerk en gevolglik die beeld van die kerk. In hierdie tradisionele bedieningspraktyke staan die verkondiging van die Woord ook sentraal. Dus is daar 'n sterk fokus op die predikant, die dienaar van die Woord, se opleiding. Die teologiese opleiding van predikante word in die kerkorde genoem, Ordinansie 2.1.1 (NHKA, 2013a:9):

OPLEIDING EN VORMING VAN DIENAARS VAN DIE WOORD

Voornemende predikante van die Kerk word, kragtens die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, opgelei in die Fakulteit Teologie aan daardie Universiteit met die samewerking van die Hervormde Teologiese Kollege.

Die opleiding van predikante geskied aan 'n universiteit. Met die besluit in 1916 dat die Transvaalse Universiteit 'n Teologiese Fakulteit gaan begin, het die kuratorium onderhandel om by die fakulteit aan te sluit. Van die begin af is klem daarop gelê dat opleiding nie by 'n kweekskool moes plaasvind nie (NHKA, 1986:68). Daar is ook in 1943 'n opdrag aan dosente gegee om verdere teologiese studies te stimuleer en 'n wetenskaplike kwartaalblad is begin, naamlik die Hervormde Teologiese Studies (HTS). Van Wyk (1991:69) stel dat die wat geroep is, moes aanmeld vir teologiese opleiding en dat hy (of sy) naas die onderrig van die Bybel en die dogma van die kerk, ook 'n grondige kennis moes hê van die grondtale soos Grieks en Hebreeus.

Vandag is die teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria steeds van kardinale belang. Om toegelaat te word as bedienaar van die Woord moet 'n student 'n vier jaar BTh-graad, 'n twee jaar MDiv-graad sowel as 'n diploma in kerklike bediening by die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) verwerf. Twee keer per jaar word Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) kursusse aangebied, waarvan alle Hervormde predikante ten minste een moet bywoon. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die akademiese opleiding van predikante in die NHKA 'n prioriteit is.

In die lig van die krisis waarin die kerk haarself bevind, en gedagtig aan die sentrale rol van predikante, moet die akademiese opleiding van die predikante aangepas en verbeter word. Die doelwit is om beter kerkleiers op te lei (Dreyer, 2011:91). Uit studies is dit egter duidelik dat beter teologiese opleiding nie noodwendig vooruitgang beteken nie, dit dra eerder by tot verdere agteruitgang. Niemandt (2007:40) verwys na die verslag van *Hartford Institute of Religious Research* oor die akademiese kwalifikasies van 'n predikant. Dit dui aan dat beter kwalifikasies in baie gevalle groei beperk. Dreyer (2011:115) meen die huidige teologiese opleiding blyk ontoereikend en ontoepaslik te wees. Studente word opgelei vir 'n kerkbegrip wat uitgedien is en 'n bediening wat moeilik volhoubaar is. "Simply being skilled at caring for people once they come to the church is not sufficient for engaging the changing context in which a congregation finds itself" (Roxburgh & Romanuk, 2006:13). Die probleem lê daarin dat kerkleiers opgelei word vir 'n kerk wat nie meer *werk* nie. McNeal (2003:121-2) gee 'n verduideliking: "Because we are training mechanics to work on machinery of the church industry when we need a new engine."

Die uitdaging is nie 'n beter bediening nie, maar 'n ander tipe bediening. Die antwoord lê daarom nie in beter predikante nie, maar in ander tipe kerkleiers. Die navorsingsprobleem is dat die NHKA nie net daarop moet fokus om predikante akademies beter op te lei nie, maar eerder daarop moet fokus om die hele teologiese opleiding te heroriënteer aan die hand van 'n ander verstaan van die kerk – dus 'n ander tipe opleiding wat die vorming van missionale leiers ondersteun.

1.3 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag kan as volg geformuleer word: Hoe kan teologiese opleiding lyk wat 'n missionale ekklesiologie en missionale leierskapsontwikkeling in die NHKA steun?

- 1) Wat is 'n missionale ekklesiologie?
- 2) Wat is die belang van 'n missionale ekklesiologie vir die NHKA?
- 3) Wat is die belang van teologiese opleiding in die ontwikkeling van missionale leiers (predikante)?
- 4) Hoe kan 'n missionale teologiese opleiding lyk?

- 5) Hoe kan die NHKA haar opleiding aanpas en/of verander?

1.4 Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsdoelwitte vir hierdie studie is as volg:

- 1) om 'n missionale ekklesiologie te beskryf
- 2) om die belang van 'n missionale ekklesiologie vir die NHKA te beskryf
- 3) om die belang van teologiese opleiding in die ontwikkeling van missionale leiers (predikante) te beskryf
- 4) om 'n moontlike missionale teologiese opleiding te beskryf
- 5) om die metodes waarop die NHKA teologiese opleiding kan aanpas en/of verander, te beskryf

1.5 Metodologie

Hierdie navorsing sal geskied in die vorm van 'n literatuurstudie, asook 'n gevallestudie.

1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie word gekenmerk deur die gebruik van bestaande materiaal en 'n refleksie daarop, indirekte kontak met die navorsingsobjek en om die bestaande materiaal te benader vanuit 'n nuwe perspektief (Verschuren & Doorewaard, 2010:194). Aangesien 'n literatuurstudie afhanklik is van die bestaande literatuur van spesialiste op elke vakgebied, kan daar deur middel van hierdie navorsingsmetode die nuutste teorieë oor 'n onderwerp vasgestel en saamgevat word (Verschuren & Doorewaard, 2010:195).

1.5.2 Gevallestudie

'n Gevallestudie word gekenmerk deur 'n klein en afgebakende ondersoek, intensiewe data wat versamel word, 'n selektiewe en strategiese geval wat ondersoek word, 'n holistiese benadering, 'n oop observasie en kwalitatiewe data en navorsingsmetodes wat gebruik word (Verschuren & Doorewaard, 2010:178). 'n Gevallestudie is 'n navorsingsmetode waarin die navorser probeer om diepgaande en volle insig in een of meer objekte of prosesse wat aan tyd en plek gebonde is, te verkry (Verschuren & Doorewaard, 2010:178).

Hierdie navorsing se gevallestudie is Springdale College in West Yorkshire in die Verenigde Nasies (VN) se opleidingskursusse en -metodes. Springdale College beskou hulleself as die missionale kollege van die VN. Die kerke in die Verenigde Nasies en die res van Europa ervaar dieselfde krisis in terme van lidmaatgetalle wat afneem en die verlies van 'n invloedryke rol soos in Suid-Afrika. "Over the last 50 years Europe has dramatically abandoned the Christian story which formed and founded European culture" (Springdale College, n.d.). Hierdie nuwe konteks laat hulle met dieselfde vrae en uitdagings as die tradisionele gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika. Springdale College meen dat hierdie nuwe konteks vra vir 'n nuwe siening oor die kerk, dus ook nuwe tipe leiers met 'n ander verstaan van wat dit beteken om te lei, en dan ook nuwe vorme van opleiding (Springdale College, n.d.).

Met hierdie gevallestudie word daar gepoog om te kyk na die ooreenkomste en verskille tussen die opleiding van Springdale College en die opleiding aan die Universiteit van Pretoria vir studente van die NHKA. Uit die ondersoek van hierdie ooreenkomste en verskille kan daar dan gevolgtrekkings en moontlike voorstelle vir 'n missionale teologiese opleiding vir die NHKA gemaak word.

1.6 Afbakening

Hierdie studie vind binne die vakgebied Sendingwetenskap plaas, met 'n spesifieke fokus op ekklesiologie. Hierdie studie werk met 'n missionale ekklesiologie en gaan van die veronderstelling uit dat ekklesiologie inherent missionaal is.

Die navorsing fokus op die teologiese opleiding van die NHKA in die lig van 'n missionale ekklesiologie. Daar word spesifiek gekyk na die opleidingskursus en -metodes van die Universiteit van Pretoria, die HTK en die rol van die Kuratorium in die opleiding van studente van die NHKA.

1.7 Navorsingsontwerp

Die hoofstukke word as volg ingedeel:

Hoofstuk 1 – Inleiding

In hierdie hoofstuk word die beoogde studie uiteengesit. Dit word gedoen aan die hand van 'n algemene oriëntasie, 'n navorsingsprobleem, navorsingsvraag, navorsingsdoelwitte, metodologie en afbakening.

Hoofstuk 2 – 'n Missionale ekklesiologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

In hierdie hoofstuk word twee navorsingsvrae ondersoek. Eerstens word gevra wat 'n missionale ekklesiologie is. Hierdie vraag word beantwoord deur te kyk na verskeie teoloë se verstaan van ekklesiologie, bv. D. J. Bosch en C. van Gelder, asook 'n uitspraak wat by die Lausanne Covenant (1974) gemaak is.

Na 'n kort en samevattende beskrywing van wat 'n missionale ekklesiologie impliseer, word die tweede vraag beantwoord: Wat is die belang van 'n missionale ekklesiologie vir die NHKA? Hierdie tweede vraag word beantwoord deur ondersoek in te stel na die ontwikkelinge in die NHKA vanaf die negentigerjare van die vorige eeu tot op hede. 'n Reeks hervormde teoloë se bydraes word bespreek, sowel as die Nasionale Colloquium in 2006 en die afgelope drie Algemene Kerkvergaderings.

Hierdie hoofstuk bied belangrike agtergrondinligting en gee 'n oorsig van die reis waarop die NHKA tans is wat ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees betref.

Hoofstuk 3 – Teologiese opleiding

In hierdie hoofstuk word die derde navorsingsvraag ondersoek: Wat is die belang van teologiese opleiding in die ontwikkeling van missionale leiers (predikante)? Eerstens word gekyk na die belang van teologiese opleiding en daarna word die huidige teologiese opleiding van die NHKA ondersoek en krities evalueer. Hierdeur word vasgestel of die NHKA se teologiese opleiding geskik is vir die vorming van missionale leiers.

Hoofstuk 4 – Gevallestudie: Springdale College

In hierdie hoofstuk word die vraag oor hoe 'n missionale teologiese opleiding moontlik kan lyk, aangespreek. Dit word gedoen deur 'n enkele gevallestudie te ondersoek – Springdale College in Engeland. Hierdie kollege se teologiese opleiding, model en metodes word ondersoek as 'n voorbeeld van 'n missionale teologiese opleiding. Hierdeur word daar ook gepoog om voorstelle vir die NHKA se teologiese opleiding na vore te bring.

Hoofstuk 5 – Uitdagings en moontlikhede vir die teologiese opleiding van die NHKA

In hierdie hoofstuk word die laaste navorsingsvraag, naamlik die metodes waarop die NHKA haar teologiese opleiding kan aanpas en/of verander, beskryf. Metodologies behels dit die integrasie van die navorsingsbevindings.

Uit die navorser se persoonlike ervaring, die literatuurstudie wat gedoen is en die ondersoek van Springdale College het daar belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding na vore gekom. Dit word in hierdie hoofstuk verder ondersoek en aan die einde van elke

kenmerk word die uitdagings en moontlikhede vir die NHKA se teologiese opleiding bespreek.

Hoofstuk 6 – Slotopmerkings

In hierdie hoofstuk word 'n paar slotopmerkings gemaak na afloop van die studie om vas te stel hoe 'n teologiese opleiding kan lyk wat 'n missionale ekklesiologie en missionale leierskapsontwikkeling in die NHKA steun. Die bevindings wat aan die orde gestel word, is eerstens die beskouing van 'n krisistyd as 'n geleentheid. Daarna word vlugtig terugverwys na die belang van ander tipe leiers en dus ook 'n ander tipe opleiding vir ons tyd en konteks.

2 'n Missionale ekklesiologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word twee navorsingsvrae ondersoek. Eerstens word die vraag gevra wat 'n missionale ekklesiologie is. Hierdie vraag word beantwoord deur te kyk na verskeie teoloë se verstaan van ekklesiologie, bv. D. J. Bosch en C. van Gelder, asook 'n uitspraak wat by die Lausanne Covenant (1974) gemaak is.

Na 'n kort en samevattende beskrywing van wat 'n missionale ekklesiologie impliseer, word die tweede vraag beantwoord, naamlik: Wat is die belang van 'n missionale ekklesiologie vir die NHKA? Hierdie tweede vraag word beantwoord deur ondersoek in te stel na die ontwikkelinge in die NHKA vanaf die negentigerjare van die vorige eeu tot op hede. 'n Reeks hervormde teoloë se bydraes word bespreek, sowel as die Nasionale Colloquium in 2006 en die afgelope drie Algemene Kerkvergaderings.

Hierdie hoofstuk bied belangrike agtergrondinligting en gee 'n oorsig van die reis waarop die NHKA tans is wat ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees betref.

2.2 'n Missionale ekklesiologie

Ekklesiologie behoort altyd terug te keer na die wese en roeping van die kerk. Van Gelder (2007:17) verduidelik dit so: Die kerk *is*, die kerk *doen* wat die kerk is, die kerk *organiseer* wat die kerk doen. Die volgorde van hierdie begrippe is baie belangrik. "Failing to understand the nature of the church can lead to a number of problems. Defining the church functionally – in terms of what it does – can shift our perspective away from understanding the church as a unique community of God's people" (Van Gelder, 2000:23).

Die wese en roeping van die kerk as God se unieke gemeenskap, is direk afhanklik van ons verstaan van God. God het die wêreld lief en wil die wêreld red van gebrokenheid. God die Vader stuur dus die Seun na die wêreld (Johannes 3:16), God die Vader en die Seun stuur dan die Heilige Gees na die wêreld (Handelinge 1:8; 2:4). Sending is primêr en uiteindelik die werk van die Triniteit ter wille van die wêreld (Bosch, 1991:392; Hooker, 2008:2; Van Gelder, 2007:18). Hierdie sturende liefde van God word omskryf met die term *missio Dei*, God se sending.

Die wese en roeping van die kerk vloei hieruit. “Die *missio ecclesiae* is onlosmaaklik verbonde aan die *missio Dei*” (Cordier, 2014:44). God die Vader, die Seun en die Heilige Gees stuur dan die kerk in die wêreld in. “God is besig in en met die wêreld en nooi mense om deel te wees van hierdie groot boodskap van liefde” (Niemandt, 2007:148). Die *missio Dei*, sending as ‘n aktiwiteit van God self, sluit nie die kerk uit nie, intendeel Kritzinger & Saayman (1994:41-42) reken sending is die rede vir die bestaan van die Kerk.

Ekklesiologie is dus inherent missionaal. Bender (2005:243) skryf oor Karl Barth se Ekklesiologie soos volg: “The Church is either a missionary Church or it is no church at all.” Van Ruler (1952:32) meen dat die apostolaat nie alleen die grondslag van die kerk is nie, maar ook die paradigma van die kerk, die *ekklesia* in geheel word beskou as missionaal. “The church is essentially missional. Mission is central, pivotal, and constitutive of its nature” (Hill, 2012:153). Volgens Van Gelder (2000:37-38) is ekklesiologie deur die geskiedenis missionaal:

To some extent, every historical ecclesiology has functioned as a missiological ecclesiology, even if it has not defined itself as such. There are not multiple missions of God. God is one. His mission in the world is one. The church’s understanding of its existence in the world, therefore, regardless of its presence in different contexts, should reflect an understanding of the mission of the Triune God. (Van Gelder, 2000)

‘n Missionale ekklesiologie gaan daarom oor meer as die kerk wat missionaal funksioneer of die missionale aspekte van die kerk. Die kerk se wese is sending en dit beteken nie dieselfde as die kerk se sendingtaak of sendingopdrag nie (Kraemer, 1960:126). ‘n Missionale ekklesiologie is ‘n bepaalde verstaan van die kerk. Bosch (1991:372) meen dit is eerder die kerk aan die werk as die werk van die kerk. “*Missio* (sending of gestuur-wees) is nie ‘n aktiwiteit van ‘n sekere groep of bediening binne die gemeente nie, maar omskryf wie die gemeente as geloofsgemeenskap is in die totaliteit van sy bestaan en bediening” (Cordier, 2014:44-45).

Daar is nie net een definisie vir ‘n missionale ekklesiologie nie. “Die saak waaroor dit gaan, is so dinamies en lê so diep in die hart van kerkwees, dat mens huiwerig is om sommer dadelik ‘n definisie van missionale kerk te gee” (Niemandt, 2013:20-21). ‘n Uitspraak wat by die Lausanne Covenant (1974) gemaak is, help wel met ‘n eenvoudige formulering van wat ‘n missionale ekklesiologie behels (in Wright, 2010:26): “World evangelization requires the whole church to take the whole Gospel to the whole world”. ‘n Missionale ekklesiologie gaan oor die hele kerk, wat die hele evangelie, na die hele wêreld uitdra. Dit is die hele kerk se verantwoordelikheid en dus elke gelowige se roeping. Die hele evangelie, die hele Woord van God, is belangrik. En die sturende liefde van God moet aan almal

in die wêreld, sonder onderskeid, bewys word. Om ware kerk te wees is om missionaal te wees. “So ‘n kerk se lewe word ingerig na die voorbeeld van God se beweging na die mensdom in Jesus Christus” (Niemandt, 2013:26). Dreyer sluit hierby aan: “...dit gaan om die oortuiging dat die liggaam van Christus in hierdie wêreld konkreet gestalte aanneem” (Dreyer, 2014:5).

Om dit te verwesenlik, “vra van ons eerlike gesprek en kritiese nadenke (ekkesiologie) oor die wese van die kerk (kerkbegrip) en hoe dit in die praktyk gestalte moet vind (kerkwees)” (Dreyer, 2014:5). In die NHKA is daar van die negentigerjare van die vorige eeu ‘n toenemende fokus op ekkesiologie. Daar het ‘n ongemak onder hervormde teoloë ontstaan oor die wese en roeping van die kerk en hoe dit gestalte vind. Volgende word daar gekyk na die ontwikkelinge in die NHKA en die implikasies daarvan.

2.3 Ontwikkelinge in die NHKA

Die vakgebied Ekkesiologie geniet die afgelope tyd wêreldwyd baie aandag, maar duidelik ook onder hervormde teoloë. Kärkkäinen (2002:7) meen ons beleef nou ‘n renaissance in pneumatologie en ekkesiologie. Dreyer (2011:128-129) noem redes vir hierdie verskynsel in die NHKA:

- Standpunte uit die ekumeniese beweging wat die tradisionele kerkbegrip van die NHKA uitdaag
- ‘n Worsteling met apostolaat en die roeping van die kerk
- Lidmaatgetalle wat skerp afneem en die kerke in Suid-Afrika wat hulle invloedryke rol in die gemeenskap verloor het

Die situasie waarin die NHKA haarself bevind, vra vir ‘n herontdekking van ekkesiologie. Dus moet die NHKA, om getrou te bly aan haar reformatoriese tradisie om voortdurend te reformeer, die wese en roeping van die kerk opnuut ontdek. Dit lei gevolglik tot verskeie navorsingstukke met hierdie vertrekpunt. G. C. Velthuysen is een van die eerste hervormde teoloë wat hieraan aandag gee en daarna is daar ‘n eksponensiële oplewering van artikels onder hervormde teoloë. Hierdie brandpunt lei ook tot die NHKA se eerste Nasionale Colloquium en ‘n menigte beskrywingspunte en verslae tydens die 68ste, 69ste en 70ste Algemene Kerkvergaderings.

Vervolgens word ‘n reeks hervormde teoloë se bydraes bespreek en dan ook die Nasionale Colloquium en Algemene Kerkvergaderings (AKV’s).

2.3.1 Hervormde teoloë

G. C. Velthuysen publiseer 'n artikel met die titel: 'Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag' (1988). Hierin poog hy om die essensie van die kerk te definieer. Vir hom hou dit direk verband met die feit dat die kerk aan die Here Jesus Christus behoort (Velthuysen, 1988:489). Die kerk moet voortdurend word wat dit in Christus is. Die gevolgtrekking van sy artikel wys dan op die dinamiese aard van die kerk (Velthuysen, 1988:512):

Verstarring, gearriveerdheid, selfvoldaanheid en onbuigsaamheid is dus uit. Die kerk sal steeds op pad wees – nie net op sy weg deur die wêreld nie – maar ook op pad na sy eie identiteit, 'n identiteit wat hy reeds het, as gawe van sy Heer, maar wat steeds moet realiseer. (Velthuysen, 1988)

Hierdie soeke na identiteit wys op die belang van ekklesiologie. Na Velthuysen het hierdie belangstelling in ekklesiologie al hoe meer toegeneem. Daar word selfs besluit dat 'n hele uitgawe van die Hervormde Teologiese Studies (HTS) aan ekklesiologie gewy sal word (Müller, 2012:17). Daarin verskyn artikels soos (HTS 51/3, 1995):

- 'Die kerk as gebeure: 'n Dogmatiese perspektief' (J. H. K. Koekemoer)
- 'Die kerk onderweg na die een en twintigste eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid-Afrika' (L. J. S. Steenkamp)
- 'Die historiese Jesus, die Jesus-beweging en die vorming van die kerk' (A. van Aarde)
- 'Nadenke oor die kerkbegrip: Enkele perspektiewe op grond van die Deuteronomistiese geskiedenis' (A. P. B. Breytenbach)
- 'Die kerk in die Nuwe Testament' (G. M. M. Pelser).

L. J. S. Steenkamp, voormalige direkteur van die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting, skryf 'n artikel oor die verandering wat moet plaasvind in die NHKA: 'Die kerk onderweg na die een en twintigste eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid-Afrika'. Steenkamp (1995:620) beklemtoon die belang van 'n missionale ekklesiologie: "...in lyn met ons teologiese tradisie moet ons daarop bedag wees om nie net na binne gerig te lewe nie, maar om baie meer aandag te gee aan die apostolêre gerigtheid van die kerk in 'n nuwe konteks." Sy artikel fokus op die *missio Dei* en God wat die kerk laat deelneem aan hierdie sending: "...ons moet ons nie terugtrek in ons huise en kerke nie, maar die lig vir die wêreld wees, waar ons erediensie, ons

gemeentelewe en ons teenwoordigheid midde-in die wêreld, soos 'n lamp op 'n berg skyn" (Steenkamp, 1995:620).

J. Buitendag, dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, professor in Dogmatiek en Christelike Etiek, asook voormalige voorsitter van die AKV, skryf 'n artikel met die titel '*Ecclesia reformata semper reformanda – die ongemaklike eis*' (2008). Die sogenaamde leuse van die reformasie dien as die artikel se vertrekpunt. "n Kerk kan nie stagneer nie, het nie gearriveer nie en spreek nooit die laaste woord nie" (Buitendag, 2008:123). Dit is belangrik om elke keer terug te gaan na die bronne. Buitendag (2008:123) noem dit die eintlike 'Bron' in die enkelvoud en met 'n hoofletter geskryf. Verder kyk hy na die 68ste AKV waar 'n reeks beskrywingspunte dan juis die NHKA se verstaan oor kerkwees uitdaag: "Die Hervormde Kerk se ekklesiologie is duidelik in die brandpunt" (Buitendag, 2008:133). Buitendag (2008:133) verduidelik sy verstaan van ekklesiologie aan die hand van hierdie vier eienskappe van die kerk: "Die *eenheid* van die kerk is nie staties nie, dit moet gebeur, dit is 'n gegewe maar tegelyk ook 'n eis; die *heiligheid* van die kerk kan nie verstaan word asof dit die kerk afsonder en isoleer nie, dit laat ons sry teen die sonde en verdeeldheid van hierdie wêreld; die *algemeenheid* van die kerk kan nie verstaan word asof dit niks met eenheid en kerk te doen het nie, dit voorkom selfgenoegsaamheid, oorstyg wêreldse grense en bind die plaaslike kerk aan die kerk van alle eeue; *apostoliteit* van die kerk kan nie verstaan word asof dit slegs 'n aparte taak is wat die kerk verrig nie, die sending van die kerk setel in die wese van God self en ons moet hiervan deel wees."

"Die NHKA verkeer wat sy ekklesiologie betref, tans in 'n sekere sin in 'n impasse" (Buitendag, 2008:124-215). Daar is duidelik van binne en buite die kerk 'n appèl op die NHKA gemaak om aan die reformatoriese eis om te bly hervorm, gehoor te gee. Daar is wel ook dié wat bloot wil aangaan soos wat die NHKA nog altyd het.

T. F. J. Dreyer, voormalige hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) en voormalige voorsitter van die AKV, lewer talle bydraes rakende die NHKA se ekklesiologie in ons veranderende tyd en konteks. "Die kerk sal die oorspronklike en ware karakter van kerkwees in hierdie nuwe konteks moet herontdek om steeds as kerk voort te bestaan" (Dreyer, 2009:2). Hy besef ook dat dit van die NHKA vra vir 'n "algehele en ingrypende heroriëntasie om as die teenkultuur of alternatiewe geloofsgemeenskap vir vandag te dien" (Dreyer, 2009:2).

J. C. van der Merwe, hoof van die HTK, skryf 'n artikel met die titel: 'Missionale gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Teologies verantwoord' (2011). Hierin noem hy dat die NHKA besef dat daar drastiese verandering nodig is. "Die NHKA besef dat krisistye radikale en kritiese denke verg en dit is bemoedigend" (Van der Merwe, 2011:8). Hierdie radikale denke, sê hy, is denke wat tot by die kern, of die wese, van die saak wil uitkom. Die NHKA besef dat 'n kerk wat

die apostolaat verwaarloos, die eer van God aantas en daarom nie in wese 'n kerk is nie (Van der Merwe, 2011:8). Van der Merwe se vertrekpunt is dus 'n missionale ekklesiologie. "Die NHKA het tot selfinsig gekom, die apostolaat is in die verlede belemmer deur 'n kerk wat oor die algemeen baie na binne gerig was" (Van der Merwe, 2011:8). Die NHKA wil verander, sy wil getrou wees aan haar roeping en by die *missio Dei* aansluit en in wese kerk wees en "...die doel van hierdie proses is om die gemeente in staat te stel om sekere paradigmatverskuiwings te maak ten einde 'n gesonde en doelgerigte gemeente in diens van die *missio Dei* te wees" (Van der Merwe, 2011:8). Die probleem wat Van der Merwe uitwys, is die groot gaping tussen die NHKA se teologie (en teorie) en hoe dit in die praktyk gestalte vind. "Tussen die gedefinieerde subjek en empiriese subjek kan daar dus op 'n bepaalde tyd en plek 'n groot kloof wees, soos wat dit inderdaad in baie gevalle in die NHKA die geval is" (Van der Merwe, 2011:9).

W. A. Dreyer, professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die AKV, voltooi 'n doktorsale proefskrif in Praktiese Teologie: 'Praktiese Ekklesiologie en Bedieningspraktyk met verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika' (2011). In hierdie proefskrif word 'n missionale ekklesiologie vanuit 'n hervormde perspektief ondersoek.

Dreyer erken in die eerste hoofstuk die krisis en die verleentheid van die kerk. "'n Krisis is egter nie net negatief nie. 'n Krisis kan ook dui op 'n *kairos* moment, 'n oomblik van waarheid" (Dreyer, 2011:7). Hy stel ondersoek in na die sisteemverhaal van die NHKA en bepaal dat dit oorheers word deur 'n volkskerklike kerkbegrip, 'n presbiteriaal-sinodale struktuur en pastorale bedieningspraktyk. "Dit lei tot sterk strukture, sentrale beheer en 'n institusionele benadering tot kerkwees" (Dreyer, 2011:182). Hy vind ook dat hierdie sisteemverhaal en bepaalde benadering tot kerkwees die NHKA verhoed om ware kerk te wees. Daar word gefokus op die instandhouding van strukture en nie op die kerk se wese en roeping nie. "Dit is na my mening 'n belangrike oorsaak van die NHKA se agteruitgang en onvermoë om by nuwe omstandighede aan te pas" (Dreyer, 2011:77).

Hierdie oomblik van waarheid vra dan na verandering, sodat die kerk kan word wat die kerk behoort te wees. "Dit impliseer 'n transformasie in denke, ons verstaan van kerkwees en bedieningspraktyk" (Dreyer, 2011:127). Dreyer (2011:171) kyk dan na die implikasies van 'n missionale ekklesiologie:

Missionale Ekklesiologie gaan om die roeping van die kerk. Dit gaan om kerkwees in die lig van die Woord en in gehoorsaamheid aan God. Missionale Ekklesiologie wil die kerklike praxis voortdurend transformeer: Daar moet beweeg word van 'n selfgesentreerde instandhoudingsmodel na 'n openheid vir die wêreld as deel van God se handeling met die

wêreld. Dit impliseer 'n voortdurende bekering, weg van die kerk se eie belang en oorlewing na die koninkryk van God. (Dreyer, 2011)

'n Missionale ekklesiologie help gemeentes om as kerk haar wese en roeping uit te leef. "'n Missionale bedieningspraktyk het sy vertrekpunt in 'n gemeente se gehoorsame luister na Christus se groot opdrag" (Dreyer, 2011:201). Dreyer wys ook dat die NHKA se denke en gesprekke reeds begin verander het. "Sedert 2007 het daar 'n kentering in die NHKA se verstaan van die apostolaat gekom" (Dreyer, 2011:200). Dit word uitgelig deur te verwys na die Notules van die 68ste en 69ste AKV. Die notules word later in die hoofstuk bespreek.

I. W. C. van Wyk lewer ook 'n kritiese artikel oor die NHKA se ekklesiologie: 'Die Hervormde Kerk: Soekend na 'n weg tussen ekklesiologiese verstarring en innovasie sonder tradisie' (2013). In sy artikel ondersoek hy die essensie van kerkwees waarnatoe teruggekeer kan word. "Ekklesiologiese besinnings is op hierdie stadium van die Kerk se geskiedenis baie belangrik" (Van Wyk, 2013:1). Hy pleit dat daar teruggekeer word na die ekklesiologie van die Vroeë Kerk en die Reformasie, "wat die NHKA as 'eklesiologiese tradisie' opgebou het, is té klein, onbenullig en selfs bedenklik. Ons sal moet hervorm – en dít beteken om die bronne van die tradisie waarop ons roem, te (her)ontdek. In hierdie proses sal ons gedwing word om krities oor ons eie doen en late te dink en om verruimend oor die weg die toekoms in te besin" (Van Wyk, 2013:1).

A. G. van Aarde skryf 'n artikel met die titel: "'n Postliberale perspektief op 'n ekklesiologiese modaliteit as 'n *ecclesiola* in *ecclesia* – heroriëntasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika' (2013). In sy artikel fokus Van Aarde op die belang van eenheid in die kerk en die gevaar van verskillende modaliteite. "Kerkwees in die Hervormde Kerk (NHKA) lyk nie oral eners nie. Daar is diversiteit in die kerk. Die evangelie vra egter 'n eenheid te midde van en ten spyte van diversiteit" (Van Aarde, 2013:4). Hy verwys ook na die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 2011 wat besluit het dat daar in die NHKA se ekklesiologie nie ruimte is vir modaliteite nie, "om modaliteite in die kerk te wil hê, is 'n poging om 'n volkskerkideologie te handhaaf" (Van Aarde, 2013:4).

2.3.2 Nasionale Colloquium en Algemene Kerkvergaderings van die NHKA

Die besprekings tydens die Nasionale Colloquium en die verslae en besluite van die Algemene Kerkvergaderings (AKV's) van die NHKA is van belang aangesien dit wys op die kollektiewe verstaan van kerkwees binne die NHKA. 'n Kort oorsig oor belangrike besluite in die onderskeie vergaderings wys ook op die NHKA se veranderende verstaan van kerkwees. Die bespreking van die Algemene Kerkvergaderings fokus op die NHKA se apostolaat, verband met ander kerke (ekumene) en die kerkorde.

Nasionale Colloquium (2006)

Hierdie byeenkoms van afgevaardigdes uit al die ringe het op 27-29 April 2006 plaasgevind. By die geleentheid het 160 lidmate en ampsdraers saam gesels oor die kerk. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Hervormde Kerk dat so 'n byeenkoms plaasgevind het (NHKA, 2006a).

'n Memorandum wat deur die Kommissie van die AKV opgestel is, 'Identiteit en relevansie van die NHKA aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika: 'n Selfverantwoording', is gebruik as vertrekpunt. Die gesprek oor die wese en roeping van die kerk het dus plaasgevind met die verstaan dat die kerk nie anders bestaan as konkreet in 'n baie bepaalde situasie nie (NHKA, 2006b). Die Colloquium het gefunksioneer in klein besprekingsgroepe wat gefokus het op roeping, kerk, teologie, wêreld, ander kerke, die Hervormde Kerk van Suidelike Afrika (HKSA) (nou die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)) en belydenis onderskeidelik (NHKA, 2006c).

Met die Colloquium is 'n daadwerklike poging aangewend om nie net die ampsdraers nie, maar die gemeentes saam te vat in die proses van bewusmaking en verandering. Dit word ook duidelik as gevolg van die pre-Colloquium en post-Colloquium kommunikasieplan wat saamgestel is.

Die Colloquium van 2006 het die gesprek oor die kerk momentum gegee en ook 'n uiters noodsaaklike rol gespeel in die voorbereiding van die 68ste AKV. Van die punte wat in die memorandum van die Kommissie van die AKV opgeneem is, word in 'n mediaverklaring (NHKA, 2006d) uitgelig: Die besef dat daar gekyk moet word na maniere waarop die NHKA en die HKSA nader aan mekaar kan beweeg. Die NHKA moet ook meer aktief ekumenies uitreik na ander kerke en besef dat die diversiteit van kerke, gemeentes en individue binne die totale kerk van Christus nie 'n bedreiging is nie, maar ook nie toegelaat mag word om die evangeliese eis van eenheid te ontspoor nie. Die kerk moet ook daadwerklik betrokke wees om die maatskaplike nood van mense binne en buite die kerk te help verlig. In die memorandum van die Kommissie van die AKV word die fokusverskuiwing verwoord. Die kerkbegrip van die NHKA skuif stelselmatig vanaf 'n kerk wat na binne gerig is en wat wentel rondom pastorale versorging en instandhouding, na 'n kerk wat na buite gerig is en die hele wêreld as verantwoordelikheid aanvaar.

68ste Algemene Kerkvergadering (2007)

Apostolaat

Die Raad vir Apostolaat lê 'n beskrywingspunt voor en dit word goedgekeur. Daar word na enkele gedeeltes verwys.

Onder die afdeling 'Gemeentes' word genoem dat die vergadering bevestig dat die apostolaat 'n integrale deel van gemeentelike bediening is en predikante en amptelike vergaderings behoort

genoeg tyd daaraan af te staan. Die vergadering moedig ook gemeentes aan om te begin met 'n proses van gemeenteontwikkeling, waarvan die missionêre gerigtheid 'n wesentliche deel is (NHKA, 2007:37). Onder die afdeling 'Opleiding' word genoem dat die vergadering die onderskeie opleidingsinstansies (UP, HTK en AIM) versoek om te sorg dat predikante die vermoë sal hê om in 'n postmoderne samelewing gemeentes te begelei om al meer missionêr gerig te leef (NHKA, 2007:37). Onder die afdeling 'Toerusting' word genoem dat predikante ampsdraers en lidmate moet toerus om missionêre werk te verrig. Ringsvergaderings en gemeentes bied aan die Raad vir Apostolaat geleentheid om te help met die toerusting van lidmate met betrekking tot die Kerk se apostolaat (NHKA, 2007:38). Onder die afdeling 'Kerkorde' stel die Raad voor dat die Kerkorde hersien word (NHKA, 2007:37).

Die missionale bewustheid van die NHKA is hier duidelik. Die beskrywingspunt stel dat die apostolaat 'n integrale deel van gemeentebediening behoort te wees. Predikante moet deur die onderskeie opleidingsinstansies voorberei word om dit te kan verwesenlik. Predikante moet dus in staat wees om die ampsdraers en lidmate toe te rus om meer missionaal gerig te wees. Daarby moet die kerkorde aangepas word om 'n meer missionale gerigtheid moontlik te maak.

Ekumene

Die 67ste AKV het besluit dat lidmaatskap verkry moet word by die World Alliance of Reformed Churches (WARC). Die WARC stel egter vereistes aan die NHKA wat lidmaatskap kompliseer. Hierdie vereistes is dat die NHKA amptelik Apartheid as sonde bely, dat daar strukturele eenwording met die MRCC plaasvind en dat daar afstand gedoen word van die volkskerkbegrip in die Kerkorde. Gevolglik word Beskrywingspunt 57, onder Raad vir Ekumene, nie aanvaar nie (NHKA, 2007:97):

LIDMAATSKAP BY EKUMENIESE LIGGAME

Die Kerk gaan voort met onderhandelinge ten einde lidmaatskap by die ekumeniese liggame soos die WARC en die SARK te verkry.

Die vereistes is nie haalbaar nie. Die kommissie van die AKV lê 'n beskrywingspunt voor waarin Apartheid verwerp word omdat dit in stryd is met die evangelie van Jesus Christus (NHKA, 2007:103-104). Die vergadering besluit dat die saak terugverwys word vir verdere studie. Die motivering is dat dit 'n politieke beleid is en dat die AKV dus nie 'n uitspraak daaroor hoef te maak nie.

Die gesprek oor die verhouding tussen die NHKA en die MRCC word voortgesit en die vereiste om struktureel een te word met die MRCC, word verder bespreek. Die AKV "...bevestig dat die eenheid tussen die NHKA en die MRCC, op grond van die eenheid in Jesus Christus, reeds bestaan" (NHKA,

2007:115). Die vergadering besluit om in gehoorsaamheid aan die evangelie die proses verder te neem. Daar word 'n opdrag aan die kommissie van die AKV gegee om verder te kyk na gestruktureerde samewerking sodat eenheid 'n meer sigbare gestalte kan kry (NHKA, 2007:116).

Ekumene is vir die NHKA 'n belangrike teologiese saak. Dit word gesien in Ordinansie 6 van die Kerkorde: "Die Kerk as verskyningsvorm van die een, heilige, algemene, Christelike Kerk neem deel aan die ekumene in die wêreld" (NHKA, 2013a:86). Dit is wel moeilik om dit in die praktyk te laat realiseer as dit nie op die NHKA se eie terme gebeur nie.

Kerkorde

Die Kommissie van die AKV lê 'n beskrywingspunt voor oor die wysiging van Ordereël 4. Dit kom neer op die verandering van die frase wat handel oor die volkskerkbegrip, met die volgende (NHKA, 2007:200): "Die Kerk is geroepe tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan alle mense".

Die beskrywingspunt word egter nie aanvaar nie. "Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem 'n komitee wat 'n memorandum voorberei vir die 69ste Algemene Kerkvergadering waarin die teologiese betekenis, veral ook die missionêre betekenis, van die begrip volkskerk verduidelik sal word" (NHKA, 2007:200).

Die term "volkskerk" het aanvanklik ontstaan om die apostolaat, soos dit destyds verstaan is, te bevorder. Tans bevorder dit egter die NHKA se na binne gerigtheid. Alhoewel die NHKA daarop wys dat dit 'n praktiese saak is, word die beginsel daarvan in die huidige kerkorde verskans deurdat dit nie by die praktiese maatreëls (ordinansies) gelys word nie, maar wel by die prinsipiële gedeeltes (ordereëls) (Buitendag, 2008:126).

Met betrekking tot die hersiening van die kerkorde, voorgestel deur die Raad vir Apostolaat, word 'n opdrag aan die kommissie van die AKV gegee om "... 'n komitee van deskundiges uit al die teologiese dissiplines te benoem om eers die ekklesiologiese kontoere te omlin waarbinne 'n Kerkorde geskryf kan word" (NHKA, 2007:196).

Die kerkorde is belangrik want, "in 'n kerkorde kry ons die kerk se verstaan van die kerk se wese en roeping in die wêreld, 'n bepaalde kerkbegrip" (Müller, 2012:16). 'n Kerkorde kan nie opgestel word sonder om op 'n kerkbegrip gebaseer te word nie (Van Wyk in Botha, 1995:753). Hierdie kerkbegrip spruit voort uit bepaalde teologiese nadenke oor kerkwees (eklesiologie). Koffeman (2009:11-12) stel dat kerkbegrip altyd gebou is op 'n teologiese beskouing van die kerk en dat kerkordes keuses moet uitoefen met betrekking tot die fundamentele ekklesiologiese vrae.

Dis belangrik om te noem dat die NHKA se kerkorde wat vir die eerste keer herskryf en goedgekeur is in 1997, sedert die 1951 Kerkwet, slegs tien jaar later wéér herskryf word. Daar is 'n duidelike ongemak rondom ekklesiologiese vrae in die NHKA.

Verder lê die Raad vir Regsadvies 'n beskrywingspunt voor oor die herbesinning oor die amp. Die beskrywingspunt word aanvaar (NHKA, 2007:198):

Die predikant en die apostolaatsopdrag

- 1) Die vergadering herbevestig die oortuiging dat missionêre arbeid 'n weselike deel van die taak van 'n predikant is.
- 2) Kerkrade sien toe dat elke predikant genoegsame tyd afstaan aan die apostolaatstaak.
- 3) Predikante besin en doen voortdurend navorsing oor die beste wyses om die Woord in die wêreld te verkondig.
- 4) Predikante rus lidmate voortdurend toe om geloofwaardige getuies van die evangelie in die wêreld te wees.
- 5) Die vergadering gee opdrag dat die Kerkorde sodanig verbeter word, dat die missionêre potensiaal van die Kerk, innoverend, maar verantwoordelik, ontsluit sal word.

Die apostolaatsopdrag word beskou as 'n weselike deel, maar terselfdertyd moet daar genoeg tyd daarvoor gemaak word. Dit blyk asof die NHKA nog in die proses is om die apostolaatsopdrag as weselik te verstaan en uit te leef, want dit word steeds meestal as 'n aparte taak hanteer.

69ste Algemene Kerkvergadering (2010)

Apostolaat

Die Raad vir Apostolaat gee terugvoer na die termyn se werksaamhede: "Die kommissie beseft dat die Kerk sy apostolaatsroeping moet uitleef, maar dit kom voor asof lidmate nie weet hoe nie en daarom moet die raad opnuut teologies oor die saak besin" (NHKA, 2010:247-248).

Die probleem waarna hier verwys word, kan gedeeltelik verduidelik word deur die feit dat die kerkorde slegs 2 van 114 bladsye aan die apostolaat wy (Dreyer, 2011:147). Die spanning tussen teorie en praktyk kan moontlik aangespreek word deur die verstaan van kerkwees en die apostolaatsroeping beter en as weselik deel te verwoord en nie slegs te impliseer nie.

Die Raad se verslag poog om die verstaan van ons apostolaatsroeping beter uit te druk. Die verslag word ingelei deur te stel dat 'n kerk wat die apostolaat verwaarloos, nie 'n kerk genoem kan word nie (NHKA, 2010:248). "Enige gesprek oor die apostolaat is ten diepste 'n teologiese gesprek

oor die wese en roeping van die Kerk” (NHKA, 2010:349). Die Kerk se roeping en opdrag (NHKA, 2010:250):

In die kerkorde in Ordereël 5:

Die Kerk is geroep om die blye boodskap van verlossing deur die Drie-enige God in die wêreld aan alle mense te verkondig.

Hierdie verkondigingstaak neem verskillende gestaltes aan.

In Ordinansie 5.7.7(i):

Dit is die werk van die hele Kerk; van elke lidmaat en elke ampsdraer. Die Kerk aanvaar kollektief verantwoordelikheid vir die verkondiging van die evangelie, ongeag watter gestalte dit mag aanneem.

In Matteus 28:

Jesus Christus stuur sy Kerk na die wêreld om die evangelie te verkondig en van mense Sy dissipels te maak.

Gevolgtrek is hervorming, getrou aan 'n Bybels-Reformatoriese ekklesiologie, belangrik. “Indien die Kerk sy groeikrag wil herwin en nie meer in 'n verleentheid wil sit met die opdrag van die Here nie, is kerkhervorming nodig” (NHKA, 2010:254). Dit kom dan daarop neer dat daar in gemeentes 'n missionale lewenstyl sal ontwikkel (NHKA, 2010:255). Dit moenie verwar word met missionêr wat na buite gerig is in die sin van projekte en sendingwerk nie, maar missionaal is 'n “denk- en bestaanswyse waar die missionaat 'n integrale deel van 'n gemeente uitmaak. Dit dui dus allereers op 'n interne saak wat ten diepste met die spiritualiteit van lidmate en die gemeente te doen het, maar tweedens ook (vanselfsprekend) uitmond in diensbaarheid in die wêreld” (NHKA, 2010:255-256). Hierdie ontwikkeling van 'n missionale lewenstyl in gemeentes sal hulle in staat stel om hulle gestuurdheid uit te leef. Die riglyne wat by die 68ste AKV goedgekeur is sê juis dat die apostolaat op gemeentevlak gestalte moet vind (NHKA, 2010:258). Dus het die Kommissie van die AKV ook 'n Komitee vir Missionale Gemeentes aangewys wat pertinent moes fokus op die begeleiding van predikante en gemeentes om 'n missionale bediening te ontwikkel (NHKA, 2010:259). “Die raad het uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat die raad as diensverskaffer behoort op te tree, wat gemeentes, ampsdraers en lidmate kan help met die ontwikkeling van missionale bediening asook die opleiding van werkkragte” (NHKA, 2010:260). Die vergadering neem kennis van die verslae en die totstandkoming van die Sentrum vir Missionale bediening en die Raad vir Apostolaat word

versoek om voort te gaan met die werksaamhede (NHKA, 2010:269). Verder word gemeentes en ringskommissies aangemoedig om te bou aan die verhoudings met plaaslike MRCC-gemeentes in die lig van 'n missionale bediening (NHKA, 2010:270).

Dit is duidelik in die Raad vir Apostolaat se verslag dat daar meer en meer beweeg word na 'n missionale verstaan van kerkwees. Dit word ook praktiese uitgevoer deur die Komitee vir Missionale Gemeentes en die Sentrum vir Missionale bediening wat gemeentes kan begelei met die transformasieproses.

Ekumene

Die gesprek oor ekumene gaan voort. In 2009 het die WARC se Uitvoerende Komitee die NHKA besoek. Geen vordering is egter gemaak oor die kwessie van lidmaatskap nie (NHKA, 2010:318). Daar word wel besluit dat die NHKA steeds kontak met die WARC gaan hou totdat daar tot 'n vergelyk gekom kan word (NHKA, 2010:362).

Die Raad vir Ekumene se verslag stel dat die verhouding tussen die NHKA en MRCC deurlopend goed gehandhaaf word deur samewerking in die kantoor sowel as op sinodale vlak. Daar word ook verneem dat verskeie gemeentes van die NHKA saam met die plaaslike gemeentes van die MRCC werk, "...gesamentlike bestuur van projekte vind dikwels plaas en lei tot konstruktiewe verhoudings" (NHKA, 2010:320). Die Raad vir Ekumene bevestig weereens die belang van ekumene en die volgende beskrywingspunt word aanvaar (NHKA, 2010:320):

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bevestig op grond van die Skrif, die Belydenisskrifte en Kerkorde sy voortgesette deelname aan interkerklike gesprekke en ekumeniese organisasies, op plaaslike sowel as internasionale vlak.

Kerkorde

Die Kommissie van die AKV het die opdrag van die 68ste AKV uitgevoer en 'n memorandum saamgestel met die titel 'Enkele Ekklesiologiese Kontoere met die oog op die Herskryf van die Kerkorde'. Die memorandum fokus op metafore in die Nuwe Testament en soos die titel dit verwoord, word daar slegs gepoog om ekklesiologiese kontoere in plek te stel - "...hierdie Memorandum wil nie een "model" van kerkwees aanbied nie" (NHKA, 2010:552). Die metafore in die memorandum is saamgestel onder vier afdelings, nl.:

- Die Een God (Kerk as volk van God)
- God die Vader (Kerk as huisgesin van die Vader)

- God die Seun (Kerk as liggaam van Christus) en
- God die Heilige Gees (Kerk as gemeenskap van die Gees)

Teksgedeeltes word telkens aangehaal en interpreteer om die metafore toe te lig. Die memorandum is so saamgestel aangesien die verstaan van kerkwees iets wys van hoe God verstaan word. “Ons Godsbegrip is wesenlik bepalend vir ons Kerkbegrip. Daarom is die Memorandum aan die hand van die Drie-eenheid gestruktureer, in die oortuiging dat kerkwees Trinitaries begrond moet word” (NHKA, 2010:553). Hierdie Memorandum is dan saamgestel om as vertrekpunt te dien wanneer die proses vir ‘n nuwe kerkorde voortgaan. Daar word besluit dat die verkose komitee sy werk voortsit (NHKA, 2010:564).

“Die sistematiesing van Bybelse metafore help ons nie net om tot ‘n bepaalde verstaan van kerkwees te kom nie, maar dien ook as vertrekpunt om inhoud aan ‘n missionale bedieningspraktyk te gee” (Dreyer, 2011:204). Hierdie Memorandum kan dus help om ‘n missionêre gerigtheid in die kerkorde duidelik te maak.

Die wysiging van Ordereël 4, die verwydering van die volkskerkbegrip, waarteen die 68ste AKV besluit het, word verder ondersoek en die komitee wat benoem is, lê weer die beskrywingspunt voor. Daar is egter nie ‘n twee derde meerderheid verkry nie en dus bly die bewoording in die kerkorde dieselfde (NHKA, 2010:200).

70ste Algemene Kerkvergadering (2013)

Apostolaat

Die verslag van die Raad vir Apostolaat maak gebruik van ‘n boek van Hendrik Kraemer wat ‘n beskrywing probeer gee van die roeping van die kerk, ‘De Roeping der Kerk: Ten aanzien van de wêreld en van het Nederlandse volk’ (1945). Die komitee maak hiervan gebruik as gevolg van die ooreenkomste tussen die NHKA se tyd en konteks en die kerk in Nederland net na die Tweede Wêreldoorlog. Dit is vir beide ‘n tydperk van opbou en herbesinning. ‘n Belangrike uitspraak oor die wese en roeping van die kerk is dat dit direk verbind word aan die gesprek oor en met God. “Ekklesiologie begin by God, nie by die kerk nie. Die roeping van die kerk is nie 'n gesprek oor die kerk nie, maar 'n gesprek oor die opdrag wat God sy kerk gee” (NHKA, 2013b:311). Die verslag sluit ook aan by Barth se teologie - “...vir Barth is die Koninkryk van God gemoed met gemeenskap en volgens Barth is die kerk die gemeenskap deur God uitverkies om die doel van die koninkryk te verwesenlik” (NHKA, 2013b:312). “Die kerk word nie geroep om noodwendig iets te doen nie, maar om iets te wees: Die gemeenskap van gelowiges wat hulle band met God beleef en uitdrukking aan gee en wil deel met die ganse wêreld” (NHKA, 2013b:312). Hiermee begin hulle om ‘n missionale

ekkesiologie te verwoord: “Missionale ekkesiologie beklemtoon die kerk se gehoorsaam volg op die roepstem van God om deel te wees van God se plan (*missio Dei*) met die wêreld” (NHKA, 2013b:313-314). Die verslag word afgesluit deur ‘n erkenning dat die missionaat van groot en ernstige belang is, maar nie die enigste elemente van kerkwees is nie.

Die Raad vir Apostolaat maak ‘n voorstel dat daar naas die amp van predikant, ouderling en diaken ook ‘n amp van evangelis gebruik word (NHKA, 2013b:321). Hierdie persoon sal teologies opgelei word (minstens diploma in teologie) met die werksopdrag om missionêre werk in gemeentes te doen (NHKA, 2013b:321). Die vergadering besluit dat die Raad vir Apostolaat die ondersoek moet herevalueer en opneem in die agenda van die 71ste AKV (NHKA, 2013b:322).

Die Sentrum vir Missionale Bediening, by die vorige AKV gestig en goedgekeur, se werksaamhede kan kortliks genoem word (NHKA, 2013b:325):

- ‘n Reeks kursusse met die tema ‘Fasiliterende Leierskap’ is vir predikante aangebied.
- Die Komitee vir Missionale Bediening is aangewys en hierdie lede het by talle gemeentes prosesse begelei.
- Praktykvorming van studente, Voortgesette Teologiese Toerusting van predikante en openbare lesings het ‘n sterk missionale onderbou gekry.

Wat navorsing onder hervormde teoloë betref, is daar ‘n menigte wetenskaplike artikels wat handel oor missionale kerkwees gepubliseer (NHKA, 2013b:327). Verskeie van die artikels is reeds bespreek.

Ekklesiologie, en spesifiek ‘n missionale ekkesiologie, het ‘n ernstige besprekingspunt onder hervormde teoloë geword. Daar is opnuut ‘n hunkering om by die ware wese en roeping van kerkwees uit te kom. Alhoewel ‘n missionale ekkesiologie in die NHKA nog baie teoreties is, word daar meer en meer dinge in plek gesit om dit te laat realiseer.

Ekumene

Die Raad vir Ekumene lê weereens die beskrywingspunt voor oor lidmaatskap van die WARC (nou die World Communion of Reformed Churches (WCRC)) en dit word aanvaar (NHKA, 2013b:263):

LIDMAATSKAP BY DIE WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES

- Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika doen onverwyld by die World Communion of Reformed Churches om lidmaatskap aansoek.

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang opdrag om die saak af te handel.

Kerkorde

Die wysiging van Ordereël 4 word weer bespreek. Twee Ringe vra dat die laaste paragraaf wat handel oor “volkskerk” uit die Kerkorde verwyder word (Ring van Johannesburg, Beskrywingspunt 62 (NHKA, 2013b:402); Ring van Wes-Kaapland, Beskrywingspunt 63 (NHKA, 2013b:405)). Die vergadering neem kennis hiervan en die Kommissie van die AKV kry opdrag om hierdie beskrywingspunte in die Kerk te sirkuleer met die oog op kommentaar en besluitneming tydens die 71ste AKV of buitengewone AKV (NHKA, 2013b:406).

In die verslag van die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkorde word menigte wysigings voorgestel. Die Komitee is van mening dat kerkordelike maatreëls nooit rigied en onveranderbaar is nie, “...dit hou verband met die teologiese onderbou van die reformatoriese kerkreg wat eie is aan die Kerk en funksioneer op die Skrif as primêre bron van die kerkreg en verder omlyn word deur die belydenisskrifte van die Kerk as die manier hoe die Kerk homself verstaan en as 'n poging om die wesenlike uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof en Heer van die kerk is, in die kerklike lewe te vergestalt” (NHKA, 2013b:541).

Die wysigings van die kerkorde wat aanvaar is, gaan hoofsaaklik oor die begrip “standplaas”. Die doel hiermee is om weg te beweeg van ‘n instandhoudingsmodel in die NHKA. Die term “standplaas” word telkens vervang met “dienswerk”, “gemeente” of “predikant” afhangende van die konteks. ‘n Paar beskrywingspunte dien as voorbeeld.

In Beskrywingspunt 79 word Ordinansie 2.1.2. gewysig. “Predikantstandplaas: 'n Standplaas is die gemeentelike werkruimte waar die dienswerk van 'n predikant verrig word”, word vervang met, “Dienswerk van predikante in gemeentes: Die dienswerk van die predikant vind binne 'n gemeentelike werkruimte van die Kerk plaas” (NHKA, 2013b:545-546). Die term “standplaas” word ook vervang met “dienswerk” in Beskrywingspunt 83 en 97.

In die volgende beskrywingspunt, Beskrywingspunt 80, word die term “standplaas” heeltemal weggelaat uit Ordinansie 2.1.3. (i) (NHKA, 2013b:550). Die term “standplaas” word ook weggelaat in Beskrywingspunt 89.

Die term “standplaas” word met “gemeente” vervang in Beskrywingspunt 82, Ordinansie 2.1.3 wat gaan oor standplaasverwisseling (NHKA, 2013b:551-552). Die term “standplaas” word ook vervang met “gemeente” in Beskrywingspunt 87, 88, 90, 94, 95, 105 en 109.

Beskrywingspunt 93 se wysiging (Ordinansie 2.1.16.3) oor geëmeriteerde predikante vervang “pastorale hulp” met “deeltydse bediening” en met “ampswerk” (NHKA, 2013b:564-565).

In Beskrywingspunt 107 (Ordinansie 4.6.1) wat gaan oor kombinasies van gemeentes, word die term “predikantstandplaas” vervang met “predikant” (NHKA, 2013b:576). Die term “predikantstandplaas” word ook vervang met “predikant” in Beskrywingspunt 110 en 112.

Die wysiging van Ordinansie 4 word nie weer hanteer nie. Daar word wel ‘n ordinansie bygesit (NHKA, 2013b:575-576):

BESKRYWINGSPUNT 106: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE
FORMULERING VAN 'N NUWE ORDINANSIE 4.1

Die huidige Ordinansie 4.1 verander na 4.2 en die nommering word verder aangepas. 'n Nuwe Ordinansie 4.1 word geformuleer wat soos volg lui:

4.1 'n Gemeente

- (i) handhaaf die eenheid van geloof en belydenis met ander gemeentes van die Kerk.
- (ii) verbreek nie die eenheid met die ander gemeentes van die Kerk nie.
- (iii) kan, met goedkeuring van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 'n eiesoortige gemeente van die Kerk wees.

Die laaste beskrywingspunt gaan oor die kontinuering van die herskrywing van die kerkorde. Die besluit word goedgekeur (NHKA, 2013b:592-593).

Hierdie wysigings wys op ‘n veranderende verstaan van kerkwees. “Standplaas” gaan gepaard met ‘n institusionele benadering tot kerkwees. ‘n Standplaas word gevul en fokus op die instandhouding van ‘n gemeente. Om dit te vervang met terme soos “dienswerk”, “gemeente” en “bediening”, verskuif die fokus na ‘n nuwe benadering tot kerkwees. Dit is deel van die proses om die kerkorde meer missionaal gerig te kry.

2.4 Gevolgtrekking

Die hoofstuk begin met ‘n algemene beskrywing van ‘n missionale ekklesiologie en beantwoord so die eerste navorsingsvraag: Wat is ‘n missionale ekklesiologie? Ekklesiologie word verduidelik as inherent missionaal. Die wese en roeping van die kerk is om aan te sluit by die *missio Dei*, God se sending. ‘n Missionale ekklesiologie kan dus kortliks saamgevat word as die hele kerk, wat die hele evangelie, na die hele wêreld uitdra. Dit is die hele kerk se verantwoordelikheid en dus elke gelowige se roeping. Die hele evangelie, die hele Woord van God, is belangrik. En die sturende liefde van God moet aan almal in die wêreld sonder onderskeid bewys word. Om ware kerk te wees is om missionaal te wees.

Daarna verskuif die fokus na die ontwikkelinge in die NHKA om die tweede navorsingsvraag te beantwoord: Wat is die belang van 'n missionale ekklesiologie vir die NHKA? Die ontwikkelinge in die NHKA wys duidelik op 'n dramatiese verandering in denke. Daar is tans 'n heersende missionale ekklesiologie in die NHKA. Dit is wel nog in die beginfase en hoofsaaklik teoreties. In die verlede het die NHKA 'n bepaalde verstaan oor apostolaat gehad wat nie vereenselwig kan word met 'n missionale ekklesiologie nie en dit is moeilik om volkome daarvan weg te breek.

'n Missionale ekklesiologie in die NHKA het begin ontwikkel met die navorsingstukke van hervormde teoloë vanaf die negentigerjare van die vorige eeu. Die Nasionale Colloquium in 2006 was 'n belangrike mylpaal, aangesien dit nie net ampsdraers nie, maar ook lidmate, deel gemaak het van die gesprek. Die verloop van die afgelope drie Algemene Kerkvergaderings wys ook op die stelselmatige bou aan 'n missionale ekklesiologie binne die NHKA. Die apostolaat word tans as wesenlik aan kerkwees verstaan en nie meer as 'n aparte taak nie. Die ekumene het al hoe meer sigbare gestalte verkry en tans is die NHKA weer lid van die WCRC. Die kerkorde word voortdurend onder die vergrootglas geplaas en geëvalueer om 'n meer missionale gerigtheid te verkry.

Die NHKA is wel nog *op pad*. Soos reeds gestel, is die missionale ekklesiologie nog baie teoreties en dit is 'n worsteling om dit prakties te laat vorm aanneem. Die bagasie van die verlede staan in die NHKA se pad. Een voorbeeld is die volkskerkbegrip wat steeds in die kerkorde verskyn. Dit bevorder 'n kerk wat na binne gerig lewe.

“Wanneer mens se siening van wat die kerk is verander, verander die manier van doen en ook die wyse van organisasie” (Niemandt, 2013:40). 'n Missionale ekklesiologie het dus bepaalde implikasies en stel die NHKA voor 'n groot uitdaging. “It is this nature of the church that serves as the foundation for understanding the ministry of the church...” (Van Gelder, 2000:140). Vanuit hierdie verstaan van kerkwees moet die NHKA haar bediening herevalueer en transformeer.

Die NHKA funksioneer tans aan die hand van die tradisionele Presibiteriale-sinodale kerkbegrip waar die amp van die predikant 'n sentrale en invloedryke rol het. Hierdie navorsing ondersoek daarom die amp van predikant as die beginpunt vir transformasie in die NHKA. “A genuine re-missionalization of the church will never happen until Christian leaders stop defending the status quo, examine the source of their own resistance, and start allowing, encouraging, wrestling with, and responding to confronting questions” (Hill, 2012:264). Die leierskap in die NHKA moet transformeer. Die NHKA moet dus die opleiding van haar leiers herevalueer. In die volgende hoofstuk word teologiese opleiding ondersoek.

3 Teologiese opleiding

3.1 Inleiding

Die NHKA streef na 'n missionale ekklesiologie. Om dit te verwesenlik moet teologiese opleiding van so aard wees dat missionale leiers vir die kerk gevorm word. Missionale leiers moet oor ander kapasiteite beskik as dit wat tans deur opleidingsinstansies ontwikkel word. Daarom moet teologiese opleiding evalueer word. "The first step in this direction should be to place God again at the center of what is happening in theological education. By being God-centered theological education should also focus on God's purposes and God's mission. Thus, theological education must be missional" (REC, 2005:63). Die NHKA moet haar teologiese opleiding onder die loep plaas.

In hierdie hoofstuk word die derde navorsingsvraag ondersoek: Wat is die belang van teologiese opleiding in die ontwikkeling van missionale leiers (predikante)? Eerstens word gekyk na die belang van teologiese opleiding en daarna word die huidige teologiese opleiding van die NHKA ondersoek en krities evalueer. Hierdeur word vasgestel of die NHKA se teologiese opleiding geskik is vir die vorming van missionale leiers.

3.2 Die belang van teologiese opleiding

Opleiding is belangrik. Die belang van gekwalifiseerde en opgeleide leiers is duidelik as daar gekyk word na die sorg en aandag waarmee Jesus die twaalf apostels uitgesoek en voorberei het (Van Gelder, 2000:181). Jesus het persoonlik leiers opgelei en die karaktereenskappe en vaardighede aan hulle oorgedra wat hulle weer aan ander moes oordra (REC, 2005:49). Teologiese opleiding is dus belangrik, maar teologiese opleiding is nie selfstandig nie en staan in 'n belangrike verhouding met kerkwees, die einddoel van teologiese opleiding. Kerkwees is om God se missionale gemeenskap te wees (Roxburgh & Romanuk, 2006:xv). Wanneer teologiese opleiding voeling verloor met kerkwees, raak dit irrelevant.

Daar is 'n kritiese dialoog wat tussen teorie en praktyk moet plaasvind. Bosch (1991:497) verwys na hierdie dialoog – teks en konteks bly geskei van mekaar, maar in 'n dinamiese verhouding met ewe veel klem op elkeen. Missiologie, of teologie, se taak is nie net pragmaties van aard en om die sendingbedryf in stand te hou nie, missiologie het 'n verantwoordelikheid teenoor die missionale praktyk (Bosch, 1991:497). So ook het die missionale praktyk 'n verantwoordelikheid teenoor teologiese opleiding. Teologiese opleiding en die praktyk van missionale kerkwees kan nie as aparte begrippe bespreek word nie. Volgens De Gruchy is teologiese opleiding en die missionale praktyk

interafhanklik: “The practice of mission engages with theological education in a dialogical manner” (De Gruchy, 2010:42). Hierdie dialoog is nie opsioneel nie, dit dra by tot relevante teologiese opleiding en missionale kerkwees wat Skriftelik gegrond is. Guder reageer op De Gruchy se navorsing en beaam die belang van hierdie dialoog: “It is crucial for all theological formation that it be intentionally engaged in and defined by this dialogue” (Guder, 2010:51). Banks (1999, 131-32) stel dit as volg:

Theological education is a dimension of mission and has a vital missiological content; it is an aspect of the teaching ministry of the church involving specialized testimony to the kingdom. It fulfills this educational service of the faith by (i) forming character, abilities, and thought, (ii) informing mind, praxis, and contemplation, and (iii) transforming values, people, and communities... Only by maintaining its close link with mission will it remain relevant to changing circumstances, and hold true to the missionary impulse that gave rise to the church and theology. (Banks, 1999)

Teologiese opleiding is nie ‘n einddoel opsigself nie en wanneer dit kontak verloor met die praktyk, is dit ontoepaslik en tevergeefs. Die praktyk van missionale kerkwees dra by tot sinvolle teologiese opleiding. De Gruchy (2010:43-46) noem vier belangrike redes waarom missionale praxis nodig is vir teologiese opleiding:

- 1) Missionale kerkwees rig teologiese opleiding se fokus op die wêreld – die kerk se bestaan is direk afhanklik van wat God besig is om te doen in die wêreld.
- 2) Missionale kerkwees gee ‘n sin van doel of rigting vir ‘n betrokkenheid by die wêreld – die *missio Dei* bepaal waarmee die kerk besig is.
- 3) Missionale kerkwees is ‘n geleentheid om te leer en te ervaar – die wêreld het meer nodig as toegepaste teologie.
- 4) Missionale kerkwees vra dat teologiese opleiding doelbewus interdisiplinêr moet wees – ‘n verstaan van die wêreld is net so belangrik soos ‘n verstaan van die Bybel, tradisie, belydenisse en liturgie.

Aan die ander kant is teologiese opleiding ook van kardinale belang vir die praktyk. De Gruchy (2010:46-50) noem vier redes waarom teologiese opleiding belangrik is vir missionale kerkwees en gevolglik ook vir missionale leiers:

- 1) Teologiese opleiding bied 'n geleentheid vir voortdurende refleksie – 'n raamwerk waarmee die missionale kerkwees geëvalueer kan word.
- 2) Teologiese opleiding help om die rolspelers in missionale kerkwees reg te verstaan – God speel die primêre rol en die kerk reageer slegs op wat God in die wêreld doen.
- 3) Die koloniale missionêre erfenis word gedekonstrueer – 'n bestudering en bewustheid van hierdie geskiedenis dra by tot 'n kreatiewe rekonstruksie in 'n post-koloniale era.
- 4) Teologiese opleiding as missionale kerkwees – dit dien as 'n belangrike ruimte vir nuwe insigte en nuwe moontlikhede vir die wêreld waarin die kerk vandag geroep is om te dien.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat teologiese opleiding baie belangrik is. Teologiese opleiding alleen is egter nie genoeg nie en staan in hierdie noodsaaklike dialoog. Aangesien teologiese opleiding leiers ontwikkel vir die kerk, moet daar voortdurend aandag gegee word aan hierdie verhouding tussen opleiding en die kerk. "It seems there is a huge gap between theological training institutions and the church. This is a gap in expectations and perceptions of training needs and what effective and relevant training is" (REC, 2005:54-55). Hierdie gaping moet aangespreek word. Teologiese opleiding moet opnuut ondersoek word in die lig van 'n missionale ekklesiologie sodat leiers ontwikkel kan word wat in vandag se konteks die missionale werklikheid van kerkwees kan laat realiseer. 'n Verslag aan die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) noem dat teologiese opleiding hernu en herstruktureer moet word sodat dit sal help om Christelike leiers te ontwikkel wat sekere kapasiteite sal ontwikkel en vertoon, leiers wat (REC, 2005:55):

- ontwikkel tot diensbare leiers en wat leierskap so beoefen.
- 'n nuwe verstaan het van die kerk en die priesterskap van alle gelowiges, en hulle rol in die toerusting van God se mense vir bediening.
- verskeie vaardighede aanleer en beoefen van belang vir die bediening vandag.
- transformasie-leiers is en aanhou leer deur refleksie en so hulleself en hulle spanne transformeer.
- hulle karakters ontwikkel om meer soos Christus te wees.

Daar kan dus nie afstand gedoen word van 'n formele teologiese opleiding nie. Teologiese opleiding is van kardinale belang vir die vorming van missionale leiers. Daar moet wel gelet word op die rol wat beide teologiese opleiding en missionale kerkwees speel in die vorming van leiers. 'n Teologiese opleiding wat nie in voeling met kerkwees is nie, is irrelevant en nie meer in staat om

missionale leiers te vorm nie. Teologiese opleiding moet opnuut ondersoek word in die lig van 'n missionale ekklesiologie. "We urge that institutions and programmes of theological education conduct a 'missional audit' of their curricula, structures and ethos, to ensure that they truly serve the needs and opportunities facing the Church in their cultures" (Lausanne III, 2011:46).

Vervolgens word daar dan ondersoek ingestel na die huidige teologiese opleiding van die NHKA. Hierdie opleiding word oorsigtelik bespreek en dan krities evalueer aan die hand van 'n missionale ekklesiologie.

3.3 Huidige teologiese opleiding van die NHKA

Teologiese opleiding is 'n saak van groot erns vir die NHKA. "In die Calvinistiese kerke wat uit die Kerkhervorming van die sestiende eeu voort gekom het, was die deeglike opleiding van bekwame dienaars van die Woord van die begin af 'n saak van groot gewig" (Pont, 1992:253). Gevolglik was die teologiese opleiding van predikante in die NHKA nog altyd van hoë akademiese standaard. "...the high academic standard that had been maintained from the outset, was a guarantee of continued quality" (Van der Merwe, 2008:47).

Die huidige teologiese opleiding van predikante in die NHKA is die verantwoordelikheid van die Kuratorium en die Hervormde Teologiese Kollege, in samewerking met die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

3.3.1 Kuratorium

Die funksie van die Kuratorium is om toesig te hou oor die teologiese opleiding van die NHKA. Die werkopdrag van die Kuratorium is onder andere om dosente te benoem, toe te sien dat studente aan die vereistes voldoen om tot opleiding toegelaat te word en om opsig te hou oor die onderrig deur teologiese dosente en oor die vordering en gedrag van teologiese studente (NHKA, 2013a:9-10). Enige iemand wat 'n predikant in die NHKA wil word, moet dus voor die aanvang van studies eers skriftelik aansoek doen en deur die Kuratorium gekeur word.

3.3.2 Fakulteit Teologie – Universiteit van Pretoria

Reeds in 1916 is daar besluit dat die Transvaalse Universiteit 'n Teologiese Fakulteit gaan begin en die Kuratorium van die NHKA het onderhandel om by die fakulteit aan te sluit. "Op 1 April 1917 het die groot oomblik vir die Nederduitsch Hervormde Kerk aangebreek toe die Fakulteit met sy werksaamhede kon begin" (Pont, 1992:259). Daar is van die begin af klem daarop gelê dat opleiding nie by 'n kweekskool moes plaasvind nie (NHKA, 1986:68). Studies vind dus plaas aan die

Universiteit van Pretoria oor 'n tydperk van ses jaar waarin 'n BTh- sowel as 'n MDiv-grad verwerf moet word.

Die BTh-grad bestaan uit 'n kursus wat die volgende dissiplines insluit (University of Pretoria Undergraduate Faculty Brochure Theology 2014/15): Ou Testament Studies, Nuwe Testament Studies, Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Godsdienst- en Sendingwetenskap, Dogmatiek en Christelike Etiek en Praktiese Teologie. Om die kursus te slaag word daar ook twee jaar Antieke Tale, Grieks en Hebreeus, vereis wat by die Fakulteit Geesteswetenskappe geneem word (NHKA, 2013b:140-141). Teologiese opleiding is baie belangrik, onderrig van die Bybel en die dogma van die kerk, en ook kennis van die grondtale, Grieks en Hebreeus (Van Wyk, 1991:69).

Die kurrikulum vir studente van die NHKA bestaan uit die volgende modules (NHKA, 2013b:140-143):

BTh 1

HEB 110 Hebreeus

HEB 120 Hebreeus

GRK 110 Grieks

GRK 120 Grieks

BYA 110 Ou Testament: Bybel en Bybelse Agtergronde

BYA 120 Nuwe Testament: Bybel en Bybelse Agtergronde

TEO 101 Dogmatiek en Kerkgeskiedenis: Teologiese Oriëntasie

TEO 102 Godsdienst- en Sendingwetenskap en Praktiese Teologie: Teologiese Oriëntasie

Nie-teologiese vak: byvoorbeeld Filosofie, Sielkunde, Sosiologie, Geskiedenis, Afrikaans

ALL 120 Akademiese Taalvaardigheid

AIM 110 Rekenaarvaardigheid

BTh 2

HEB 210 Hebreeus

HEB 220 Hebreeus

GRK 210 Grieks

GRK 220 Grieks

OTW 110 Narratiewe

NTW 120 Inleiding in die Nuwe Testament

CHS 110 Vroeë kerk

DCE 120 Inleiding in Dogmatiek en Christelike Etiek

PTH 110 Jeugbediening en Christelike Opvoeding
GSW 120 Inleiding in Godsdienst- en Sendingwetenskap

BTh 3

OTW 311 Metodiek van eksegeese
OTW 321 Poëtiese en Profetiese Literatuur
NTW 311 Studie van Johannes
NTW 321 Studie van Lukas en Handeling
DCE 210 Antropologie, Christologie en Soteriologie
DCE 220 Skrifgesag en Skrifgebruik
CHS 210 Reformasie en Postreformasie
CHS 220 Moderne kerkgeskiedenis
PTH 210 Pastorale sorg in konteks
PTH 220 Prediking en erediens
GSW 210 Seleksie van sleutelbegrippe en -temas
GSW 220 Christelike godsdienst in Derde Wêreld
PFN 310 Praktijkvorming (Chemiese afhanklikheid)

BTh 4

OTW 410 Deuteronomis
OTW 420 Profete, Kronis, Wysheid, Apokaliptiek
OTW 322 Teologie van die Ou Testament
NTW 410 Paulusstudies
NTW 420 Deutero-Pauliniese geskrifte
NTW 322 Teologie en etiek
DCE 310 Sosiale etiek, ekklesiologie en eskatologie
DCE 320 Kontemporêre strominge in die Sistematiese Teologie
DCE 321 Kontemporêre vraagstukke in die Sistematiese Teologie
CHS 310 Afrika en Suid-Afrika
CHS 320 Kerkreg
CHS 321 Afrika en Suid-Afrika
PTH 310 Diakonaat en gemeenskapsontwikkeling
PTH 320 Pastorale beraad
GSW 320 In gesprek met wêreldgodsdienste

GSW 321 Missionale ekklesiologie in eietydse konteks

PFN 410 Praktykvorming (Chemiese afhanklikheid)

OST 410 Onafhanklike Studie

Die MDiv-graad is 'n meestersgraadprogram wat fokus op gevorderde teologiese kennis en praktiese vaardighede vir die bediening. Hierdie program word aangebied in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege.

3.3.3 Hervormde Teologiese Kollege (HTK)

Die Hervormde Teologiese Kollege is tans by die Universiteit van Pretoria geakkrediteer en so voldoen dit aan die kerk se ideaal dat opleiding by 'n universiteit en nie 'n kweekskool nie, moet plaasvind, terwyl die kerk se unieke etos steeds behoue bly (NHKA, 2013b:122). Die HTK bied dus kerkspesifieke modules aan, buite-kurrikulêre programme vanaf die derde studiejaar, met 'n fokus op die bedieningspraktyk van die NHKA. Hierdie praktykvorming vind binne vier periodes op 'n Woensdag plaas. Die modules word as volg opgedeel (NHKA, 2013b:123-125):

DKB 300 (derde jaar)

DKB 311 – Gesinsbediening in die NHKA

DKB 332 – Ondersteuningsraad

DKB 343 – Diakonaat in die praktyk

DKB 344 – Bybelkennis en vaardigheid (Ou Testament)

DKB 354 – Klaspreke

DKB 400 (vierde jaar)

DKB 411 – Bedieningspraktyk in die NHKA

DKB 421 – Bybelkennis en vaardigheid (Nuwe Testament)

DKB 432 – Bedieningspraktyk: Teks na preek

DKB 442 – Belydenisskrifte

DKB 453 – Bedieningspraktyk: Huisbesoek

DKB 463 – Bybelkennis en vaardigheid (Ou Testament)

DKB 474 – Bedieningspraktyk: Jeugbediening

DKB 484 – Klaspreke

DKB 500 (vyfde jaar)

DKB 511 – Preekstrategie
DKB 512 – Spiritualiteitsvorming
DKB 532 – Preekvoorbereiding (Klaspreek)
DKB 541 – Kerkreg
DKB 542 – Liturgiese praktyk
DKB 553 – Pastorale berading
DKB 574 – Kerklied in die erediens
DKB 584 – Klaspreke

DKB 600 (sesde jaar)

DKB 611 – Kerklied in praktyk
DKB 612 – Praktiese Afrikaans
DKB 621 – Sendingpraktyk: Verhouding tussen NHKA en MRCC
DKB 632 – Missionaat
DKB 643 – Visuele verkondiging
DKB 663 – Kerkhervorming: toe en nou
DKB 674 – Gemeentebou en kerkbestuur
DKB 684 – Klaspreke

Naas hierdie modules is daar ook addisionele praktykvorming wat vir die vierde en vyfde jaarstudente op 'n Vrydag aangebied word. “Hierdie modules het ten doel om aspekte van die Praktiese Teologie wat nie aan die orde kom nie, te hanteer” (NHKA, 2013b:125). Die modules word as volg saamgestel (NHKA, 2013b:125-126):

BTh 4

Module 1 – Teologie vir die pastoraat en basiese gesprekvaardighede
Module 2 – Siekepastoraat
Module 3 – Sterwensorg en Rousmart
Module 4 – Bejaardesorg

MDiv 1

Module 1 – Traumaberading
Module 2 – HIV/Vigs
Module 3 – Pastoraat in gemeentekonteks

Module 4 – Fasiliterende leierskap

Daar word ook van studente verwag om praktiese werk (DKB 700) in gemeentes te doen (NHKA, 2013b:126). Aanvanklik het studente hierdie praktiese werk binne 3 maande aan die einde van hulle studies afgehandel. Vanaf 2012 is studente egter tydens die finale jaar van studies voltyds betrokke in gemeentes waar die praktiese werk gedoen word. Die predikante van daardie gemeentes tree dan ook as mentors vir die studente op (NHKA, 2013b:126). Die praktiese werk wat studente in gemeentes moet doen, sluit in (HTK, 2015:2):

- ses eredienste lei
- twee wyke saam met die predikant huisbesoek doen
- een jeugbyeenkoms beplan en lei
- twee kategeeselesse waarneem
- een kerkraadsvergadering/ ouderlingvergadering/ diakensvergadering bywoon
- een finansiële kommissievergadering bywoon
- insit by die beplanning van 'n jaarprogram
- insit by die beplanning van 'n begroting
- huweliksbevestiging en begrafnis bywoon
- siekepastoraat meemaak en self behartig
- besoeke by bejaardes aflê
- Bybelstudiegeleentheid bywoon en een aanbied
- insit by huwelikskategese en berading
- insit by kerkraadskategese
- insit by huweliks- en doopkategese

Tydens die finale jaar word daar verder werksessies aangebied, indienspraktykopleiding, waarin die volgende aspekte behandel word (NHKA, 2013b:126-127):

- lewensverryking
- kerklike leierskap
- samestelling, bevoegdheid en funksionering van ouderlinge-, kerkraads-, gemeente-, rings- en Algemene Kerkvergadering, Predikantstandplaas
- die diakonaat en diakonale vergaderings

- die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, funksionering op plaaslike- streeks- en hoofbestuursvlak
- argief en museum
- finansiële bestuur en kerklike administrasie (administrateur en personeel)
- groeievaluasie – praktiese werk in gemeentes
- SA Bybelgenootskap
- radiobediening

Die HTK is ook verantwoordelik vir die aanbieding van die modules TEO 871, 872, 873 en die koördinerings van die skripsies. Die MDiv 2 jaar (finale jaar van studies) bestaan dus uit 'n program wat die praktykvormingmodules, die skedulering van die skripsies en die TEO-modules integreer (NHKA, 2013b:127).

Die NHKA (n.d.) se veronderstelling is dat hierdie program vir kerkele praktykvorming lei tot 'n Diploma in Kerklike Bediening wat, saam met die vereiste akademiese kwalifikasies, ook 'n voorwaarde is vir toelating tot die proponentseksamen. Die HTK is ook verantwoordelik vir die bevordering van 'n gesonde spiritualiteit en die kerklike etos van die NHKA onder die studente deur middel van kerkspesifieke modules en 'n dosentevoogstelsel, asook Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) van predikante deur die aanbieding van jaarlikse toerustingkursusse (NHKA n.d.). Daar is gevolglik maandeliks een voogperiode en een godsdiensterperiode vir die NHKA se studente en predikante is verplig om jaarliks die Voortgesette Teologiese Toerusting by te woon (NHKA, 2013b:127).

Na die afloop van studies word 'n proponentseksamen afgelê wat bestaan uit 'n proefpreek en 'n mondelinge eksaminering (NHKA, 2013a:10-11). Die kandidate wat hierin slaag, moet dan deur die Kommissie van die AKV goedgekeur word voor hulle toegelaat word tot die evangeliebediening en beroepbaar gestel word (NHKA, 2013a:13). 'n Proponent, wat nog nie in 'n gemeente bevestig is nie, het nie die voorreg om die sakramente te bedien, ampsdraers te bevestig, openbare belydenis van geloof af te neem, vergaderings van die ampte te lei en die seën uit te spreek nie (NHKA, 2013a:14).

Hiermee dan 'n oorsig van die NHKA se teologiese opleiding en word daar nou oorgegaan na 'n kritiese evaluasie.

3.4 'n Kritiese evaluasie

In die lig van 'n missionale ekklesiologie en met die oog op die vorming van missionale leiers moet daar bepaalde kapasiteite in leiers ontwikkel word. Opvoedkundiges verwys na drie areas van

opleiding, naamlik die kognitiewe – om te ken of weet, vaardighede – om iets te kan doen en emosionele – waardes, ‘wie jy is’ (Houston, 2013:111). In die NHKA word daar sterk klem gelê op die akademiese opleiding, die kognitiewe ontwikkeling van predikante, terwyl die ander areas min aandag geniet. Met hierdie kritiese evaluasie word daar gepoog om die leemtes in die NHKA se teologiese opleiding vas te stel. Daar word gekyk na die erfenis van die Christendom en die Modernisme, die kurrikulum, die opleidingsmodel, sowel as die verband tussen die kerk en universiteit en die konsep van geordenheid.

3.4.1 Erfenis van die Christendom en Modernisme

Teologiese opleiding, soos dit vandag in die NHKA gestalte vind, het ontstaan in die era van die Modernisme en Christendom en is steeds in hierdie paradigmas vasgevang. “A theological curriculum that has been developed in centuries of Christendom is not likely to change overnight” (Paas, 2011:126). Houston (2013:108) noem ook dat teologiese opleiding moeilik aanpas by verandering, want die organisasies is omslagtig, kompleks en tradisievas. Teologiese opleiding bestaan hoofsaaklik uit ’n kurrikulum wat fokus op die verlede en is nie in staat om verandering te hanteer nie. Predikante word nie opgelei om die huidige tendense te analiseer of die toekoms te onderskei nie (Houston, 2013:108). Postmoderniteit is ’n onvermydelike uitvloeisel van die hedendaagse wêreld. “It is nothing less than a particular way of experiencing, interpreting, and being in the world...” (Harvey in REC, 2005:43). Dit is die irrasionele rasioneel waarom die hedendaagse wêreld wentel. ’n Era van sosiale media, internet magnate, *YouTube*, *Facebook* en *Twitter*. Dit is die wêreld waarin die kerk haarself nou reeds bevind – dit is die *Zeitgeist* waarbinne die evangelie gestalte moet vind. “The post-modern condition is inescapable... To dismiss it is irresponsible; it requires careful study, observation and a profound critical theological engagement” (REC, 2005:42). Die NHKA kan dus nie blindelings voortgaan nie en moet haar teologiese opleiding krities en voortdurend evalueer.

Die paradigmas van die Christendom en die Modernisme, waarin die NHKA se teologiese opleiding steeds tot ’n groot mate vasgevang is, veroorsaak eerstens ’n inwaartse oriëntasie. Paas (2011:126) verwys daarna dat meeste teologiese dosente opgelei is binne die Christendom paradigma, dus het hulle baie ondervinding in prediking vir Christene, pastorale werk, kerkpolitiek en dies meer, maar baie min ondervinding in sosiale geregtigheid en kreatiewe evangelisasie. “As a consequence, they speak with confidence about matters that concern the inner life of the church and hesitantly, abstractly and without much inspirational force about mission” (Paas, 2011:126). Hierdie gebrek aan persoonlike ondervinding van missionale kerkwees het ’n groot invloed op die opleiding wat dosente aanbied en gevolglik die studente se verstaan van kerkwees. Die idee

ontstaan dat leiers slegs herders behoort te wees vir bestaande gemeentes – leiers word nie voorberei om buite hulle gemaksones gerek te word nie (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:2). Binne die raamwerk van 'n missionale ekklesiologie moet teologiese opleiding heroriënteer word om die hele wêreld as fokusarea in te sluit.

As gevolg van hierdie paradigmas is daar ook 'n sterk klem op akademie en kwalifikasies. Met die NHKA se aansluiting by die Transvaalse Universiteit in 1916 word daar gewys op die begeerte om predikante wetenskaplik te laat vorm (Koekemoer, 1996:191). Ons geloofstradisie sluit aan by die wetenskapsbeoefening van die Modernisme, waarde word geheg aan die rasonele en logiese verduideliking van geloofswaarhede in uitgebreide geloofsbelydenisse en die sentrale plek van prediking (Niemandt, 2007:20).

As a result of those centuries of institutional and disciplinary development, theological education within its boundaries of Christendom became a vast intellectual and cultural complex that comprises an incredible variety of institutions of learning, libraries, scholarly guilds, academic standards and expectations, and diverse ways of relating to the churches it is allegedly supposed to serve... (Guder, 2010:51).

Gevolglik is die belangrikste voorvereiste vir toelating tot die bediening in die NHKA om 'n reeks akademiese kwalifikasies te verwerf. 'n Verslag aan die GER verwys na die probleem wat ontstaan as die akademie oorbeklemtoon word (REC, 2005:58):

The issue of character and spiritual formation has recently become very prominent in consultation, conferences, publications and discussions in theological education... Almost consistently leadership problems can be traced back to problems in this area. Problems in ministry in many cases can be traced back not to lack or ineffective use of ministry skills, but to spirituality, relational and character issues. (REC, 2005)

Binne die raamwerk van 'n missionale ekklesiologie moet die voorvereistes vir missionale leiers verder strek as akademiese opleiding, want die holistiese vormingsproses van missionale leiers is belangrik. Dit sluit spirituele ontwikkeling, die vorming van karaktereienskappe en praktiese vaardighede in.

3.4.2 Kurrikulum

Die algemeen aanvaarde viervoudige kurrikulum het oor die eeue vorm aangeneem en bestaan uit Bybelse studies, kerkgeskiedenis, sistematiese teologie en praktiese teologie. Hierdie raamwerk vir teologiese opleiding is uitgevoer na die res van die wêreld met die uitbreiding van die missionêre beweging in die negentiende en twintigste eeu en onkrities aangeneem en plaaslik geïmplementeer (McCoy, 2013:523). Bosch (1991:490) stel dat hierdie raamwerk as onaantasbaar beskou was, missiologie het op die meeste as 'n onderafdeling van praktiese teologie gefunksioneer. In 'n reaksie op die kwessies wat deur die buitelandse sendingbeweging geopper is, word missiologie in die 19de eeu as 'n volwaardige dissipline tot die teologiese kurrikulum gevoeg, maar dit bly steeds 'n afsonderlike en gemarginaliseerde dissipline binne die teologiese kanon (Guder, 2010:52).

In die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria verkry sendingwetenskap in die 1950's amptelik status en die belang van die dissipline neem vinnig toe (Van der Merwe & Crafford, 1992:359). Praktiese teologie is eers in 1968 as volwaardige dissipline tot die NHKA se teologiese kurrikulum gevoeg (Dreyer, 1992:428). Die teologiese kurrikulum het ontstaan in die era van die Christendom en sending was nie beskou as wesenlik deel van die kerk nie, missiologie was daarom 'n opsionele ekstra. 'n Wetenskaplike teologiese opleiding was die oogmerk met gevolglik min plek vir praktiese teologie. Missiologie, of godsdiens- en sendingwetenskap en praktiese teologie funksioneer vandag as volwaardige dissiplines in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Dit is duidelik dat die NHKA hierdie dissiplines belangrik ag, veral met die HTK se praktykvorming modules en verpligte VTT's. Dit veronderstel egter nie 'n teologiese kurrikulum wat missionaal is nie.

Die heersende missionale ekklesiologie in die huidige tradisioneel gereformeerde kerke laat diepgaande implikasies vir die teologiese kurrikulum. Alhoewel dissiplines al baie aangepas en verander is, was daar nooit opnuut gedink oor die teologiese kurrikulum in terme van die missionale identiteit van die kerk nie (Paas, 2011:125-126). 'n Missionale ekklesiologie veronderstel dat die onderwerp van alle teologie missionaal is. "The missional curriculum should envisage the characteristics of missional ecclesiology" (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:5). Bosch (1991:494) stel dit as volg:

It is not a case of theology occupying itself with the missionary enterprise as and when it seems to it appropriate to do so; it is rather a case of mission being that subject with which theology is to deal. (Bosch, 1991)

Die onderskeie dissiplines binne die teologiese kurrikulum het elkeen 'n lang ontstaansgeskiedenis en funksioneer onafhanklik van mekaar. Elkeen vorm 'n aparte departement in die fakulteit (Houston, 2013:113). Elkeen behoort wel dieselfde vertrekpunt en dieselfde einddoel te hê. Du Preez, Hendriks en Carl (2014:3) noem dat missionaal wees verstaan moet word deur die lens van die *missio Dei* en hulle stel voor dat dit as raamwerk dien vir 'n gesonde kurrikulum. 'n Gesonde teologiese kurrikulum se vertrekpunt is die *missio Dei* en die einddoel is om daarby aan te sluit. Bosch (1991:494-495) pleit daarom dat missiologie al die ander dissiplines moet deurdring, maar ook 'n belangrike dimensionele aspek vir teologie moet bied. Die dimensionele aspek help om teologie se oriëntasie tot die wêreld uit te lig en missiologie bied iets waarteenoor ander dissiplines kan reflekteer. Hy stel daarom voor dat missiologie geïntegreer moet wees met al die ander dissiplines, maar ook as 'n aparte vakgebied hanteer moet word om 'n kritiese afstand te behou, wat dan ook ander perspektiewe op die teologiese opdrag kan bied (McCoy, 2013:523-524).

Al die teologiese dissiplines moet bymekaar aansluit, maar ook by sogenaamde sekulêre dissiplines (Houston, 2013:114). Alle dissiplines wat met gemeenskapsontwikkeling te doen het, moet deel wees van die teologiese kurrikula (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:1). "In the ministry life comes as an organic whole and not as discreet packages of 'Old Testament' or 'Systematic Theology'..." (Houston, 2013:114).

Daar moet opnuut na die teologiese kurrikulum gekyk word. Dit is nie 'n kwessie van klein veranderings of aanpassings of nuwe materiaal wat voorgeskryf moet word nie. Die kurrikulum moet heeltemal herevalueer en herontwerp word in die lig van 'n missionale ekklesiologie. Dit moet byvoorbeeld ook die ander aspekte van 'n student se vorming insluit, naamlik emosionele vorming en die ontwikkeling van vaardighede. "Little research and work has been done to guide theological lecturers as curriculum developers of the theological institutions and to do so within a missional framework" (Du Preez, Hendriks & Carl (2014:7).

3.4.3 Opleidingsmodel

Die NHKA se opleiding vind hoofsaaklik in die vorm van formele klasbywoning plaas. Hierdie opleidingsmodel versoorsoak 'n groot gaping tussen teorie en praktyk. "The organisation of the curriculum reinforces this problem, since our theological education is focused on books and classroom work" (Paas, 2011:126). Praktiese werk en ondervinding maak 'n klein gedeelte uit van die NHKA se teologiese kurrikulum. Tot en met 2012 was daar van studente verwag om aan die einde van hulle 6de studiejaar vir slegs 3 maande praktiese werk in 'n gemeente te verrig. Vanaf 2013 behels feitlik die volledige sesde studiejaar praktiese werk. Dit vorm egter steeds 'n klein

gedeelte van die kurrikulum en geskied aan die einde van 'n student se opleiding. Praktiese werk en ervaring van studente word veronderstel en maak nie verder deel uit van die kurrikulum nie.

Teoretiese opleiding moet met praktiese werk geïntegreer word. Die gaping tussen teorie en praktyk moet so oorbrug word (REC, 2005:56). Daar is reeds gewys op die belangrike dialoog wat tussen teorie en praktyk moet plaasvind en die belang van die praktyk vir 'n relevante teologiese opleiding. Vir die vorming van missionale leiers is die praktiese aspek van teologiese opleiding dus onontbeerlik. Praktiese ondervinding is 'n leerproses opsigself, maar dien ook as 'n verwysingspunt vir refleksie binne die klaskamer. Teoretiese opleiding sonder praktiese ondervinding veroorsaak 'n leë en arm opleidingsproses. Paas (2011:127) stel dat ons maniere moet vind om missionaal te wees in 'n post-Christenheid, 'n post-missionêre konteks vol onsekerhede, daarom moet ons opnuut kyk na huidige programme van teologiese opleiding.

Die konsep van indiensopleiding is belangrik. "Too much seminary training is classroom or library bound, safely removed from real life" (Houston, 2013:114). Teoretiese opleiding alleen berei nie leiers voor vir die bediening nie. Aan die ander kant rus opleiding wat ook binne die praktyk geskied studente toe deur die ondervinding wat opgedoen word en die ontwikkeling van vaardighede. Studente moet eerder toegerus word vir die vinnig veranderende wêreld deur lewenslange studente op te lei wat verantwoordelikheid neem vir hulle eie opleiding, wat hulle eie vrae vra en wat antwoorde by primêre en sekondêre bronne gaan soek, en dosente moet eerder die leerproses van studente fasiliteer as slegs kennis oordra (Houston, 2013:110). "Die samelewing van vandag eis eenvoudig van die professionele persoon om al lerend by te bly by nuwe insigte en ontwikkelinge op wetenskaplike terrein en veranderende faktore binne die sosio-ekonomiese omgewing" (Steenkamp, 1992:465). In 'n verslag aan die GER word hierdie punt ook gemaak (REC, 2005:56):

...Christian leaders must become life-long learners; life-long learners who can "think on their feet," analyze, understand and see the interconnections between various complex systems. They must become flexible and creative. They must become critical thinkers and reflective practitioners. Theological education should intentionally equip them with the necessary skills and attitudes to be such. What is important is not for students to learn huge amounts of knowledge, but to learn how to learn: where to get the information they will need, how to analyze, assess and identify the relevant and important information, how to comprehend it, how to integrate it into their practice, apply and use it. (REC, 2005)

Nuwe modelle van opleiding moet ondersoek word, veral die moontlikheid van indiensopleiding. Die NHKA se huidige model lei goeie teoloë op, maar nie noodwendig goeie leiers vir die kerk nie.

“That the system has in fact produced many outstanding pastors and theologians is a cause for deep gratitude; but it has often happened despite the formal education process, rather than because of it” (McCoy, 2013:524-525).

3.4.4 Kerk en universiteit

Die NHKA stel akademiese opleiding aan 'n universiteit hoog op prys. Dit word ook gesien in die klem op verdere studies en navorsing wat gedoen word (Dreyer, 2011:91). Dit maak nie saak hoe belangrik akademiese navorsing is nie, dit mag nooit die hoogste prioriteit wees van opleidingsinstansies nie, dit lei tot 'n akademiese godsdienst wat 'n struikelblok is vir die missionale groei van die kerk (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:2). Teologiese opleiding se verband met die kerk kompeteer met die vereistes van die sekulêre akademiese instansies, en die akademie wen (Guder, 2010:51). Dit word ook daarin gesien dat die belangrikste voorvereistes vir toelating tot die bediening die akademiese kwalifikasies is. McCoy (2013:524) stel:

In theory (and too often in practice) a student could complete a theology diploma or degree, and satisfy the requirements for ordination, with little or no direct personal experience of ministry and mission, and few demonstrable skills in Christian leadership. (McCoy, 2013)

Van Gelder (2000:182) stel:

The Bible assumes church leaders will be credentialed in some formal manner. This credentialing does not confer spiritual empowerment. Spiritual empowerment is a function of spiritual fruit being mature and spiritual gifts being developed. Credentialing is a formal confirmation that such fruit and gifts are already present. It is critical to keep this relationship in the proper order. There is always a danger of the formal role displacing proper emphasis on fruit and gifts. The church must develop and employ processes that safeguard the proper order. (Van Gelder, 2000)

'n Aanhoudende dialoog tussen die kerk en universiteit is belangrik. Daar ontstaan 'n probleem wanneer die kursusinhoud voeling verloor met die behoeftes van geloofsgemeenskappe en dan kerkleiers oplewer wat nie die nodige kapasiteite het om in hulle gemeenskappe effektief te bedien nie (Houston, 2013:110). Die plek waar leiers vir die kerk opgelei word, kan nie koud en klinies wees nie. Die plek self bied belangrike vormingsgeleenthede vir studente. “The ethos of an educational

institution should create an atmosphere for growth in godliness and the development of missional compassion and vision” (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:2).

Op die ou end is die vraag of die universiteit of die kerk of dalk beide verantwoordelik is vir teologiese opleiding. Akademiese kwalifikasies kan nooit die hoogste of enigste voorvereiste wees vir leiers van die kerk nie. Kwalifikasies alleen speel nie die grootste rol in die vorming van missionale gemeentes nie.

3.4.5 Geordendheid

Die NHKA se teologiese opleiding fokus slegs op die opleiding van predikante met die einddoel om georden te word en dan te bedien in ‘n gemeente. Min tot geen opleiding word aangebied vir die ‘gewone lidmaat’. Teologiese opleiding is vasgevang in die kerklike paradigma van voltydse, betaalde predikante (Houston, 2013:112). “Ultimately, leadership became defined not in terms of the service of gifts but in terms of salaried or non-salaried, ordained and unordained people” (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:6). Dit het veroorsaak dat predikante alleen verantwoordelikheid neem vir die bediening van ‘n gemeente. In tradisionele gemeentes, soos dié van die NHKA, kom die leierskap gewoonlik neer op ‘n enkele persoon – die predikant. Dit gebeur dan ook so dat alle gesag aan hierdie individu toevertrou word. Roxburgh en Romanuk (2006:12-13) verwys na die rol en verwagtings van tradisionele predikante:

- Predikante moet by elke vergadering of gebeurtenis teenwoordig wees om dit geldig te maak.
- Predikante moet mense in nood versorg, versorging deur ander word as tweedeklas beskou.
- Predikante het al die antwoorde en gee oplossings vir probleme.
- Predikante is “professionele” Christene.
- Predikante funksioneer as die primêre bestuurders en onderhouers van bedieninge.

“Teenoor die ampsdraers word die gewone lidmate as *onmondig* gesien” (Dreyer, 2011:88). Soos reeds genoem, kan selfs ‘n proponent na ses jaar se studies as hy/sy nog nie bevestig is nie, nie die voorreg geniet om die sakramente te bedien, ampsdraers te bevestig, openbare belydenis van geloof af te neem, vergaderings van die ampte te lei, en die seën uit te spreek nie. Dit is die eksklusiewe voorregte van geordendes.” “For almost nineteen centuries and in virtually all ecclesiastical traditions ministry has been understood almost exclusively in terms of the service of ordained ministers” (Bosch, 1991:467). Met ‘n bediening wat hoofsaaklik draai om geordende predikante, het

lidmate slegs passiewe ontvangers geraak en die kerk het verander in die verskaffer van godsdienstige verbruikersitems (Dreyer, 2011:120). Daar word 'n pertinente onderskeid gemaak tussen die geordende predikant en die gewone lidmaat. Predikante word beskou as sogenaamde professionele Christene (Roxburgh & Romanuk, 2006:12).

Hierdie tendens is 'n ernstige uitdaging vir die NHKA en haar strewe na 'n missionale ekklesiologie. Die funksie of rol van die gewone lidmaat moet herontdek word. "The priesthood of all believers was starting point of the Reformation and became the most neglected aspect in four centuries of Reformed conceptualization of the church and its ministries" (REC, 2005:2). Dreyer (2011:88) sluit hierby aan: "Die opvatting dat elke Christen 'n priester is (1 Petrus 2:5-9) wat nog deur Justinus, Ireneanus en selfs Tertullianus geleer is, het al meer op die agtergrond geraak". Bosch (1991:467) wys ook op die belang van die herontdekking van die gewone lidmaat se rol:

...they *are* the operational basis from which the *missio Dei* proceeds. It is, in fact, not *they* who have to "accompany" those who hold "special offices" in the *latter's* mission in the world. Rather, it is the *office bearers* who have to accompany the laity - the people of God. In the New Testament dispensation of the Spirit (just as the priesthood) has been given to the whole people of God, not to select individuals. (Bosch, 1991)

'n Akademiese kwalifikasie aan 'n universiteit gee nie gesag aan sekere individue nie. "The New Testament says nothing about the ordination of persons in terms of investing them with a lifelong status and authority" (REC, 2005:9). Predikante en leiers is saam met gewone lidmate deel van die gemeente en is saam verantwoordelik vir die bediening en om aan te sluit by die *missio Dei*. Elkeen is deel van die liggaam van Christus en elkeen het 'n belangrike plek (1 Korintiërs 12). Die een word nie bo die ander verhef nie (REC, 2005:10):

The Holy Spirit gives gifted members to the church. The Spirit equips those who are required to fulfill certain tasks. The church may acknowledge this by electing and appointing such gifted members to an office and set them aside for a purpose without thereby discriminating against other equally gifted persons who are not elected. (REC, 2005)

Alle gelowiges maak dus deel uit van die kerk, elkeen met sy bepaalde gawes en talente, tot voordeel van almal. Die konsep van die priesterskap van die gelowige moet daarom ook nie verklein word nie. Dit gaan oor baie meer as om 'kerkwerk' te doen: "...this powerful biblical theme has been truncated in its impact, because the church has interpreted it almost solely for its own use. This

myopic vision has resulted in ministry being defined largely in church terms and lay people often being viewed as functionary resources to get church work done” (McNeal, 2003:45). Die gewone lidmaat moet opgelei en toegerus word om aan te sluit by die *missio Dei*.

Die bediening is te kompleks en divers vir slegs een persoon om leiding te neem en te bedien. “Therefore the ordained leadership’s role cannot possibly be the all-determining factor; it is only one part of the community’s total life” (Bosch, 1991:472). Die onderskeid tussen geordende en nie-geordende moet afgeskaf word (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:6). Gewone lidmate se rol en die opleiding of toerusting van gewone lidmate moet ‘n belangrike fokuspunt wees. Die bediening van ‘n hele gemeente aan ‘n hele gemeenskap, kan nie net van een persoon afhang nie. Die teologiese opleiding van die ‘gewone lidmaat’ moet die eindfokus van alle teologiese opleiding wees (Preez, Hendriks & Carl (2014:6). Teologiese opleiding gaan eerstens daarvoor om dié op te lei wat die kerk moet lei, en tweedens om alle mense op te lei vir die missionale opdrag (Lausanne III, 2011:45). Missionale leiers moet dus ook in staat wees om ander op te lei en toe te rus. Houston (2013:112) stel:

All the while the ministry potential of the laity remains untrained and under used. Much more needs to be done to equip lay leaders at the level that is appropriate for them and in a mode that allows working people to access the training. (Houston, 2013)

In die lig van ‘n missionale ekklesiologie kan teologiese opleiding nie lei tot ‘n onderskeid tussen geordende leiers en gewone lidmate nie. Teologiese opleiding moet missionale leiers vorm wat die gewone lidmaat kan toerus en oplei.

Uit hierdie evaluasie is dit duidelik dat die huidige teologiese opleiding, soos dit in die NHKA gestalte vind, aangepas moet word. Dit is nie geskik om missionale leiers te ontwikkel nie. Die huidige teologiese instansies, die kurrikulum en die modelle om kerkleiers op te lei, is eerder struikelblokke vir kerkgroei (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014:1).

3.5 ‘n Ander tipe teologiese opleiding vir die vorming van missionale leiers

Die NHKA se tradisionele model van kerkwees, soos hierbo genoem, staan en val by die bediening en leiding van die predikant. Vir die transformasie van tradisionele gemeentes is dié leiers dus van kardinale belang. Predikante met hierdie gesaghebbende rol bepaal grotendeels die gemeente se verstaan van kerkwees en behoort die beginpunt te wees vir transformasie en die vorming van missionale gemeentes. “Vanuit die rol wat histories en ampshalwe aan die predikant in ‘n hoofstroomgemeente toegeken word, vervul die predikant ‘n sleutelfunksie ten einde die gemeente

suksevol te kan begelei in die proses van aanpassende verandering en missionale gemeentevorming” (Cordier, 2014:1). In sy boek oor missionale kerkwees noem Guder (1998:183) ook dat die sleutel tot die vorming van missionale gemeenskappe hulle leierskap is.

Die huidige vorm van leierskap in die kerk is egter nie in staat om gemeentes te transformeer en missionale kerke te vorm nie, die huidige vorm van leierskap dra dalk by tot die probleem (Niemandt, 2013:45-46). Hierdie leierskap is gevorm teen ’n bepaalde agtergrond met ’n konteks totaal anders as die een van vandag. “The majority of church leaders throughout the western world find themselves ministering in a rapidly changing cultural context that is both post-Christian and pluralistic” (Gibbs & Coffey, 2001:36). Hierdie leierskap is nie gerat vir die veranderende konteks en die nuwe uitdagings wat dit bied nie. “We need transitional leaders who will help the church find a new expression in the emerging world” (McNeal, 2003:125). Jerry Pillay verwys in ’n lesing op 16 September 2014 na die veranderende rolle van kerkleiers, van ’n “Jack of all trades”, terapeute, die hoof uitvoerende beampte van ’n maatskappy tot mededingers. Leierskapsrolle is nie staties nie en word aangepas soos die konteks verander. Pillay maak egter die punt dat ons vandag ander tipe leiers nodig het – leiers wat transformasie kan bring. Hierdie navorsing werk daarom met die veronderstelling dat ons nie net beter leiers nodig het nie, maar ander tipe leiers. “Ou paradigmas, vaardighede en praktyke wat geslagte lank as deurslaggewend vir leraars beskou was, word oorbodig en mag in sommige gevalle selfs struikelblokke wees in die vorming van ’n missionale gemeentekultuur en moet dus afgeleer word” (Cordier, 2014:15).

Die algemene strategie om by ons tyd en konteks aan te pas, is vir kerke en fakulteite om akademiese opleiding op te skerp en te verbeter. “Baie kerke en teologiese fakulteite gaan van die veronderstelling uit dat beter teologiese opleiding die kerk sal laat groei en vooruitgaan” (Dreyer, 2010:91). Die akademiese opleiding van predikante dra egter min by tot die groei van die kerk. “Dit is kommerwekkend dat gemeentes met teologies opgeleide leiers in die besonder nie gereed is om veranderings te hanteer nie” (Niemandt, 2007:40). Die probleem lê dieper as die aanpassing of verbetering van die huidige strukture en programme. Cordier (2014:15) verwys ook daarna dat transformasie nie in struktuurverandering lê nie, maar in die transformasie van die leier self.

Ander tipe leiers vra dus na ’n ander tipe opleiding of wordingsproses. Ons tyd en konteks vereis dat nuwe leierskapskapasiteite ontwikkel word (Roxburgh & Romanuk, 2006:11). Nuwe leierskapskapasiteite kan nie ontwikkel word deur dieselfde opleidingsmetodes en kurrikulum te gebruik wat tans gebruik word nie. Guder (2010:53-54) noem belangrike vrae wat aangespreek sal moet word:

- 1) Hoe rus teologiese opleiding gemeentes toe om betrokke te wees in die Christendom se nalatenskap?
- 2) Hoe neem teologiese opleiding die plaaslike gemeente as primêre agent van God se sending in die wêreld ernstig?
- 3) Hoe gaan teologiese instansies gemeentes toerus, deur die bediening van hulle leiers, om hulle lewens te lei, waardig tot die roeping van God?
- 4) Hoe wys die getuigenis van 'n spesifieke gemeente op die wêreldwye skopus van God se liefde en die wêreldwye roeping van sy byeengeroepte en gestuurde kinders?

'n Vraag van McCoy (2013:525) kan hier bygevoeg word: Watter kapasiteite moet die student ontwikkel om hierdie missionale leierskapsrol te vul?

Ons tyd en konteks vra na missionale leiers, leiers radikaal anders as die tradisionele predikant. "A leadership revolution requires a learning revolution to support it" (McNeal, 2003:129).

3.6 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die belang van teologiese opleiding in die ontwikkeling van missionale leiers (predikante) ondersoek. Soos aangetoon, is teologiese opleiding uiters belangrik, maar die huidige teologiese opleiding van die NHKA is nie in staat om missionale leiers te ontwikkel nie. Missionale leiers is die sleutel tot die transformasie van die NHKA se gemeentes na missionale gemeentes. Transformasie lê nie in struktuurverandering nie, maar in die transformasie van die leier self. Daarom dié sterk klem op 'n ander tipe teologiese opleiding met 'n kurrikulum wat meer as die kognitiewe ontwikkel.

Walter Brueggemann skryf: "The case for theological education cannot be finally made once and for all. It needs to be made again and again, because what theology and theological education are called to do varies in each social setting and cultural circumstance" (Houston, 2013:115). Teologiese opleiding moet daarom, soos genoem, altyd in dialoog wees met die praktyk. Die NHKA se huidige kurrikulum is nie langer in pas met die kultuur waarbinne dit begroning moet kry nie – in ander woorde, dit lei nie leiers op vir die kerk van vandag nie, maar van gister. Teologiese opleiding is van kardinale belang, maar raak irrelevant as dit voeling verloor met kerkwees. Die erfenis van die Christendom en Modernisme veroorsaak struikelblokke vir die NHKA – dit het 'n belangrike invloed op die kurrikulum, die opleidingsmodel, sowel as die verband tussen die kerk en universiteit en die konsep van geordenheid. Die NHKA bevind haarself in 'n postmoderne wêreld. Osmer (2008:236-238) wys op vier belangrike verskuiwings wat hierdie wêreld beskryf:

- 1) From science as the exemplar of scholarship in all fields, including theology, to affirmation of the variety of ways scholarly research is conducted, including theology.
- 2) From disciplinary specialization in relatively isolated fields to cross-disciplinary thinking as the center of scholarly research.
- 3) From the ideal of universality, consensus, and progress to pluralism and rational dissensus.
- 4) From a sharp distinction between disinterested, pure scholarship and applied science to the recognition that scholarship is grounded in and oriented toward practice, reflecting constellations of value, interest, and power.

Die NHKA kan nie voortgaan sonder om hierdie belangrike verskuiwings en die implikasies wat dit vir teologiese opleiding inhou, in ag te neem nie. Teologie het vandag die vryheid en die verpligting om self vakinhoud en vorme van geleerdheid te bepaal. Die onderskeie teologiese dissiplines werk saam, maar ook saam met ander nie-teologiese dissiplines. Teologie is konteksgeoriënteerd en alle teologiese dissiplines is op die praktyk gefokus. Postmoderniteit kan nie afgemaak word as 'n modegier nie. "These changes inform perceptions, attitude, ways of thinking, behavior – virtually all aspects of human life" (REC, 2005:41). Juis om hierdie rede is dit uiters belangrik dat die NHKA getrou bly aan haar tradisie van *semper reformanda* – om aanhoudend te reformeer binne elke nuwe konteks. Die NHKA moet haarself ondersoek in die lig van postmodernisme en 'n nuwe korpus leiers kweek om die kerk in hierdie prosesse van transformasie, of reformasie, te lei.

In hierdie onderneming kan die NHKA gesteun word deur te leer by kerke en teologiese instansies wat reeds die sprong gewaag het. In die volgende hoofstuk word Springdale College as gevallestudie ondersoek – die sogenaamde missionale kollege van die Verenigde Koninkryk. Springdale College kan moontlik as voorbeeld dien van 'n missionale teologiese kollege, 'n ander tipe teologiese opleiding vir die vorming van ander tipe leiers.

4 Gevallestudie: Springdale College

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is vasgestel dat teologiese opleiding van kardinale belang vir die vorming van missionale leiers is. Daar is ook gewys dat die einddoel van alle teologiese opleiding die toerusting of opleiding van alle lidmate behoort te wees. Alle lidmate moet toegerus of opgelei word om te kan aansluit by die *missio Dei*. Die sleutelfigure in hierdie einddoel is die predikante, of missionale leiers, wie se opleiding dan van so aard moet wees dat hierdie einddoel bereik kan word.

In hierdie hoofstuk word die vraag oor hoe so 'n missionale teologiese opleiding moontlik kan lyk, aangespreek. Dit word gedoen deur 'n enkele gevallestudie te ondersoek – Springdale College in Engeland. Hierdie kollege se teologiese opleiding, model en metodes word ondersoek as 'n voorbeeld van 'n missionale teologiese opleiding. Hierdeur word daar ook gepoog om voorstelle vir die NHKA se teologiese opleiding na vore te bring.

4.2 Springdale College as toepaslike gevallestudie

Die rede waarom Springdale College gebruik kan word as verwysingspunt vir die herstrukturering van die teologiese opleiding van die NHKA is omdat die NHKA en die kerk in Europa deur dieselfde krisis gekonfronteer word. Beide kerke bevind hulleself in die tydperk van post-Christenheid – die bestaanskrisis van die Westerse kerke. “Reformatoriese kerke in Suid-Afrika beleef 'n ernstige bestaanskrisis en gebrek aan groei” (Dreyer, 2014:11). Hierdie werklikheid is ook waar vir die kerke in Europa: “Over the last 50 years Europe has dramatically abandoned the Christian story which formed and founded European culture” (Springdale College, n.d.). Die era van die Christendom is verby (Dreyer, 2014:7; Niemandt, 2007:10).

Tog is die afname in groei in invloed en tradisie in Westerse reformatoriese kerke nie die enigste norm nie. Intendeel, daar is tekens van groei en oplewing in kerklike tradisies buite die grense van die Westerse beskawing. In die meeste dele van die wêreld is die kerk besig om te floreer oor 'n wye reeks kulture, taalgroepe, ouderdomme en sosiale klasse. “Countless new churches and denominations have been founded in parts of the world once considered by Europeans ‘mission fields’, which are entirely locally staffed and funded” (Kim & Kim, 2008:211). Newbigin (1987:2) wys daarop dat die kerk in lande soos Asië en Afrika groei, maar in die lande wat vroeër die Christendom verteenwoordig het, is die kerk besig om te kwyn. Op plekke waar die Westerse kultuur deurgedring het, het blywende Christelike oortuigings begin ontbind. In 'n diverse, multikulturele samelewing

soos Suid-Afrika, waarvan daar sterk wortels in die Westerse reformatoriese tradisie asook in die etniese Afrika spiritualiteite lê, kom hierdie selfde paradoks na vore – die oplewing van nie-tradisionele, nie-Westerse kerke teenoor die kwyning van die Westerse reformatoriese tradisies.

Die NHKA, as een van die Westerse reformatoriese tradisies, ervaar daarom dieselfde uitdagings as die kerk in Europa. Vir die eerste keer in jare kan hierdie Westerse lande weer beskou word as 'n 'sendingveld' (Paas, 2011:119).

Springdale College is 'n pioniersinstansie wat die onsekerheid van 'n post-Christen samelewing kreatief uitdaag. Hulle is bewus van die nuwe werklikheid waarin die kerk haarself bevind en besef dat dit 'n nuwe siening oor die kerk en sending, nuwe tipe leiers met 'n ander verstaan van leierskap en dus ook nuwe vorme van opleiding, vereis. Die vraag wat hulle probeer aanspreek, is: Hoe kan God se mense toegerus word om aan te sluit by God se sending om die Christelike geloof terug te bring na die middelpunt van die Westerse samelewing? Springdale College meen missionale leiers, naamlik leiers wat die kerk kan toerus sodat hulle kan aansluit by die *missio Dei*, is nodig. Die onderskeie kursusse wat aangebied word, poog om dit te doen deur potensiële leiers op te lei wat in hulle kontemporêre Westerse samelewings deur hulle bediening kan aansluit by die *missio Dei*.

4.3 'n Kort oorsig van Springdale College

Springdale College is geleë in West Yorkshire in Engeland en beskou hulleself as die missionale kollege van die Verenigde Koninkryk. Springdale College, gestig in 1980, was een van die Selly Oak kolleges in Birmingham. Selly Oak, 'n federasie van kolleges geaffilieer met Britse Protestantse sendinggenootskappe, het onder andere gedien as opleidingsinstansie vir sendelinge. Lesslie Newbigin, wat 'n deeltydse onderrigpos in Sendingwetenskap by die Selly Oak College aanvaar het, het hier begin om die Westerse kultuur krities te ondersoek. Hy het daarop gewys dat die uitdagings van sending nie net gaan oor areas buite die Westerse samelewing nie, maar dat dit ook 'n dringende taak is vir die voormalige sentrum van die Christendom (Kärkkäinen, 2002:151). Dit het gelei tot die begin van die *Gospel and our Culture*-beweging. Die Britse Raad van Kerke het Newbigin aangewys om 'n groot nasionale konferensie te beplan oor die kontemporêre Westerse kultuur en die strewe na Christelike betrokkenheid (The Gospel and our Culture, n.d.).

Die inspirasie van hierdie beweging het Springdale aangemoedig om nuut te dink oor die kollege se toekoms, wat veral opleiding en leierskapsontwikkeling betref. Dit het aanleiding gegee tot 'n samesmelting met *Together in Mission* wat 'n MA-graad in missionale leierskap aangebied het en formele akkreditasie deur 'n bestaande kollege benodig het. Springdale het die nuwe insigte en verbeelding van *Together in Mission*, wat die implikasies van die Westerse samelewing as sendingveld vir missionale opleiding begryp het, verwelkom.

Dr Martin Robinson, hoof van Springdale College, sê in 'n Skype onderhoud op 9 September 2014 dat die ontstaan van Springdale College se kursusse daaraan te danke is dat die kerke in Engeland besef het dat hulle nie meer die regte tipe leiers het vir die nuwe konteks waarin hulle hulleself bevind nie. 'n Missionale kerk het missionale leierskap nodig. Springdale het dus ontwikkel tot die kollege wat dit vandag is en het die volgende doelwitte (Springdale College, n.d.):

- om missionale predikante en leiers toe te rus om in te skakel by God se sending sodat die wêreld getransformeer kan word met deur die evangelie
- om Christelike gemeenskappe toe te rus om meer missionaal te wees
- om aan te sluit by Jesus se gebed: "...laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel".

Springdale College (n.d.) se waardes is:

- Missionaal en relasioneel
- Inklusief en buigsaam
- Prakties en plaaslik

Springdale leef hierdie doelwitte en waardes uit deur eerstens alle opleiding te sien deur 'n missionale lens. Al die verskillende dissiplines word gesien in die konteks van sending. So byvoorbeeld word die Nuwe Testament gesien as 'n missionale dokument en Kerkgeskiedenis is die storie van die kerk se betrokkenheid in sending. Tweedens word daar 'n balans gehandhaaf tussen die oordrag van informasie, vaardighede en persoonlike vorming. Derdens word daar praktiese werk in verskeie bedieninge verrig as deel van die leerproses. En laastens word dosente gebruik met praktiese ondervinding van die bediening, veral met ervaring in kerkplanting. "At Springdale College we seek to promote a learning culture which is ecumenical and evangelical, local and international, practical and reflective, and which combines intellectual rigour and spiritual depth" (Springdale College, n.d.).

Springdale het tans studente uit 'n wye reeks denominasies en netwerke en die studente verteenwoordig ongeveer twintig verskillende etniese agtergronde en nasionaliteite.

4.4 Springdale College se teologiese opleiding

Robinson (2014, pers.komm., 9 September) noem dat studente se spiritualiteit en persoonlike vorming 'n prioriteit is in al die kursusse wat aangebied word. Daarbenewens is die praktiese opleiding van studente 'n prioriteit en daar word van alle studieleiers en dosente verwag om aktief in 'n missionale bediening betrokke te wees. 'n Student, Judith Hoffman, wat die voorgraadse kursus voltooi het, getuig:

...The course offered me so many different opportunities to learn and grow in my knowledge about theology academically, as well as personally and spiritually. In addition to that, the mixture of academic studies and placement gave me opportunity to apply my learning and it prepares you for your time after the degree, may it be in a full-time ministry position or any other job. (Springdale College, n.d.)

Springdale College se onderskeie kursusse word op 'n bepaalde manier uiteengesit sodat hierdie prioriteite aangespreek word. Vervolgens word die kollege se kurrikulum bespreek, sowel as die toelatingsvereistes, die studiefooi en die kampusse.

4.4.1 Kurrikulum

Springdale College bied 'n *BA (Hons) in Theology and Mission* aan, sowel as 'n *Foundation Degree in Theology and Mission*, wat 'n korter en minder akademiese weergawe is van die *BA (Hons)*-kursus. Die kollege bied ook 'n *MA in Missional Leadership* en die *Springdale Certificate in Missional Leadership*.

BA (Hons) in Theology and Mission

Hierdie kursus word aangebied met die doel om missionale predikante en leiers toe te rus vir 'n bediening wat aansluit by die *missio Dei*. Daar word op drie dele gefokus, naamlik op die student self - om te reflekteer op sy/haar hart en verhouding met God en ander mense, op bediening - om deel te wees van missionale bedieninge in die kerk en gemeenskap en op God se sending - om aan te sluit by dit waarmee God besig is in die gemeenskap.

Die kursus word opgedeel in drie fasette, nl. klastyd, prakties en privaatstudie. 'n Derde van die studente se tyd word aan elkeen van die fasette afgestaan, sodat elke faset ewe veel aandag geniet. "The course combines theological and biblical study with a mission emphasis and practical work experience" (Springdale College, n.d.). Die student se week word as volg opgedeel:

- Klastyd 1-2 dae per week
- Prakties 13 ure per week
- Privaatstudie 1-2 dae per week

Een van die twee klastyddae word gebruik vir die studeer van materiaal en die ander dag vir groepwerk waar studente die geleentheid kry om hulle praktiese ondervinding met mekaar te deel en te bespreek. Assessering vind plaas in die vorm van opstelle, voorleggings, preke, navorsingsprojekte en praktiese take. In die derde jaar moet 'n skripsie ingehandig word vir assessering. "In order to create a new mindset for mission, the course uses a creative interplay between learning resources, student learning groups, assignments, placement tasks and supervision" (Springdale College, n.d.).

Die kursusinhoud het 'n viervoudige raamwerk, naamlik Biblical Studies, Mission, Theology en 'n opsie vir een van drie keusemodules (Springdale College, n.d.):

Year 1

Biblical Studies – Introduction to the Old and New Testament

Mission – Themes of God's Mission & Your Place

Theology – Crucial Movements in Church History

Year 2

Biblical Studies – Stories of exile and exodus

Mission – The Missional Church

Theology – Investigating Gospel & Culture

Year 3

Biblical Studies – Reflections on Cross-Cultural Mission

Mission – Ambassadors for a Missionary God

Theology – A Mission Project for your Leadership

Die keusemodules bestaan uit die volgende (Springdale College, n.d.):

Year 1

Missional Ministry

Youth Ministry

Children's Ministry

Year 2

Missional Media

Denominational Studies

Reverse Mission

Plus Year 1 Electives

Year 3

Missional Leadership

Youth Ministry

Children's Ministry

‘n Teologie wat gepraktiseer word en missionaal gefokus is, is vir Springdale College die kriteria vir ‘n gesonde teologie. Daarom doen elke student praktiese werk wat “plasings” genoem word. “The placement approach is an integral part of the program” (Springdale College, n.d.). Dit dra by tot die volgende aspekte van studente se vorming en opleiding (Springdale College, n.d.):

- Studente word blootgestel aan ‘n groot verskeidenheid bedieningsgeleenthede.
- Studente ontdek en ontwikkel hulle gewoontes en vaardighede en kry kans om dit te beoefen.
- Studente raak betrokke by “hands-on” Christelike missionale bediening en kry te doen met mense van verskeie kulture en agtergronde.
- Studente kry die geleentheid om ervare Christelike bedienaars te sien werk.
- Studente kry die kans om te reflekteer op hulle eie praktiese ondervinding.

Die praktiese werk moet vir ten minste een jaar by dieselfde instansie of organisasie plaasvind, daarna kan studente besluit of hulle nuwe geleentheid wil ondersoek en of hulle vir die totale duur van studies by dieselfde plek wil bly. Studente besluit self waar hulle wil bedien. Sommige van die praktiese werk is in samewerking met gemeentes en ander praktiese werk verbind studente direk met plaaslike instansies, liefdadigheidsorganisasies of gemeenskapsgroepe. Voorbeelde van praktiese werk is ‘n Sondagskoolklas, jeugwerk, evangelisasie-uitreike, pastorale besoeke, ondersteuning vir hawelose mense, ens. “Students are encouraged to bring their theological and

missiological understanding into both Christian and secular situations by participation in the work of these various organisations” (Springdale College, n.d.).

As deel van die praktiese werk doen studente ook persoonlike ontwikkelingsbeplanning wat onder andere ‘n jaarlikse portfolio, joernaal en aantekeninge wat die studente se ontwikkeling en vorming navolg, behels. Daar is verskeie praktiese take wat afgehandel moet word, bv. preek, funksies reël, ens. Weekliks vind daar gesprekke met ‘n studieleier plaas wat vir die student ondersteuning bied. Studente kom drie ure per week bymekaar om te reflekteer op mekaar se praktiese ervarings.

Hierdie is ‘n kort uiteensetting van wat die *BA (Hons) in Theology and Mission* behels. Studente wat hierdie kursus voltooi, ontvang ‘n graad, geakkrediteer deur York St John Universiteit, en kan, mits aan die toelatingsvereistes voldoen word, inskryf vir nagraadse studies. Studente wat nie verder wil studeer nie kan hulleself voltyds of deelyds uitleef in ‘n missionale bediening.

Foundation Degree in Theology and Mission

Hierdie kursus is ‘n verkorte weergawe van die *BA (Hons)*-kursus en minder akademies georiënteerd, aangesien dit nie die voltooiing van ‘n skripsie (derde jaar) insluit nie. Hierdie kursus kan oor ‘n tydperk van twee jaar, voltyds, of oor ‘n tydperk van vier jaar, deelyds, bestudeer word. Dieselfde struktuur as die eerste twee jare van die *BA (Hons)*-kursus word gevolg. Die *Foundation Degree in Theology and Mission* sal ‘n student toerus om (Springdale College, n.d.):

- die nuutste teorieë van missionale bediening in sy/haar konteks toe te pas.
- te reflekteer op wat in elke module geleer is deur dit prakties toe te pas.
- vaardighede in die bediening as ‘n spanspeler te ontwikkel.
- ‘n eie missionale praktyk in ‘n gekose area te konstrueer.

Studente wat hierdie kursus voltooi, kan verder betrokke raak by missionale bediening. Studente wat verder wil studeer, kan ‘n honneursgraad by hierdie graad voeg deur ‘n kursus in een jaar voltyds of twee jaar deelyds te voltooi.

MA in Missional Leadership

Hierdie meestersgraadkursus bou voort op bestaande leierskapservaring en help leiers om ‘n missionale bediening in sy/haar gemeenskap te ontwikkel. “This course is for anyone in some form of Christian leadership who wants to be equipped to be more and effective in enabling their church or organisation to engage in mission” (Springdale College, n.d.).

Die kursus bestaan uit ses modules in die eerste twee studiejare en die skryf van 'n skripsie in die derde studiejare. Die eerste twee studiejare behels dus 'n gefasiliteerde leerprogram. Die ses modules word oor hierdie tydperk van twee jaar waarin 'n teoretiese basis gevestig word, bestudeer en sleutelvaardighede word aangeleer met 'n kritiese betrokkenheid by missionale leierskap. Elke module word geassesseer met 'n 4000 woorde opstel en 'n reflekteer-oefening. Studente word voorsien van omvattende leermateriaal, *Learning Packs*, vir elke onderwerp wat tydens die kursus bestudeer word en verder het studente toegang tot 'n hele reeks aanlynmateriaal, *Online Virtual Learning Environment*, wat video tutoriale en teologiese joernale insluit. Studente word ook deurlopend ondersteun deur betrokke te wees by 'n *Regional Study Network (RSN)*, 'n plaaslike studiegroep wat bestaan uit mede-studente wat bymekaarkom om te hersien, te bespreek en te leer onder die leiding van 'n studieleier. Elke *RSN* ontmoet vir twee volle dae per termyn om die kursusmateriaal saam te bespreek. Daar is ook toegewyde plaaslike studieleiers beskikbaar om studente te ondersteun en enige vrae van studente te beantwoord. Die ses modules is as volg (Springdale College, n.d.):

Module 1 – Missional Leadership Theory

Missional Church

Understanding Missional Leadership

Insights from Mission History

Contemporary forms of Missional Church

Module 2 – Leadership Formation

Spiritual Health

Self Skills

Self Awareness

Our Impact on Others

Module 3 – Leadership Skills

Forming People

Shaping Systems

Developing and Leading Teams

Using the Bible and Theological Reflection

Module 4 – Gospel and Culture Theory

Missional Context

Biblical Frameworks for Gospel and Culture

The Kingdom of God and Justice

Power and the Powers

Module 5 – Forming Missional Communities

The Concept of Community

Mission-shaped Groups

Managing Conflict

Mentoring

Module 6 – Engaging the Local

Reading a Community

Church Planting in Context

Communicating the Gospel

Research Methodologies

Tydens die eerste twee studiejare kom alle MA-studente jaarliks bymekaar vir somerskool. Dit word gewoonlik aangebied oor 'n langnaweek in Julie. Tydens somerskool word drie onderwerpe uit drie verskillende modules met die studente behandel. Dit dien ook as 'n geleentheid vir 'n inlywingsessie met die eerstejaar studente, 'n navorsingsvaardigheidsessie vir die tweedejaar studente en 'n gradeplegtigheidseremonie vir die gegradueerdes.

In die derde en finale jaar voltooi studente 'n skripsie oor 'n onderwerp van hulle eie keuse wat aansluit by een van die temas van die kursus. Hierdie skripsie moet die leerproses van die vorige twee jaar saamvat en ook daarop wys dat die student volkome ingeskakel het by 'n missionale bediening. Die skripsie word geskryf met die ondersteuning en leiding van 'n studieleier.

Met die voltooiing van dié drie jaar meestersgraad verkry studente 'n *MA in Missional Leadership*, geakkrediteer deur York St John Universiteit. Daar word veronderstel dat hierdie nie net 'n akademiese kwalifikasie is nie, maar dat studente wat reeds ingeskakel is in die bediening, met die voltooiing van hierdie kursus gereed en toegerus is om op te tree as missionale leiers. Robinson (2014, pers.komm., 9 September) noem dat daar drie dinge is waarvoor die MA gebruik kan word, naamlik kerkplanting, herplanting van jou bestaande kerk, of net die begin van missionale inisiatiewe wat later verder kan transformeer.

Springdale Certificate in Missional Leadership

Die *Springdale Certificate in Missional Leadership (SCert)* bestaan uit dieselfde kursusinhoud as die *MA in Missional Leadership*, maar daar word nie van studente vereis om die assesseringsopdragte te voltooi nie. Hierdie kursus se einddoel is om studente toe te rus om leierskap en sending beter te verstaan en om 'n kerk of organisasie te help inskakel by die res van die gemeenskap.

Die *SCert* as 'n alternatief vir die volledige *MA* het verskeie voordele en nadele. Die voordele van die *SCert* is dat dit dieselfde inhoud, omvattende notas en hoeveelheid klastyd as die *MA* behels terwyl die kursus slegs twee jaar duur. Verder hoef geen assesseringsopdragte voltooi te word nie, want dit gaan hier bloot oor spirituele en persoonlike ontwikkeling om die student as missionale leier toe te rus. Dieselfde materiaal word dus behandel, maar met baie minder akademiese druk. Die nadeel is dat studente slegs 'n sertifikaat aan die einde van die kursus ontvang wat nie 'n kwalifikasie is en nie deur York St John Universiteit geakkrediteer word nie. Verder laat die assesseringsopdragte van die *MA*-kursus studente toe om die onderwerp meer intensief te bestudeer en gevolglik word studente se bediening so nog verder gevorm en toegelig. Sonder die spêrdatums van die *MA*-kursus moet studente baie selfdisipline aan die dag lê, veral in die geval waar die student ander bedieningsdruk het.

Die *MA* word aanbeveel, hoewel dit is nie vir almal ideaal pas nie, dus word die *SCert* as alternatief aangebied om die belangrike leerprogram van die *MA* meer toeganklik te maak (Springdale College, n.d.).

4.4.2 Toelatingsvereistes

Springdale College probeer die kursusse so toeganklik as moontlik maak, maar aangesien die *BA (Hons)* en *MA* universiteitsgeakkrediteerde graadkursusse is, is daar sekere toelatingsvereistes. Die algemene vereistes van alle studente is om Engelsvaardig te wees, aangesien die kursusse net in Engels aangebied word. Rekenaarvaardigheid is ook 'n vereiste, aangesien die studiemateriaal aanlyn beskikbaar gestel word. Springdale bied rekenaarkursusse aan vir studente wat nie oor hierdie vaardighede beskik nie.

Daar is twee roetes wat gevolg kan word om in te skryf vir die *BA (Hons) in Theology and Mission*. Die eerste roete vra na akademiese geskiktheid en kyk na die aard van voorafgaande studies. Die tweede roete is gebaseer op volwassenheid of die gereedheid van studente. As die student dus nie oor enige akademiese kwalifikasies beskik nie, kan die personeel die student se volwassenheid en gereedheid vir daardie vlak van studie bepaal deur 'n aansoekvorm, vergesel van 'n opstel, te

voltooi. Slegs studente ouer as drie-en-twintig kan inskryf vir die *MA in Missional Leadership* en daar is vier roetes wat gevolg kan word. Die eerste drie roetes neem voorafgaande studies in ag. Studente wat reeds 'n graad of diploma in teologie of godsdienstudies het, kan die eerste roete volg om aansoek te doen. Studente met 'n verwante geesteswetenskap graad kan die tweede roete volg. Studente met 'n graad wat nie verwant is aan teologie nie, maar met bewyse van verdere studies in die rigting van teologie en/of ondervinding in die bediening, kan die derde roete volg. Afhangende van die tipe graad van die bepaalde student, sal hy/sy moontlik 'n opstel moet skryf om sy/haar geskiktheid om teologie op meestersvlak te studeer, te bepaal. Die vierde roete is vir studente met geen graadkwalifikasie nie, maar wat wel oor beduidende bedieningservaring beskik. Daar word ook van hierdie studente verwag om 'n opstel te skryf om hulle geskiktheid vir hierdie studies te bepaal.

4.4.3 Studiefioie

Springdale College poog om die kursusse so bekostigbaar as moontlik te hou. Die kollege word egter nie vrygeskeld van die uitgawes van personeel, geboue (instandhouding), studiemateriaal en dies meer nie, daarom word die kursusse aangebied teen bepaalde studiefioie. Springdale College maak dit wel duidelik dat daar studenteleninge beskikbaar is en dat betaalplan-opsies deur die kollege aangebied word.

Die *BA (Hons)* en die *Foundation Degree* se jaarlikse kostes is dieselfde en die fioie vir die akademiese jaar 2014/2015 is £5750. Hierdie fioi sluit alles in wat vir die kursus benodig word en daar is ook nog die moontlikheid om 'n studentelening uit te neem. Hierdie voorgraadse kostes is laer as die standaard universiteit in Engeland.

Die *MA* se fioi sluit ook alles in wat vir die kursus benodig word en daar is 'n betaalplan vir die drie jaar duur van die studies. Die totale kostes vir die begin van die akademiese jaar 2014/2015 is £5250. Die *SCert* se kostes is ongeveer die helfte van die *MA* kostes.

4.4.4 Kampusse

By Springdale College het studente die voorreg om te kies waar hulle gaan studeer, want daar is verskeie kampusse en studiesentrums oor die hele Engeland versprei. Dit vergemaklik studentebehuising, aangesien studente waarskynlik by hulle ouerhuise kan aanbly. Dit maak deelydse studies en nagraadse studies moontlik in die geval waar 'n student reeds 'n werk of 'n bediening het in 'n bepaalde area. Verder word die praktiese werk waarby die studente betrokke is, ook so oor die hele Engeland versprei en is nie beperk tot 'n enkele area nie.

Studente wat ingeskryf is vir die *BA (Hons)* kies tussen vyf kampusse waar hierdie bepaalde studies aangebied word, naamlik Birmingham streekskampus, Bath City Church, Leeds streekskampus, Liverpool streekskampus en London streekskampus.

Die *MA*-studente kom slegs twee keer per termyn bymekaar, dus ses keer per jaar. Dit geskied gewoonlik op 'n Saterdag by een van die kampusse en dien as 'n geleentheid vir vroeë, besprekings en refleksie. Hierdie geleentheid word gefasiliteer deur studieleiers en studente kan kies om dit by te woon in Bath/Bristol, Birmingham, Leeds, Rugby of Southampton.

4.5 Springdale College se uitdagings

Dit is duidelik dat hierdie kollege bewus is van die implikasies van 'n missionale ekklesiologie en die teologiese opleiding is van so aard dat die nuwe konteks waarin die kerk haarself bevind, aangespreek word. Springdale College as opleidingsinstansie is egter nie volmaak nie en daar is steeds uitdagings wat aandag moet geniet. Martin Robinson (2015) sê in 'n e-pos dat die meeste van die uitdagings wat Springdale College moet hanteer, die gewone institusionele uitdagings is wat by elke organisasie voorkom, soos bemaking, kommunikasie met personeel en studente, werwing van studente, finansies, 'n verduideliking van die missie aan ondersteuners en die direksie. Daar is egter ook 'n paar uitdagings wat na vore kom vanweë die missionale aard van die kollege.

Springdale College probeer om die kursusse so toeganklik as moontlik te maak met verskeie roetes om te volg vir toelating, studievoete wat so laag as moontlik gehou word en die kampusse wat oor die hele Engeland versprei is. Toelatingsvereistes en studievoete beperk egter steeds opleiding tot 'n sekere groep mense. Die verspreide kampusmodel skep ook 'n probleem met studiemateriaal. Dit is moeilik vir alle studente om die boeke wat hulle nodig het, te bekom en die groot uitdaging is om seker te maak dat die verskeie kampusse almal dieselfde inhoud en kwaliteit aan studente bied.

Ander uitdagings as gevolg van die kollege se missionale aard is die spanning tussen opleiding en opvoeding, wat fokus op akademie. "Our approach is deeply rooted in education and the need to be intellectually thorough but we are always conscious of the need to ensure that what we teach has a practical application and outcome" (Robinson, 2015). York St John Universiteit, wat Springdale College se graadkursusse akkrediteer, plaas druk op die kollege om meer teoreties in hulle aanslag te wees en 'politiek korrek' in die keuse van die materiaal wat gebruik word. Robinson (2015) sê hulle moet hierdie druk weerstaan, want hulle is verbind tot 'n spesifieke agenda wat gevorm is vanuit 'n stel oortuigings. Dit is daarom in die eerste plek belangrik dat die kollege so deursigtig as moontlik is oor hulle oortuigings en die gerigtheid van hul dosente en studieleiers.

4.6 Belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding

Springdale College se missionale teologiese opleiding vorm missionale leiers wat in staat is om gemeentes te transformeer om missionaal gerig te wees en om aan te sluit by die *missio Dei*. Robinson (2015) stel in 'n e-pos dat die MA-studente, wat reeds ervare predikante is, maklik die materiaal wat hulle geleer het in hulle eie situasies en omstandighede kan toepas en dat hulle gereeld klas toe kom met vrae oor hoe om nuwe insigte aan hulle gemeentes oor te dra en te gebruik. Daar moet egter 'n onderskeid gemaak word tussen die MA- en BA-studente, aangesien die BA-studente nie noodwendig aangestel is in gemeentes nie en dus nie amptelike status geniet nie. Sonder hierdie invloedryke rol is dit vir hulle moeilik om enige vorm van transformasie aan te bring en hulle invloed speel eers 'n belangrike rol sodra hulle permanente posisies in gemeentes verkry het. Ten spyte daarvan rus Springdale College se onderskeie kursusse steeds studente toe om missionale bedienings te kweek. Daar is 'n paar belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding wat bydra tot die vormingsproses van hierdie missionale leiers.

Die eerste kenmerk wat identifiseer is, is dat die missionaliteit van die kollege nie beperk word tot 'n vakgebied of 'n dissipline nie, want die hele teologiese opleiding word gesien deur 'n missionale lens. Dit is die vertrekpunt vir die samestelling van die kurrikulum, die aanstelling van dosente en studieleiers en die manier waarop die teologiese opleiding aangebied word. Hierdie holistiese benadering spoel dan ook oor na die vormingsproses van studente. Ewe veel klem word op al die aspekte van die student se vorming geplaas. Hierdie teologiese opleiding gaan dus nie net oor 'n akademiese kwalifikasie nie, maar oor 'n vormingsproses wat die student se persoonlike vorming en spiritualiteit, praktiese ondervinding en 'n gesonde teologiese agtergrond insluit. Daar word 'n kritiese balans tussen persoonlike vorming, vaardighede en die oordrag van informasie gehandhaaf.

Die holistiese benadering word deur die kollege se kurrikulum ondersteun. In al die kursusse wat aangebied word, word 'n derde van die student se tyd aan klastyd afgestaan, waar studente die kans kry om te leer maar ook om te reflekteer op hulle persoonlike ervarings vanuit die bediening. Nog 'n derde word aan praktiese werk afgestaan, waar studente die geleentheid kry om dit toe te pas wat hulle geleer het en om hulle vaardighede te ontwikkel en uit te brei. Die laaste derde word aan privaatstudie afgestaan, waar studente teen hulle eie pas kan leer en tot selfinsig kan kom. Assessering vind nie plaas in die vorm van toetse of eksamens wat net kennis en insig evalueer nie, maar in die vorm van opstelle, voorleggings, preke, navorsingsprojekte en praktiese take, wat die student se vormingsproses uitbeeld.

Die kurrikulum is ook so gestruktureerd dat elke student genoegsame ondersteuning kry in hierdie vormingsproses. Ondersteuning word deur klasmaats gebied deur die gesprekke wat gevoer

word en die ervarings wat gedeel word en ook deur dosente en studieleiers wat hulle eie praktiese ervaring na die tafel bring en daardeur kan raad gee. Hierdie ervare dosente en studieleiers tree op as mentors vir die studente. Die mentorskap gaan nie net oor praktiese ervarings wat gedeel word nie, maar 'n sleutel-element in die vormingsproses, naamlik die persoonlike en spirituele vorming van studente, word ook binne hierdie verhouding ontwikkel en aangespreek.

Robinson (2015) skryf ook dat die kollege klem lê op voortgesette ondersteuning en mentorskap, selfs nadat studente afstudeer het. Hierdie deurlopende verhouding en ondersteuning, saam met die deurlopende gemeenteprogramme wat Springdale College vir studente ontwikkel, help om 'n band met die kollege te behou. Vir Springdale gaan dit oor die ontwikkeling van 'n langtermyn missionale verhouding met 'n missionale werkmag, nie net die ontwikkeling van 'n alumni met die oog op latere finansiële ondersteuning nie. "The sense that students develop that they are part of a growing missionary community, with ongoing support in the form of continuing education, conferences, publications and other support networks, is a crucial element in all that we are trying to develop" (Robinson, 2015).

Die belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding wat uit die ondersoek van Springdale College na vore kom, kan as volg gelys word:

- 'n missionale vertrekpunt
- 'n holistiese benadering
- spirituele ontwikkeling en karaktervorming
- praktiese ondervinding en vaardighede
- die vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond
- ondersteuning en mentorskap

4.7 Gevolgtrekking

Springdale College help om die navorsingsvraag te beantwoord oor hoe 'n missionale teologiese opleiding moontlik kan lyk. Die kollege is bewus van die nuwe werklikheid waarin die kerk haarself bevind en besef dat dit 'n nuwe verstaan van kerk en sending, nuwe tipe leiers met 'n ander verstaan van wat dit beteken om te lei, en so ook nuwe vorme van opleiding, vereis. Alhoewel daar steeds verskeie uitdagings is wat die kollege konfronteer, slaag hulle daarin om missionale leiers op te lei en te vorm - leiers wat gemeentes en gemeenskappe kan toerus om meer missionaal te wees en om aan te sluit by die *missio Dei*.

Na afloop van die bestudering van Springdale College is daar belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding uitgelig wat kan dien as 'n raamwerk vir voorstelle vir die NHKA om haar teologiese opleiding aan te pas of te verander om missionale leierskapsontwikkeling te steun. Hierdie raamwerk vir voorstelle vir die NHKA word vervolgens in *hoofstuk 5* bespreek.

5 Uitdagings en moontlikhede vir die teologiese opleiding van die NHKA

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die laaste navorsingsvraag, naamlik die metodes waarop die NHKA haar teologiese opleiding kan aanpas en/of verander, beskryf. Metodologies behels dit die integrasie van die navorsingsbevindings. Die navorsingsbevindings is verkry deur die gebruik van gemengde metodes. “A core assumption of this approach is that when an investigator combines statistical trends (quantitative data) with stories and personal experiences (qualitative data), this collective strength provides a better understanding of the research problem than either form of data alone” (Creswell, 2015:2).

Uit die navorser se persoonlike ervaring, die literatuurstudie wat gedoen is en die ondersoek van Springdale College het daar belangrike kenmerke van ‘n missionale teologiese opleiding na vore gekom. Dit word in hierdie hoofstuk verder ondersoek en aan die einde van elke kenmerk word die uitdagings en moontlikhede vir die NHKA se teologiese opleiding bespreek. Die kenmerke wat ondersoek word, is:

- ‘n missionale vertrekpunt
- ‘n holistiese benadering
- spirituele ontwikkeling en karaktervorming
- praktiese ondervinding en vaardighede
- die vorming van ‘n gesonde teologiese agtergrond
- ondersteuning en mentorskap

Die kenmerke word vervolgens bespreek.

5.2 Missionale vertrekpunt

Die eerste belangrike kenmerk van ‘n missionale teologiese opleiding is vanselfsprekend ‘n missionale vertrekpunt en ‘n missionale oriëntasie. Springdale College se hele teologiese opleiding word gesien deur ‘n missionale lens, nie net wat die onderskeie dissiplines betref nie, maar ook hoe die instansie funksioneer. Du Preez, Hendriks en Carl (2014:1) stel dat alhoewel hierdie logika dat

missionale georiënteerde teologiese instansies eventueel sal lei tot missionale gemeentes dalk oorvereenvoudig is, is hulle van mening dat dit net tyd gaan neem vir gemeentes se identiteit om te verander.

Teologiese opleiding is nie 'n einddoel opsigself nie, maar 'n vormingsproses van studente sodat hulle toegegerus is om te kan dien en lei. Die missie van die kerk op aarde is om God se missie te bedien en die missie van teologiese opleiding is om die kerk se missie te versterk (Lausanne III, 2011:45). 'n Missionale vertrekpunt is belangrik in hierdie vormingsproses van studente. James (2013:145) noem twee redes hiervoor: Dit beklemtoon die belangrike beginpunt van teologiese opleiding – 'n intieme verhouding met die missionale God waardeur 'n student sy eie missionale identiteit ontdek; en ook dat hierdie persoonlike verhouding die beste gekweek word deur 'n aktiewe deelname aan en bewustheid van die *missio Dei*.

'n Missionale vertrekpunt is nie net belangrik wat teorie aanbetref nie, maar 'n missionaal georiënteerde teologiese opleiding vorm studente om missionaal te wees. "Perhaps the key pedagogical feature of missional pedagogy is the assertion that participation in mission is not merely an aim of education but its primary vehicle and catalyst" (James, 2013:150). Missionale teologiese opleiding is dus nie net opleiding om missionaal te wees nie, maar opleiding deur missionaal te wees.

Jesus het dissipels so opgelei. Sodra hulle geroep is, het hy hulle op 'n reis geneem van sending, bediening en onderrig en so is hulle van die begin af deel van die verkondiging van die koninkryk van God, bediening aan armes, genesings, en om geeste uit te dryf (Hirsch, 2006:120). Hulle is gevorm nie net deur te leer hoe hulle moet lewe nie, maar deur so te gaan lewe. McNeal werk ook uit die staanspoor dat jy nie groei tot bediening nie, maar dat jy groei deur bediening. "We all know that we grow the most when we are helping and serving others. Service is the threshold where many of us learn the most about ourselves and come to see God at work in the world." (McNeal, 2009:105-106).

'n Missionale vertrekpunt veronderstel dus dat sending nie net 'n deel van die kurrikulum is nie, maar dat dit die kurrikulum bepaal. "Rather it should be at the centre of the institution's identity participating in the life of the Trinity" (Van Gelder, 2008:267). Du Preez, Hendriks en Carl (2014:1) stel dit as volg:

It seems obvious that to prepare leaders for missional congregations, the curricula should be missional by nature, dedicating ample time to the witnessing task of the church and to involvement in other spheres outside of the comfortable borders of the congregation or

institution. To prepare leaders for missional congregations, the thrust and ethos of the institutions should be missional. (Du Preez, Hendriks & Carl, 2014)

Teologiese opleiding is wesenlik missionaal – dié wat verantwoordelik is vir hierdie opleiding moet dus seker maak dat dit doelbewus missionaal is (Lausanne III, 2011:45-46). 'n Missionale teologiese opleiding moet erns maak met aktiewe deelname aan die *missio Dei* as deel van die opleiding en vormingsproses. Hierdie deelname gaan dan gepaard met refleksie wat deur 'n dosent gefasiliteer word om die student te help om 'n sensitiwiteit vir dit waarmee God besig is, te ontwikkel, maar ook 'n bewustheid van hulle eie rol en plek (James, 2013:151).

5.2.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Die grootste uitdaging vir die NHKA is dat die ontstaansproses van die kurrikulum soos dit vandag gestalte vind, oor die jare vorm aangeneem het en dus nie in staat is om meteens te verander nie. Alhoewel die NHKA in navorsing en teorie 'n missionale ekklesiologie voorstaan, is dit 'n moeilike proses om die kurrikulum te herevalueer en opnuut te benader, veral as daar nie 'n onmiddellike bloudruk is nie. Du Preez, Hendriks en Carl (2014:2) erken dat die oproep vir missionale kurrikulums nog nie wetenskaplik deur die teologiese instansies in sub-Sahara Afrika opgeneem is nie. Die realiteit is dat missionale leiers nie opgelei kan word as die teologiese opleiding van die NHKA nie verander om 'n missionale vertrekpunt te hê en missionaal georiënteerd te wees nie. Die Derde Lausanne Kongres wat in 2010 in Kaapstad plaasgevind het doen 'n beroep op instansies en programme van teologiese opleiding om 'n 'missionale audit' van hulle kurrikulums, strukture en etos te doen, om seker te maak dat hulle waarlik die behoeftes en geleenthede van die kerk in hulle kulture aanspreek (Lausanne III, 2011:46).

Die herevaluering en herskryf van die NHKA se kurrikulum is dus 'n uitgerekte en moeisame onderneming. Du Preez, Hendriks en Carl (2014:3) kom tot die gevolgtrekking dat alhoewel instansies ten gunste van 'n holistiese, missionale benadering as 'n integrale deel van hulle kurrikulum is, kan dit nog glad nie as missionaal georiënteerd beskryf word nie.

Dalk is een moontlikheid vir die NHKA om nie eerstens te fokus op 'n amptelike herskryf van die kurrikulum nie, maar om eerder missionale praktyke deel te maak van die huidige kurrikulum en die kultuur van die fakulteit. James (2013:152) maak 'n belangrik punt in hierdie opsig: "Given this high valuation of missionary action to missional education, it should not be surprising that several authors suggest missional educators ought to be practitioners, not pure academics." Dosente moet dus ook betrokke wees by missionale praktyke. Op hierdie wyse word dosente en studente missionaal gevorm en word die kurrikulum uitgedaag om aan te pas by die ervarings en insigte wat

klas toe gebring word. Hierdeur sal 'n nuwe stel behoeftes na vore kom en 'n raamwerk gee vir die herskryf van die kurrikulum. Wanneer vorming plaasvind op hierdie nie-formele vlak, kan dit makliker oorspoel tot die formele aspekte van die kurrikulum. "If, then, the vital dialogue between theological education and missional practice is to be re-kindled in the context of late or post-Christendom, it will require of theological educators and their institutions that some skills and priorities be developed that have not been strongly emphasized until now" (Guder, 2010:53).

5.3 'n Holistiese benadering

'n Holistiese benadering is essensieel wanneer dit kom by 'n missionale teologiese opleiding. Leiers wat deur hierdie opleiding gevorm word, se wese en roeping moet aangespreek word. In *hoofstuk 2* is verwys na die belang van 'n verstaan van die wese en roeping van die kerk. Gewoonlik word 'n gemeente gedefinieer op grond van wat die gemeente *doen*, maar by 'n missionale gemeente moet daar egter eerstens gefokus word op wat die gemeente *is* (Van Gelder, 2007:16-17). 'n Gemeente, volgens Roxburgh en Romanuk (2006:14), is God se kinders, geroepe om 'n unieke sosiale gemeenskap te vorm wie se lewens saam 'n teken, getuigenis en voorsmaak is van wat God doen in en vir die hele skepping.

Dieselfde geld as dit by die leiers van hierdie gemeentes kom. Die wese en roeping van missionale leiers sluit vanselfsprekend aan by die wese en roeping van die kerk. Leiers is deel van die kerk en staan nie apart daarvan nie. Leiers is in die eerste plek gelowiges, kinders van God, persone wat deelneem aan die *missio Dei*. Daarbenewens het hulle 'n bepaalde roeping of rol om te speel in gemeentes vanweë hulle leiersposisie. Wie die leier *is*, is daarom baie belangrik. "Missionale leierskap het ewe veel te doen met "being" as met "doing"" (Cordier, 2014:286). 'n Missionale leier moenie dus slegs gedefinieer word deur wat die leier *doen* nie, maar deur wie die leier *is*. "Ultimately the chief asset a church leader brings to the table is his or her own person" (McNeal, 1998:99). Daar is belangrike verskille tussen sekulêre leiers en leiers van 'n gemeente. Tussen al die verskillende leierskapsrolle neem godsdienstige leiers 'n unieke posisie in (Van Saane, 2012:45). Leiers van 'n gemeente funksioneer op 'n ander basis as sekulêre leiers, daar is gemeenskaplike aspekte, maar hierdie leierskap het 'n ander motivering, 'n ander bron van krag en is vir ander redes (Van Gelder, 2000:182).

Van Gelder (2000:181) verwys na die Bybel se klem op die twee verskillende aspekte van leierskap. Eerstens moet kerkleiers oor 'n volwasse Christelike karakter beskik en tweedens word leiers verkies op grond van hulle gawes en vaardighede. Van Saane (2012:62) meen ook dat geloofwaardige kerkleiers bepaal word deur die persoonlikheidsienskappe van die leier, diepgewortelde eienskappe. Daarby moet 'n kerkleier ook oor spesifieke vaardighede beskik,

toegespiets op die verskillende dele en rolle van 'n kerkleier. Tydens Pillay (2014) se lesing noem hy ook dat twee dinge essensieel is as dit by effektiewe kerkleiers kom, naamlik hulle karakter en vaardighede. Die kapasiteite wat 'n missionale leier benodig, sluit dus meer in as wat tans aangeleer en bekom word. Smith (2014:184) verwys na die belang van 'n leier se hele wese:

In our culture we place huge emphasis on the importance of the cognitive aspects of discipleship... However, we are far more than brains. We are holistic and embodied people. Therefore, discipleship takes place in all aspects of our lives. When we engage in raw spirituality we follow Jesus with our whole being. This includes our head but also the rest of us. Jesus referred to this when he invited us to love him with our heart, strength, mind and soul, and to love our neighbor as ourselves. Disciples desire to imitate the lifestyle of their rabbi, not just parrot his teachings. The invitation of holistic embodiment is a lifelong journey. (Smith, 2014)

'n Missionale leier se hele wese is belangrik, dis wie die persoon is. Met dit in gedagte kan daar aangesluit word by dié belangrike kenmerk van Springdale College se teologiese opleiding – 'n missionale teologiese opleiding het 'n holistiese benadering. Daar word nie net op een of sekere aspekte van die student se vorming gefokus nie, maar die student se hele persoon word oorweeg. Die kurrikulum is so saamgestel dat al die verskillende aspekte van die student doelbewus aangespreek word. Springdale College het hierdie aspekte of areas opgedeel in drie: persoonlike en spirituele vorming, praktiese ervaring en 'n gesonde teologiese agtergrond. Brynjolfson (2010:198) sluit hierby aan en deel dit op in die affektiewe (spirituele en karaktervorming), psigomotoriese (vaardighede en vermoëns) en kognitiewe (kennis of insig).

Naas hierdie drie areas is daar ook drie verskillende kontekste waarbinne teologiese opleiding kan plaasvind, naamlik die formele, nie-formele en informele. Elliston in Burton (2000:10) verduidelik die drie kontekste as volg:

Formele opleiding – skoolgebaseerde beplande onderrig, sertifikaat, diploma of graad georiënteerd, teoreties, toekomsgerig, sterk inhoud.

Nie-formele opleiding – beplande onderrig maar sonder die amptelike konteks, funksioneel georiënteerd eerder as sertifikaat georiënteerd, prakties, gerig op die hede.

Informele opleiding – onbeplande onderrig, prakties, onmiddellike oriëntasie, persoonlik, geïndividualiseerde, verhoudinggebaseerde ontwikkeling, ’n sterk invloed op waardes en houdings.

Die drie aspekte of areas van opleiding korrespondeer dan met die drie verskillende kontekste waarbinne opleiding kan plaasvind. Brynjolfson (2010:199) verduidelik dat kognitiewe ontwikkeling die beste plaasvind in die konteks van formele opleiding. Psigomotoriese en vaardighede ontwikkeling vind binne die konteks van nie-formele opleiding plaas en affektiewe ontwikkeling, of spirituele groei, en karaktervorming binne ’n informele konteks.

5.3.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Ward (2013:13-14) wys daarop dat die kontemporêre sekulêre kultuur, veral in die Westerse wêreld, ware kennis anders verstaan as die Hebreeuse kultuur en die godsdienstige wortels van die Christendom. Vir die eersgenoemde is dit duidelike, uitgeklaarde inligting en vir die laasgenoemde is ware kennis dit waarop ’n persoon reageer. Die uitkoms en sentrale doel van teologiese opleiding moenie gaan oor uitgeklaarde konsepte nie, maar eerder oor gehoorsaamheid – om te reageer op die waarheid. As ’n gelowige kan kennis nie verstaan word sonder ’n reaksie daarop nie. Teologiese opleiding is dus nie net kliniese kennis oor God of godsdiens nie, maar gaan oor ’n persoonlike verhouding met God en ’n aktiewe deelname in die wêreld. Die identifisering en ontwikkeling van effektiewe kerkleiers moet fokus op beide vaardighede en karakter (Pillay, 2014).

Die onderskeie areas en kontekste van opleiding moet daarom ewe veel aandag geniet. Springdale College deel doelbewus studente se tydsraamwerke en opleidingskontekste op in drie om dit te bevorder. Een van die NHKA se grootste uitdagings is dat daar nie ’n balans is tussen hierdie drie areas en kontekste van opleiding nie. In *hoofstuk 3* is daarna verwys dat die NHKA se belangrikste voorvereistes vir toelating tot die bediening steeds die akademiese kwalifikasie is wat deur studente verwerp word. Die erfenis van die Modernisme en Christendom laat ’n sterk klem op formele opleiding aan ’n universiteit wat die kognitiewe opleiding hoog op prys stel. Sekondêr is die praktiese opleiding van studente waarvoor die HTK verantwoordelik is en laastens word daar aandag gegee aan die spirituele en persoonlike vorming van studente waarvoor die Kuratorium verantwoordelik is. Die NHKA se teologiese opleiding, soos in die geval van baie ander instansies, het nie ’n holistiese benadering wanneer dit kom by die vorming van studente nie. “The dominant structure of many seminaries, however, favours academic instruction with some practical exposure and compartmentalises the spiritual with spiritual formation happening implicitly, informally and on a person basis” (Naidoo, 2010:185). Brynjolfson (2010:201) stem ook saam dat die kognitiewe

aspek voorrang kry bo die ander areas as dit kom by opleidingsinstansies. Binne die raamwerk van 'n missionale ekklesiologie moet die voorvereistes vir missionale leiers verder strek as akademiese opleiding, want die holistiese vormingsproses van missionale leiers is belangrik. Die woord "vorming" eerder as "opleiding" kan gebruik word, aangesien dit 'n holistiese en diepgaande proses is wat die persoon self aanspreek. Vorming gaan oor meer as kennis wat opgebou word en vaardighede wat aangeleer word, daar is 'n sterk fokus op spiritualiteit en karaktereenskappe en hoe dit ontwikkel word. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK, 2013:213) noem ook dat as dit by teologiese opleiding vir die vorming van missionale leiers kom, een van die heel belangrikste aspekte die vorming van 'n missionale spiritualiteit is.

'n Integrale kurrikulum is daarom die eerste voorstel vir die NHKA in die reis tot 'n missionale teologiese opleiding. Met 'n integrale kurrikulum word die behoeftes van die hele persoon aangespreek en opleidingshulpbronne word daarvolgens toegeken (Brynjolfson, 2010:200). Dit gaan egter vra dat die NHKA drastiese aanpassings maak in haar opleidingsprogram en kurrikulum. Ewe veel tyd moet in die formele konteks van die klaskamer deurgebring word, as wat daar in die nie-formele konteks ervarings en vaardighede opgebou word. En so ook moet daar genoegsame tyd wees vir refleksie in die informele konteks vir spirituele groei en karakterontwikkeling. Hulpbronne moet ook so verdeel word. Nuwe modelle van opleiding moet dus ondersoek word: vir die nie-formele konteks kan daar byvoorbeeld die moontlikheid van indiensopleiding oorweeg word en vir die informele konteks moet daar ruimtes en sinvolle verhoudings geskep word. Hierdie moontlikhede word onder die volgende punte bespreek.

5.4 Spirituele ontwikkeling en karaktervorming

Spirituele ontwikkeling en karaktervorming is een van die belangrikste kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding en behoort die beginpunt te wees van so 'n opleiding. "Missionale spiritualiteit is onmisbaar in die veranderingsproses wat so wesenlik deel van missionale leierskap is" (Niemandt, 2013:174). Dr Martin Robinson, hoof van Springdale College, lig dit uit as 'n prioriteit in al die kursusse wat deur die kollege aangebied word (*hoofstuk 4*). 'n Leier kan mense nie lei om deel te neem aan die missio Dei, as hy self nie 'n verhouding met God het en deel het aan die missio Dei nie. Spirituele ontwikkeling en karaktervorming gaan oor geestelike volwassenheid. "Dit is nie moontlik om 'n missionale leier te wees as 'n persoon nie deur 'n diep deurleefde proses van innerlike persoonlike verandering gaan nie" (Niemandt, 2013:178).

Horsthuis (2011:86) se teologie van leierskap help om die belang van spirituele vorming vir 'n missionale teologiese opleiding te verduidelik: "We do not lead churches, but we are participants in Christ's leading of the church by the Father's will and the Holy Spirit's enablement". Sy teologie is

gebou op die konsep van *perichoresis*. Hierdie term word gewoonlik gebruik met betrekking tot die leerstelling van die Triniteit. Die basiese idee is dat al drie die persone van die Triniteit wedersyds in die lewe van die ander persone deel, dus is geen een geïsoleerd of losstaande van die aksies van die ander nie (McGrath, 2007:492). Die konsep *perichoresis* help om leierskap as ‘deelname’ te verstaan. “We do not lead *for* God, or *in light of* God, but as participants *with* God” (Horsthuis, 2011:86). Sweet sluit ook aan by hierdie konsep van *perichoresis*, wat ook beskryf word as die dans van die Triniteit, en beklemtoon dat die belangrikste menslike rol is om deel te neem en aan te sluit by hierdie dans. Leierskap gaan vir hom dus eerder oor volgelingskap. “Following is the most underrated form of leadership in existence” (Sweet, 2012:14). ‘n Belangrike fokusverskuiwing vind plaas as leierskap so verstaan word. Die klem is nie meer op die kennis of vaardighede van die leier nie, maar op die leier se deelname en bewuswording van waarmee God reeds besig is. Daarom moet die beginpunt van leierskap ‘n intieme verhouding met God wees, en daarom is die spirituele vorming van studente ‘n belangrike kenmerk van ‘n missionale teologiese opleiding.

Spiritualiteit gaan oor verhoudings, met God, met jouself en met ander (Brynjolfson, 2010:197). Spirituele ontwikkeling gaan dan oor die verdieping van hierdie verhoudings. Spirituele vorming is 'n lewenslange proses van vorming en ontwikkeling in die beeld van God (Galasiërs 4:9; Kolossense 1:28; Romeine 12:2) (Naidoo, 2008:130). Borg (1995:61-62) vertel hoe hy as student geleer het oor die Bybel en teologie, maar nie veel oor spirituele praktyke nie en dat hy gevind het die bediening is onmoontlik daarsonder. “I had to surrender my illusion of control and self-sufficiency and learn to let God be God for me... I had to get a new heart” (Borg, 1995:62). Missionale leiers moet nuwe harte kry, hulle moet self met God worstel en self na Hom soek en so ontdek hoe om deel te neem aan die *missio Dei*. Eers dan kan hulle werklik ander lei. Barton skryf oor Moses en hoekom hy juis geskik was om die Israëliete op reis te neem: “The best guide for any journey is one who has made the journey himself or herself – perhaps multiple times – and thus knows something about the terrain, the climate, the beauties, dangers and challenges present at each point along the way” (Barton, 2008:87). ‘n Gesonde spiritualiteit is daarom belangrik vir missionale leiers. Naidoo (2010:187) stel dit as volg:

Because a certain type of person is needed to be trained for church leadership with a particular spiritual aptitude or maturity, theological institutions have a responsibility to engage student in reflecting on the spiritual life, to provide opportunities for students to deepen their spiritual journeys and to develop in students spiritual maturity that is required of future church leaders. (Naidoo, 2010)

Spirituele ontwikkeling loop oor tot karaktervorming. Hierdie verhouding met God, met jouself en met ander transformeer jou – wie jy is. Spirituele ontwikkeling en karaktervorming is onseibaar. “A person who pursues spiritual growth will also discover areas of the character that are in need of transformation” (Brynjolfson, 2010:197). Spirituele en karaktervorming is ’n aanhoudende proses wat studente toerus met die regte kombinasie van kapasiteite om effektief in hulle gemeenskappe te kan werk (Naidoo, 2010:188). Vir Van Gelder gaan dit om geestelike volwassenheid. Om ’n leier in die kerk te wees moet ’n persoon ’n volwasse Christelike karakter hê ten opsigte van die vrug van die Gees (Gal. 5:22-23) wat handel oor verhoudings. Die persoon moet dan ook hierdie verhoudings met ander gelowiges kan opbou (Van Gelder, 2000:181). Ander belangrike kapasiteite van missionale leiers wat karakter betref, is volgens Van Saane (2012:79):

- emosionele stabiliteit (openheid, ekstroversie, groei, optimisme, stresweerstand)
- selfvertroue (selfbewustheid, selfverdediging, selfinsig, selfgeding, selfliefde)
- outentiekheid/egtheid (integriteit, sorgvuldigheid, in-die-groep-identiteit, eerlikheid, charisma, eie spiritualiteit)
- aanpasbaarheid (in rolle, in style, ten opsigte van volgelinge)
- onselfsugtigheid (nederigheid, empatie, vryheid van ander)
- verbeeldingskrag (kreatiwiteit)

Pillay (2014) meen die volgende vier aspekte van ’n kerkleiers se karakter is van belang:

- integriteit;
- geestelike lewenskrag (om God te ken);
- ’n gesonde verstand;
- passie (iemand wat mense waarlik liefhet).

McNeal (1998:43-44) verwys na hierdie spesiale leierskapskapasiteite:

- visie (’n leier moet verstaan wat sy/haar roeping is, ’n leier kan nie ontwikkel sonder ’n persoonlike visie nie)
- waardes (’n leier moet eie geestelike vorming belangrik ag)
- intuïsie (’n aanvoeling vir wat om te doen te midde van nuwe situasies, die leier se gebedslewe is hier van belang)

Vir Cordier (2014:288-289) is die eerste en mees fundamentele kapasiteit waaroor die predikant as missionale leier moet beskik, sy eie apostoliese vorming as mens en as gestuurde. Die onderliggende boustene van hierdie fundamentele kapasiteit is as volg:

- 'n gegronde en geïntegreerde missionale teologie en roepingsbewussyn
- persoonlike geestelike vorming en Bybelse navolging van Christus
- persoonlike integriteit en selfkennis

Vir Horsthuis (2011:103) is 'n opregte selfverstaan ook belangrik vir persoonlike groei en die integrasie van al die aspekte van die bediening.

5.4.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Die opleiding en vorming van leiers is iets wat dringend aandag benodig om die krisis waarin die NHKA haarself bevind, aan te spreek. Dit is egter nie enige tipe opleiding wat 'n oplossing kan bied nie. Die vraag wat gewoonlik gevra word, is hoe om beter leiers vir kerkwerk te ontwikkel, maar die vraag moet egter eerder gevra word hoe om leiers te ontwikkel vir die Christelike beweging (McNeal, 2003:121-129). Hierdie fokusverskuiwing het ook 'n invloed op die tipe opleiding wat benodig word. In die Cape Town Commitment (Lausanne III, 2011:36) word daar verwys na twee probleme van leierskapsontwikkeling:

- Arguably the scale of un-Christlike and worldly leadership in the global Church today is glaring evidence of generations of reductionist evangelism, neglected discipling and shallow growth... The answer to leadership failure is not just more leadership training but better discipleship training. Leaders must first be disciples of Christ himself.
- ...some leadership training programmes focus on packaged knowledge, techniques and skills to the neglect of godly character. By contrast, authentic Christian leaders must be like Christ in having a servant heart, humility, integrity, purity, lack of greed, prayerfulness, dependence on God's Spirit, and a deep love for people.

Die tipe opleiding wat nodig is, moet dus eerstens fokus op dissipelskap, spirituele ontwikkeling en karaktervorming. Dit is nie 'n aspek wat tans 'n groot deel uitmaak of prioriteit is vir die NHKA se teologiese opleiding nie. Soos reeds genoem, bly die fokus akademiese gerigtheid en spirituele vorming, terwyl karaktervorming min tot geen aandag geniet. Die HTK is verantwoordelik vir die bevordering van 'n gesonde spiritualiteit en daar is gevolglik een voogperiode en een

godsdiensterperiode per maand wat elk ongeveer 50 minute duur (*Hoofstuk 3*). Hierdie periodes is nie 'amptelik' deel van die kurrikulum nie en word gesien as 'n opsionele ekstra. Dit is duidelik dat daar 'n groot wanbalans is wanneer dit kom by hierdie belangrike aspek van 'n student se vorming. Akademiese instansies het 'n verset teen affektiewe leerdoelwitte, aangesien dit nie objektief gemeet kan word nie, en spirituele vorming is 'n affektiewe onderneming (Brynjolfson, 2010:198).

Akademiese instansies weet nie hoe om hierdie vormingsproses deel te maak van hulle kurrikulums nie. Spirituele vorming en karaktervorming is 'n proses wat, soos reeds genoem, binne informele ruimtes en deur middel van sinvolle verhoudings plaasvind. Dit kan dus nie plaasvind deur die skedulering van nog 'n module of 'n klas nie. Spiritualiteit is 'n abstrakte konsep wat moeilik inpas in 'n kliniese kurrikulum. "Leadership development efforts aimed at spiritual leaders all too often have neglected these issues of heart" (McNeal, 2000:x). Dit is die volgende uitdaging van die NHKA. In die NHKA word gesonde persoonlike en spirituele vorming van studente veronderstel, maar nie doelbewus aangespreek nie. Dit kom dan neer op die eie verantwoordelikheid van elke student. In die huidige konteks van studente van die NHKA kan dit egter nie veronderstel word nie. Die ontwrigting van die tradisionele gesinslewe en die afname in kerklike betrokkenheid onder baie jongmense het daartoe gelei dat baie studente min of geen sin van die geskiedenis, gewoontes en etos van die godsdienstige gemeenskappe wat hulle geroepe voel om te dien en lei, het nie (Naidoo, 2010:190). Die NHKA moet dus doelbewus die spirituele en karaktervorming van studente aanspreek.

Spiritualiteit is 'n abstrakte begrip en alhoewel daar nie deur afgebakende geskeduleerde klastye daaraan aandag gegee kan word nie, moet daar steeds erns daarmee gemaak word. "Our reliance on methodological procedures that serve to acquire knowledge, understanding and to develop critical and analytical skills, is the primary cause of failure to achieve affective outcomes." (Brynjolfson, 2010:199). Die regte metodes word dus nie gebruik vir spirituele ontwikkeling en karaktervorming nie. Hierdie ontwikkeling en vorming vind plaas binne 'n informele relasionele konteks. "When different methods for cultivating spirituality are aligned in an intentional way, the effect will be powerful... Spiritual formation in this case is not simply a goal among others, but a permeation of all educational goals" (Naidoo, 2010:193). Die metodes of moontlikhede vir die NHKA in hierdie opsig is die regte ruimtes, verhoudings en lewensritmes.

Ruimtes

Dit gaan nie daaroor om nog 'n module te skep binne die formele opleidingsprogram nie, maar eerder informele ruimtes te erken as deel van die opleidingsprogram. Affektiewe uitkomstes word nie maklik gegeneer binne die konteks van formele opleiding nie (Brynjolfson, 2010:198). Die

NHKA kan nie noodwendig ruimtes skep met die doel om spesifieke uitkomst te bereik nie, maar die NHKA moet doelbewus ruimtes skep waar hierdie vorming kan plaasvind. Hierdie ruimtes moet fokus op die relasionele. Brynjolfson (2010:200) noem mentorskap as 'n voorbeeld. Groei binne hierdie ruimtes is nie maklik meetbaar nie, maar dit gebeur verseker binne 'n konteks van egte gemeenskap. Hierdie ruimtes word later in die hoofstuk verder bespreek.

Verhoudings

“True spirituality is discovered in human relationships, built on the foundation of a relationship with God” (Amalraj, 2009:9). Verhoudings is belangrik. Sinvolle verhoudings, waarbinne spirituele ontwikkeling en karaktervorming kan plaasvind, sal wees met iemand na wie die student kan opkyk, iemand wat 'n rolmodel of mentor kan wees. “A factor appearing to influence the immediacy of this kind of learning is the perceived suitability of the model in the mind of the learner” (Brynjolfson, 2010:199). Dit kan dus nie sommer enigiemand wees nie, want die sukses van so 'n verhouding word bepaal deur hoe 'n student hierdie rolmodel of mentor ervaar. 'n Rolmodel of mentor kan enigiemand in die student se lewe wees, maar Brynjolfson (2010:200) wys op die belangrike rol wat predikante en dosente kan speel in hierdie verband:

Practitioners and professors need to engage students socially outside of the context of the classroom, in the context of authentic community. This is where attitudes will be modelled, observed and acquired. (Brynjolfson, 2010)

Daar word later in hierdie hoofstuk meer hierop uitgebrei.

Lewensritmes

Spirituele vorming gaan eerstens oor jou verhouding met God en dus is dit belangrik om sekere daaglikse lewensritmes vas te stel om hierdie verhouding te versterk. Roxburgh & Romanuk (2006:153) verwys na monastieke gemeenskappe. Hulle is gevorm deur “a rhythm of life called the daily offices.” Dit gaan daarvoor om iets daaglik in jou lewe in te bou wat jou herinner aan jou lewe as 'n geskenk en genade. 'n Bepaalde tyd vir stilte of gebed kan as voorbeelde dien. Dit is wel 'n uitdaging in ons gejaagde wêreld. McLaren (2010:272) vertel dat tye van stilte en gebed vir hom te veel voel asof hy besig is om niks te doen nie, soos 'n mors van tyd, maar die tye van rus en stilte en niks doen is tye wanneer vertroue op God waarlik geïnternaliseer word – hy verwys na Psalm 127: As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. “...eventually, I began to realise that to be an

activist – to get good things done, and done well – meant that I must see contemplation not as a burden, duty, or distraction, but as a gift, as an opportunity, as a joy” (McLaren, 2010:273). Tye van stilte en rus gaan daaroor om ‘n nuwe ritme van lewe te vestig. Hierdie nuwe ritme van lewe help ook met die kopskuif dat jou geestelike lewe en jou *regte* lewe nie geskei is nie, maar dieselfde lewe is. “Ons is almal daaraan gewoond om oor die *kerk* en die *wêreld* te praat asof dit twee heeltemal verskillende werklikhede is” (Niemandt, 2007:72). Al ons daaglikse ritmes moet in pas wees met die werklikheid van die Heilige Gees se teenwoordigheid en leiding. “Through the Spirit’s empowerment our practices and habits form us into specific people. We are being sanctified. As we learn Jesus, we synchronize our daily rhythms with God’s amazing grace” (Smith, 2014:185).

Daar val ‘n sterk klem op die studente self en die inoefening van geloofsvormende gewoontes en dissiplines met die oog op die vorming van ‘n Bybelse identiteit en leefstyl (Cordier, 2014:286). Die NHKA se dosente en predikante moet dien as fasiliteerders om hierdie lewensritmes te help kweek in die lewens van studente. Spirituele ritmes of lewensritmes verg ‘n bepaalde instelling, toegewydheid en inoefening. “Many of us leader-types are unaccustomed to the language of the soul and its quieter ways” (Barton, 2008:17). Dit is moeilik om tot stilstand te kom en af te skakel. Teologiese studente en missionale leiers is nie ‘n uitsondering nie. Tye van stilte en refleksie is egter baie belangrik in die aanhoudende vormingsproses van studente en missionale leiers. Dit help om onderskeidingsvermoë aan die dag te lê en werklik God se stem te hoor. “Rhythms of work and rest are fundamental to our well-being” (Barton, 2008:121). Barton noem dan ‘n paar voorbeelde van ritmes wat aangeleer kan word:

Sabbatonderhouing

Sondag is die besigste dag van die week vir kerkleiers en teologiese studente. Dit is egter belangrik om een dag ‘n week uit te sonder wat gewy word aan die Here, wat nie noodwendig ‘n Sondag hoef te wees nie. ‘n Dag vir refleksie en introspeksie. Dit is ‘n ritme wat God self vir ‘n bepaalde rede in ons week ingebou het. “Sabbath keeping honors the body’s need for rest, spirit’s need for replenishment and the soul’s need to delight itself in God for God’s own sake” (Barton, 2008:122). Eugene Peterson skryf in sy boek *Working the Angels* oor die belang van die onderhouing van die Sabbat. Vir hom is dit ‘n eenvoudige saak en opdrag, maar een wat nagekom moet word:

We return home in the middle or late afternoon, putter, do odd jobs, read. After supper I usually write family letters. That’s it. No Sinai thunder. No Damascus Road illuminations. No Patmos visions. A day set apart for solitude and silence. Not-doing. (Leadership Journal, 2004).

Dit is in hierdie tye van niks doen wat daar iets met jou gebeur. Onopvallende verandering in persepsies vind plaas tydens hierdie praktyk van sabbatonderhouing.

Retraite

Tydperke van afsondering is nodig om te rus en weer perspektief te kry. Afsondering help studente en missionale leiers om sin te maak uit alles. “This aspect of heart-shaping reflects the leader’s conscious cultivation of a relationship with God” (McNeal, 2000:xiii). Barton (2008:123) verwys na die gevare as daar nie tye vir afsondering is nie:

One of the occupational hazards for those of us in Christian ministry is that it can become hard to distinguish between the times when we are “on” and working *for* God and times when we can just *be with* God for our own soul’s sake... We might notice that Scripture has been reduced to a textbook or a tool for ministry rather than an intimate personal communication from God to us. (Barton, 2008)

Stilte

In een van die *TED Talks* praat Pico Iyer oor die kuns van stilte. Hy is ‘n reis-skrywer, maar deesdae is die plek waarheen hy die graagste wil gaan ‘nêrens’. In sy praatjie wys hy op die ongelooflike insigte wat na vore kom as mens tyd maak vir stilte. “In our world of constant movement and distraction, he teases out strategies we all can use to take back a few minutes out of every day, or a few days out of every season” (TED, n.d.). Stilte is om doelbewus tyd te maak om te luister na God. “Engaging in rhythms of silence and stillness that eventually give way to well-chosen words and right action is a pattern that teaches us in very concrete ways to wait on God” (Barton, 2008:125). In ons gejaagde wêreld voel enige oomblik van stilte na ‘n mors van tyd, ons wil eerder meer doen en is voortdurend in ‘n resies met tyd. Om te doen is ook belangrik, maar eers na doelbewuste tye van stilte. “If we pray and never do anything, God’s will will never actually be done... If we keep doing things but shun stillness and prayer, chances are our actions will be less than what is really needed” (Barton, 2008:126).

Selfkennis en selfondersoek

Selfkennis en selfondersoek is nou verbind aan roeping. Roeping is God se inisiatief (Van Saane, 2012:53). Die student of leier reageer dan daarop. “God’s part of the call dynamic is to initiate, guide, position, and intervene. The leader’s part of the call drama is to hear, respond, search, and

order or reorder life” (McNeal, 2000:95). Die roeping kom vanuit wie die leiers is, maar dit vorm ook wie die leier is. “Roeping vergt dan ook voorzichtigheid en kritische reflectie” (Van Saane, 2012:56). Roeping vra daarom vir voortdurende selfondersoek. Dit is baie meer as ’n funksie van die leier, dit is die kern van die leier se wese. “It is the pivotal and life-defining decision” (McNeal, 2000:95). Om mense geestelik te transformeer moet jy eers self getransformeer word en aanhou transformeer. “A natural outcome of time spent in the safety of God’s presence is that it becomes quite natural to engage routinely in a rhythm of celebrating who we are in Christ and the work of transformation that God is doing in our lives, as well as inviting him to show us those places where we are still living in bondage to sin and negative patterns” (Barton, 2008:126).

Hierdie onderskeie ritmes lei tot onderskeidingsvermoë. “At the heart of spiritual leadership and spiritual journeying is discernment – the capacity to recognize and respond to the presence and the activity of God both personally and in community” (Barton, 2008:192-193). Leiers word gevorm binne hierdie informele konteks. “God uses the commonplace to shape the leader’s heart” (McNeal, 2000:177).

5.5 Praktiese ondervinding en vaardighede

Springdale College se kurrikulum is so gestruktureerd dat ’n derde van die student se opleiding aan praktiese werk afgestaan word. Daar is ook gereeld geleentheid vir besprekings en tyd vir refleksie van studente se praktiese ervarings saam met dosente en mede-studente. Praktiese ervaring en die opbou van praktiese vaardighede is ’n belangrike kenmerk van ’n missionale teologiese opleiding. Verwys terug na *hoofstuk 3* vir die belang van ’n dialoog tussen teologiese opleiding en missionale praktyke. Hierdie wisselwerking tussen teorie en praxis is van uiterse belang in die vormingsproses van studente.

Praktiese werk bied die geleentheid om te leer en te ervaar. Dit is ’n geleentheid vir studente om hulle teoretiese kennis in die praktyk te toets en te implementeer. Dit gee so aanleiding tot die toename in waardevolle nie-formele kennis en vorming, wat hul integreer binne-in hulle bestaande raamwerk. Dit is ’n prinsiep van akkumulering deur enkulturasie – ’n verbreding van hulle kennis deur die toetsing daarvan in die diversiteit van die praktyk. Hierdie benadering kan beskou word as ’n natuurlike eksperiment waarvan die nie-formele ervaring en kennis wat opgedoen word, verrykend is vir beide die student sowel as die fakulteit. So ’n benadering maak erns met die realiteit van die teologiese praxis van missionale leiers, wat uiters divers en kontekstueel gebonde is en waarvoor die formele opleiding nie studente voldoende kan voorberei nie.

Praktiese werk rig die fokus van teologiese opleiding op die konkrete wêreld. 'n Goeie begroeding in beproefde teologiese teorie is baie belangrik vir die opleiding van missionale leiers, maar praktiese ervaring dien as 'n belangrike verwysingspunt vir die formele konteks van opleiding. Studente se betrokkenheid in missionale praktyke is onontbeerlik vir teologiese opleiding. Paas (2011:128) noem die volgende redes: "They are sources for theological reflection and invaluable opportunities to learn to become strangers again. They invite us to study the Bible together. They help us to be theologians of the Church. They give us credibility when we address others, Christians and nonChristians". 'n Leier is deel van die wêreld met al sy verskillende fasette. McNeal (2000:73) stel dit as volg:

We are not born into a vacuum. We enter the world into a stream of the human family and human experience. Language, race, geography, demography, and economic status all influence and shape the world we live in and define our connectedness to it and our distinctiveness from it. We depend on culture to give us a beginning point in understanding ourselves. (McNeal, 2000)

Die kultuur of konteks as beginpunt vir leiers se verstaan van hulleself is ook, soos reeds genoem, 'n belangrike verwysingspunt vir die teoretiese opleiding van studente. Teoretiese opleiding neem nie altyd die konteks genoegsaam in ag nie. Leiers word nie in 'n vakuum gevorm nie en moet bewus wees van die omgewing waarbinne hulle bedien. "...there is a dynamic relationship between a congregation and its local context" (Van Gelder, 2007:127). 'n Missionale teologiese opleiding vorm leiers met 'n oriëntasie na die wêreld. "Other leadership motifs require leaders to be competent to work inside the church... The apostolic leader's competency revolves around the ability to work outside the church in the world that is not a part of the church culture" (McNeal, 2003:126-127). Dit is daarom belangrik dat leiers bewus is van die konteks waarbinne hulle bedien. Kultuur is iets wat diep wortels het. Een van die bekende skrywers van die *New York Times*, Malcolm Gladwell (2008:175), skryf vanuit 'n sekulêre oogpunt oor die belang daarvan om die kontekstualiteit van kultuur te verstaan wanneer hy sê:

Cultural legacies are powerful forces. They have deep roots and long lives. They persist, generation after generation, virtually intact, even as the economic and social and demographic conditions that spawned them have vanished, and they play such a role in directing attitudes and behaviour that we cannot make sense of our world without them. (Gladwell, 2008)

Gibbs en Coffey (2001:33) verwys ook na die belangrike invloed van kultuur:

Cultures permeate every aspect of life, and each culture provides its own lens through which the people within that culture view the world around them. A culture defines what is normative and plausible among a group of people according to its worldview. It also constructs their internal world. None of us is free from the all-pervasive influence of culture. It influences our theological thinking and our missiological endeavours no less than our social interaction. (Gibbs and Coffey, 2001)

Daar is dus 'n kulturele kennis wat net kom deur belewenis, of te wel enkulturasie, wat van groot belang is vir missionale leiers. Missionale leiers benodig praxis buite die tradisionele raamwerk om die kulturele strome te verstaan en te kan beïnvloed. Die kulturele strome waarbinne hulle arbei is volgens die definisie van missionaal buite die veiligheid van die tradisionele kerklike raamwerk. Missionale leiers word geroep om kerk te gaan wees in die wêreld buitekant die kerk. "Missiologists do cultural exegesis. Missionaries understand that being culturally relevant is critical to an evangelism strategy" (McNeal, 2003:51). Hulle opleiding kan dus nie gesentreerd wees op die wêreld van tradisionele kerklike kultuur nie, omdat hul bedieningsveld wyer lê en strek oor die grense van tradisionele kerklike kultuur. Wanneer missionale leiers gevorm word deur die soeke na God-in-die-wêreld eerder as deur die wêreldvreemde sentra van die teologiese studies, help dit met die vorming van 'n meer missionale roeping. Kultuur doen twee dinge - dit vorm leiers en konfronteer leiers (McNeal, 2000:75). "Every person is, to a greater or lesser extent, shaped by his or her own cultural context" (Gibbs & Coffey, 2001:33).

Konteks of kultuur speel 'n rol in die vormingsproses van leiers. Dit is daarom sinvol om voortdurend in te skakel by verskeie kontekste of kulture. Hierdie praktiese ervarings help studente om die vaardighede te ontwikkel en vas te lê wat nodig is vir die vorming van missionale gemeentes en die toerusting van lidmate. 'n Missionale teologiese opleiding moet dus erns maak met die praktiese opleiding van studente om hierdie vaardighede te kweek.

Van Saane (2012:80) verwys na dié vaardighede waarvoor 'n geloofwaardige leier moet beskik:

- interpersoonlike vaardighede
- konflikthantering
- spanwerk
- onderrig

- bemagtiging
- veranderingsvaardighede
- kognitiewe of tegniese vaardighede

Vir Pillay (2014) is die volgende vier vaardighede, met 'n spesifieke fokus op Suid-Afrika, van belang:

- Bybelse kundigheid – verkondiging van die evangelie teenoor die lewering van 'n motiveringspraatjie
- kulturele sensitiwiteit – akkommodasie van diverse kulture, verskillende style van aanbidding, Suid-Afrika se diversiteit as 'n geleentheid beskou, gewilligheid om oor grense te gaan
- ras-transendensie – geleentheid identifiseer om mense saam te bring, kerkleiers moet agente van hoop wees
- gemeenskapsbetrokkenheid en –ontwikkeling – kerkleiers moet 'n alternatiewe skep, gee en uitwys

McNeal (1998:44-46) verwys na hierdie spesiale leierskapskapasiteite:

- neem van risiko's – om te weet hoe en wanneer om risiko's te neem, leierskap sonder risiko's is onmoontlik
- sisteemdenke – die leier moet verstaan wat die sistematiese impak is van veranderlikes, dit gaan oor analitiese denke
- geleentheid – die skep en gebruik van geleentheid, 'n proaktiewe bediening
- vertrouwe bou – dit lei tot die ontwikkeling van spanwerk
- begeleiding/ondersteuning ontwikkel – om mense te begelei en mense te identifiseer om jou te begelei, so word ondersteuning bekom vir die leier se persoonlike lewe en geestelike behoeftes

Cordier (2014:289-290) verwys na die kapasiteit van fasiliteerder en begeleier as een van die kernkapasiteite van 'n predikant as missionale leier. Sekere kapasiteite of vaardighede is nodig om die komplekse proses van aanpassende kultuurverandering te kan begelei en fasiliteer. Hy verwys na die volgende kapasiteite:

- Die kapasiteit om onsekerheid en verandering te kan omarm en te kan hanteer as geleenthede waar God werk, wat insluit:
 - 'n diep en passievolle oortuiging dat transformasie God se wil vir die gemeente is en die wil om dit te laat slaag;
 - die kapasiteit om aanpassende verandering met leerbaarheid, openheid en 'n bereidheid om te verander, te kan hanteer;
 - die kapasiteit om konflik, weerstand en kritiek op 'n volwasse manier te hanteer;
 - die kapasiteit om met geduld te kan volhard.

- Die kapasiteit om kultuur te kan transformeer en te kan vestig, wat insluit:
 - die kapasiteit om bestaande kulture te verstaan en te respekteer;
 - die kapasiteit om die proses van transformasie te verstaan en te fasiliteer;
 - die kapasiteit om 'n alternatiewe toekoms te visualiseer en te innoveer;
 - die kapasiteit om integrasie te kan bewerkstellig;
 - die kapasiteit om transformasie-kredietwaardigheid te kan bou.

- Die kapasiteit om missionale leierskap op alle vlakke van die gemeente te bou en vir die geloofsonderskeidende reis te bemagtig.

- Die kapasiteit om missionale praktyke en dissiplines te vestig, wat insluit:
 - die kapasiteit om gewoontes te vorm en te vestig;
 - die kapasiteit om vreemdelinge en vreemdelingskap te omarm;
 - die kapasiteit om grense oor te steek;
 - die kapasiteit om te kan eksperimenteer en risiko's te kan neem.

(Cordier, 2014)

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die vorming van missionale leiers 'n proses is waarin verskeie vaardighede aangeleer en vasgelê moet word en dat dit onmoontlik is sonder praktiese ondervinding.

5.5.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Die NHKA erken dat praktykopleiding baie belangrik is. Die HTK is verantwoordelik vir die aanbieding van kerkspesifieke modules wat op die bedieningspraktyk van die NHKA fokus vir studente vanaf hul derde studiejaar. Daar word ook addisionele praktykvorming vir die vierde en vyfde jaarstudente aangebied. In die sesde jaar word daar van studente verwag om voltydse betrokke te wees by 'n gemeente en sekere praktiese werk te doen in die gemeente. Verwys na *hoofstuk 3* vir 'n volledige uiteensetting.

Die uitdaging vir die NHKA is om eerstens hierdie praktykvormingmodules te herstruktureer. Tans geskied die praktykvorming van studente hoofsaaklik in die formele konteks van die klaskamer deur 'n teoretiese opleiding van die praktyk. Praktykvorming behoort in die praktyk te geskied. Die praktyk is die optimale ruimte waar studente voorberei word en waar vaardighede ontwikkel word. Die formele konteks van die klaskamer behoort beperk te word tot besprekings en refleksie van dit wat in die praktyk geleer en ervaar is.

Tweedens is die uitdaging vir die NHKA om weg te doen met kerkspesifieke modules. Daar is reeds genoem dat missionale leiers se fokus die hele wêreld, verder as die grense van die tradisionele strukture van die kerk, insluit. 'n Praktiese opleiding binne 'n spesifieke kerk berei studente nie hiervoor voor nie. Daar moet eerder gefokus word op die spesifieke kulture in studente se onmiddellike omgewing waarbinne bedien moet word. Die praktiese aspek van teologiese opleiding moenie deur die NHKA onderskat word in 'n poging om te transformeer tot 'n missionale kerk nie. Beide Jesus en Paulus gebruik die vakleerlingskapmetode van dissipelskap. "This was "on the job" training, putting into practice what is learned, and a very effective way of training leaders for ministry" (Burton, 2000:4). Die NHKA moet erns maak met die praktiese opleiding van studente reeds van die begin van hulle studies af.

Praktiese werk gaan gepaard met krisis, veral in die huidige konteks van die NHKA. Krisis bied egter ideale geleenthede, want om 'n krisis deur te maak skep 'n ruimte vir verandering en nuwe insigte. 'n Krisis het die potensiaal om die student, gemeente of gemeenskap te transformeer as dit reg bestuur word. "For the crucible to have its intended effect, leaders must have a process in place to forge meaning out of the crisis in a way that gives fresh hope" (MacIrvine, 2010:218). MacIrvine (2010:218-220) noem nege tipes krisis wat missionale verandering kan aanhits of teweegbring:

- 1) spirituele krisis – donker nag van die siel
- 2) kulturele – sukkel om postmoderne by kerk te integreer, kerk raak irrelevant
- 3) middeljarekrisis

- 4) interpersoonlike krisis – gebroke verhoudings tussen kollegas
- 5) morele of potensiële morele krisis – worsteling met ‘n slegte gewoonte
- 6) situasiekrisis – kerk wat in voormalige ryk omgewing was, nou omring deur armoede
- 7) gesondheidskrisis
- 8) bestuurde krisis – kerk het besluit om te verander, deur die verandering het krisis ontstaan
- 9) onderrigkrisis

Tydens studente se praktiese werk gebeur krisisse. Vir die vormingsproses van missionale leiers is hierdie krisisse van kardinale belang. Soos MacIrvine genoem het, is daar verskillende tipes krisisse. Ongeag wat die krisis is, lei dit tot twee belangrike uitkomst: eerstens om iets te ervaar wat altyd net teoreties was en tweedens om ook tot nuwe teologiese insigte te kom (MacIrvine, 2010:221-222). Hierin lê ‘n belangrike moontlikheid vir die NHKA. Hierdie krisisse transformeer nie net die student nie, maar maak die studente deel van die transformasieproses van die NHKA.

Transformasie van gemeentes is ‘n belangrike deel van missionale leierskap en hierdie prosesse moet gevolglik deel wees van ‘n missionale teologiese opleiding. Daar moet metodes ondersoek word wat leiers kan help met die veranderingsproses. Die NGK (2013:213) stel dat teologiese opleiding kennis en vaardighede behoort te ontwikkel met betrekking tot klimaatskepping: die kultivering van ‘n omgewing waar God se werk in die gemeente en in die konteks van die gemeente onderskei word. Kennis en vaardigheid oor die aard van kultuurverandering is dus noodsaaklik. Nog ‘n hulpmiddel of vaardigheid wat ontwikkel kan word, word gesien in David Rock se boek *Quiet Leadership*. Hy beskryf ses stappe om mense te help om self tot insig te kom. Leiers kan nie die regte antwoorde gee of gewoontes verander nie, maar hulle kan wel mense help om self tot insig en by oplossings uit te kom. Rock (2007:xi) stel dit as volg:

Quiet Leadership is not an academic theory; instead, it’s a practical, six-step guide to a new way of having conversations, based on recent discoveries about how the brain works. The central part of this book, the Six Steps to Transforming Performance, points to a new way of thinking, a new way of listening, a new way of speaking, a new approach to every conversation a leader has with their people. (Rock, 2007)

Praktiese opleiding is dus belangrik, nie net vir die vorming van studente nie, maar ook vir die transformasieproses van gemeentes.

5.6 Die vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond

Springdale College ag 'n gesonde teologiese agtergrond as een van die belangrike aspekte van 'n student se ontwikkeling en die kollege se kursusse word dus deur 'n universiteit geakkrediteer. Die veronderstelling is dat 'n universiteitsgeakkrediteerde kursus van hoogstaande akademiese kwaliteit is. Dit is daarom ook vir die NHKA belangrik om teologiese opleiding aan 'n universiteit te laat geskied.

Die vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond begin by die Bybel. Die uiteindelijke bron van Christelike teologie is die Bybel (McGrath, 2007:105). 'n Gesonde teologie gaan dus daarvoor om die Bybel as normatiewe bron te benader. Om die Bybel te lees en te bestudeer as die Woord van God, behoort die basis en primêre hulpbron vir enige teologiese opleiding te wees (Kim & Anderson, 2010:160).

Die vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond gaan oor kennis en insig en is 'n belangrike kenmerk vir 'n missionale teologiese opleiding, aangesien dit erns maak met die Bybel se narratief en opdrag. Wright (2006:532) lees die hele Bybel in die lig van sending en kom tot die gevolgtrekking dat Christene die hele Bybel kan en moet lees binne die raamwerk van die *missio Dei*. Guder (1998:11) stel dat die Bybelse getuigenis ontvang is as 'n getuigenis van God se sending en die vorming van 'n sendinggemeenskap wat deelneem aan daardie sending. Die Bybel is dus 'n missionale boek. Studente moet geleer word om die Bybelse boodskap hermeneuties vanuit 'n missionale perspektief te ontsluit (Cordier, 2014:264).

Wanneer die Bybel so benader word, is dit nie net 'n dokument vir stiltetyd of 'n handleiding nie, maar 'n narratief wat help om God se kinders te laat verstaan wat God se missie is en hulle rol daarin (McNeal, 2009:27). Die Bybel help ook met die vervulling van hierdie rol. "The Bible provides the story into which the church has stepped as today's key supporting actor... the text inspires and empowers the church to fulfill its role" (James, 2013:149).

'n Gesonde teologiese agtergrond is daarom 'n belangrike kenmerk van 'n missionale leier. Een van die kernkapasiteite van 'n missionale leier wat Cordier (2014:263) uitwys, is die leier as teoloog: Die leier moet die teologiese onderbou en begroning ter ondersteuning van die reis na gestuurdheid verskaf, self 'n student bly wat voortdurend oor gestuurdheid bly lees en nadink, en deurlopend die gemeente aan sy gestuurde identiteit en roeping herinner.

5.6.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Die NHKA se teologiese opleiding geskied aan 'n universiteit en is van hoë akademiese standaard. Meeste van die modules wat aangebied word, fokus op die vaslegging van teologiese kennis en insigte. Studente se tyd word ook hoofsaaklik afgestaan aan formele klasbywoning en die

bestudering en memorisering van teologiese studiemateriaal. 'n Teologiese opleiding met so 'n sterk klem op die kognitiewe, reduceer maklik die Bybel tot slegs 'n akademiese boek. Een van die uitdagings is om in die onderskeie dissiplines of vakgebiede die Bybel te lees en te bestudeer as 'n missionale boek.

Vanuit 'n missionale perspektief kan daar 'n hermeneutiek ontwikkel word wat geskoei is op die werking van die Heilige Gees. "For all Christian traditions in the twenty-first century there is the challenge to re-evaluate the role of the Holy Spirit in both illuminating the Scriptures and also in seeing God at work in the lives of people and in this world" (Kim & Anderson, 2010:160). 'n Missionale lees van die Bybel help dus om God in die wêreld raak te sien en om so by God in die wêreld aan te sluit.

'n Missionale lees van die Bybel en 'n gesonde teologiese agtergrond bied dus 'n belangrike moontlikheid vir die NHKA binne die diverse konteks van Suid-Afrika. Die Bybel, as 'n universele boek wat nie gebonde is aan 'n spesifieke kultuur, tradisie of etniese groep nie, is 'n belangrike konneksiepunt. Teologiese opleiding wat dus met die Bybel as belangrikste uitgangspunt werk, vorm studente om verder te dink as hulle eie tradisies en agtergronde. "Immersing oneself into the rich treasures of its symbols, narratives, images and stories can serve as a common ground between different Christian traditions and also as an inspiration for alternative ways of theological reflection beyond critical reasoning" (Kim & Anderson, 2010:160).

Die agtergrond of vertrekpunt van 'n gelowige se wese is die 'groot storie' waarvan hy/sy deel is. Dit gaan oor die hele storie van God se kinders soos dit in die Bybel weergegee word, maar ook die storie ná die Bybel en die storie tot vandag toe waarvan gelowiges vandag deel uitmaak. Dit is bepalend vir 'n gelowige se lewe. Dit gee betekenis aan 'n gelowige se lewe, 'n doel en 'n rigting, asook vir 'n bedieningspraktyk. Roxburgh & Romanuk (2006:169-170):

We have insisted on the importance of biblical narratives for the formation and functioning of a missional community. The community must live in continuous engagement with the narratives as it addresses, convicts, and converts God's people as missional agents in their specific cultural context. (Roxburgh & Romanuk, 2006)

Die Bybel is nie slegs waarhede en wyskede wat ons vandag as goeie gelowiges probeer implementeer nie. Missionaal wees gaan ook nie net oor die sendingopdrag in Matteus 28 nie. Die hele Bybel is die storie van God se sending waarby ons as gelowiges aansluit. Die Bybel is *ons storie*.

'n Gesonde teologiese agtergrond bied dus 'n belangrike agtergrond en raamwerk vir 'n missionale leier en vir missionale gemeentes.

5.7 Ondersteuning en mentorskap

Springdale College lê klem op die belang van ondersteuning en mentorskap in die opleiding en vorming van studente. Ondersteuning vind plaas deur dosente, studieleiers en klasmaats. Daar word ook gepoog om voortdurende ondersteuning aan studente wat afstudeer het, te bied. Dosente en studieleiers wat optree as die studente se mentors, fokus dus nie net op die oordrag van kennis nie, maar in die begeleiding om 'n bepaalde taak af te handel (Nel, 2011:2).

Ondersteuningsnetwerke en/of mentorskap is 'n belangrike kenmerk van 'n missionale, teologiese opleiding. Leiers word nie in isolasie gevorm nie, maar word in en deur 'n gemeenskap gevorm. "Leaders cannot be separated from the formative processes of community... Despite the claims to the contrary, leaders are not self-made people" (McNeal, 2000:115). Die mense wat van die begin af deel is van 'n persoon se lewe, maar ook die mense wat net vir bepaalde tye deel is van 'n persoon se lewe, het, ongeag positief of negatief, 'n invloed op hom/haar. Mense vorm mekaar. "We overlook just how large a role we all play – and by "we" I mean society – in determining who makes it and who doesn't" (Gladwell, 2008:33). Malcolm Gladwell skryf in sy boek *Outliers* oor mense wat sukses in hulle lewens behaal het en verwys na 'n paar aspekte wat belangrik was in die proses. In die eerste plek is dit nodig om vir 'n minimum hoeveelheid ure, tien duisend ure het navorsers vasgestel, 'n bepaalde komplekse taak oor en oor te doen om werklik 'n kenner te wees van daardie taak. Tien duisend ure is 'n enorme hoeveelheid tyd en dit is amper onmoontlik om dit alleen te bereik teen die tyd wat iemand 'n jong volwassene is. Ouers en ander betekenisvolle mense speel daarom 'n belangrike rol deur aan te moedig, te onderhou en te ondersteun, sodat dit moontlik kan wees. "Successful people don't do it alone. Where they come from matters. They're products of particular places and environments" (Gladwell 2008:119).

Burton gee 'n Bybelse perspektief op godsdiensoonderrig en wys na die belang van die huisgesin. In die Ou Testament is daar nie van die begin af sprake van formele onderrig nie. Eers later in Israel het semi-formele godsdiensoonderrig van die priesters en Leviete begin en daarna, in die Babiloniese tydperk, het sinagoges ontstaan, waar die Skrif gelees is en saam gebid is (Burton, 2000:1-2). Godsdiensoonderrig het hoofsaaklik by die huis plaasgevind en die opvoeders was die ouers. "The training was imparted primarily through conversation, example, and imitation; it utilized effectively the interest aroused by actual life situations" (Burton, 2000:1).

Studente behoort dus deel te wees van gemeenskappe wat dien as 'n ondersteuningsnetwerk en mense in hulle lewens te hê wat optree as mentors. 'n Ondersteuningsnetwerk kan bestaan uit mense wat outomaties deel is van die student se lewe, vanweë familiebande en vriendskappe, of mense wat saamgevoeg is rondom 'n gemeenskaplike doel, soos die student se klasmaats en

dosente. McNeal (2003:137) verwys na hierdie twee verskynsels van gemeenskappe waar saam geleer en gegroei word, organiese en georganiseerde. Die organiese gemeenskap is die belangrikste, aangesien dit 'n gemeenskap is wat natuurlik gevorm het en 'n groep mense is wat op 'n gereelde basis met mekaar te doen kry. Om saam te groei in hierdie gemeenskap, moet die mense mekaar se harte hoor. So kan die gemeenskap mekaar ondersteun, mekaar aanspreeklik hou en mekaar uitdaag (McNeal, 2003:137). Die georganiseerde gemeenskap word gevestig rondom 'n spesifieke affiniteit, byvoorbeeld 'n bedieningsopdrag of 'n passie (McNeal, 2003:138). Beide hierdie gemeenskappe speel 'n rol in die vorming van studente. Dit is gemeenskappe waarbinne saam geleer en gegroei word. "The power of learning in community is undeniable" (McNeal, 2003:136).

Mentorskap speel 'n belangrik rol in die teologiese opleiding van studente wat akademie, praktiese werk en spirituele vorming aanbetref. Chiroma en Cloete (2014:4-5) verwys na die rol wat dit speel as ondersteunende opvoedkunde in die spirituele vorming, karaktervorming en bedieningsvorming van teologiestudente. 'n Mentor is iemand met meer ervaring of kennis wat iemand met minder ervaring of kennis begelei. "Mentoring is an intentional and intensely relational investment of an experienced practitioner into the life of another person endeavoring to succeed in the same arena of life" (Gordon Conwell, n.d.). Mentorskapverhoudings vind baie keer spontaan plaas wanneer waardes, norme en lewenskwaliteite onbewustelik oorgedra word (Nel, 2011:1).

In die Bybel kan daar na 'n paar mentors verwys word: Moses as mentor vir Josua, Elia vir Elisa, Barnabbas vir Saulus, Paulus vir Timoteus en Jesus vir die twaalf dissipels. "Jesus spent much of his time during his earthly ministry intentionally pouring his life and insights into the future leadership of what would be the fledgling Church" (Gordon Conwell, n.d.). Burton (2000:2-3) verwys na hoe Jesus geleer het, wie hy geleer het, en wat hy geleer het:

- Jesus het mense geleer deur sy voorbeeld.
- Jesus het sy dissipels geleer in lewende situasies, wat Hy geleer het was altyd relevant, want sy volgers was daagliks deel van die wêreld.
- Jesus gebruik gesonde opvoedkundige beginsels (sound education principals), bv. sy gelykenisse.
- Jesus leer volgens die behoeftes van die individue in 'n persoonlike manier, mense het ook spesifieke behoeftes.
- 'n Deel van die leerproses is evaluering.
- Jesus het geglo in die wat hy opgelei het en daarom het hy belangrike werk na hulle toe deleger.

Mentorskap is dus nie 'n nuwe konsep nie en blyk een van die hoofmaniere van opvoeding te wees in die Bybelse tyd. Mentorskap behoort dus doelbewus geïmplementeer te word deur teologiese instansies en as deel van die opleidingsprogram. 'n Mentorskapverhouding verryk teologiese opleiding. "Die gees van die mentor spreek eenvoudig tot die gees van die student, met die resultaat dat die student veel meer verwerf as 'n akademiese kwalifikasie of begeleiding binne 'n sekere struktuur... Die student of mentee beleef 'n proses van rypwording deur die inspeel van die mentor in sy lewe" (Nel, 2011:1). Dus, behalwe vir die verhoudings binne bepaalde gemeenskappe is mentorskapverhoudings ook belangrik. Hierdie verhoudings is kragtig. "Apart from the influence of one's parents and marriage partner, a mentor can have the most influence in life to change another person" (Gordon Conwell, n.d.).

Cordier (2014:290) verwys ook na hierdie kernkapasiteit van 'n missionale leier as geestelike leier en mentor:

- Die kapasiteit om self God se wil te kan onderskei en om geloofsonderskeidende praktyke in die gemeente te vestig.
- Die kapasiteit om gelowiges vanuit 'n nuwe rolverwagting in die totaliteit van die bediening te vorm en te begelei tot Bybelse vorming en dissipelskap.

5.7.1 Uitdagings en moontlikhede vir die NHKA

Studente wat klaarmaak met hulle studies is nie voorbereid en gereed vir die bediening nie. Die probleem is egter nie intellektuele en akademiese onvermoëns nie, maar studente se gebrek aan spiritualiteit, verhoudings-vaardighede, karakter en die vermoë om te bedien in die werklikheid van die gemeentelêre. Effektiewe mentorskap bied 'n beproefde metode om hierdie tekortkominge te voorkom (Gordon Conwell, n.d.). Chiroma en Cloete (2014:1) sluit hierby aan deur te verklaar dat om die einddoel van teologiese opleiding ten volle te bereik, is die klaskamerervaring nie genoeg nie. Die oproep om mentorskap te implementeer as 'n ondersteunende pedagogie moet ernstig opgeneem word. Studente het mentors nodig vir ondersteuning en groei, nie net tydens studies nie, maar ook in die bediening. "...wanneer die predikant die bediening betree, bly die behoefte aan 'n mentor steeds 'n realiteit" (Nel, 2011:1).

As deel van die NHKA se praktiese opleiding, wat in die finale studiejaar geskied, werk daardie student saam met die gemeentepredikant waar hy/sy inskakel, wat dan ook optree as 'n tipe mentor. 'n Mentor moet egter van die begin van 'n student se studies deel wees van die opleidingsproses. Daar is baie persone deel van 'n student se opleiding wat kan optree as mentor,

soos byvoorbeeld die dosente wat klas aanbied, die predikant by wie die student inskakel, kuratoriumlede of ouer mede-studente.

Naas die mentorskap het 'n student ook sinvolle gemeenskappe of ondersteuningsnetwerke nodig. "No one suffers more from the lack of community than spiritual leaders themselves" (McNeal, 2000:115). Teologiese opleiding en die bediening daarna kan baie moeilik wees sonder die ondersteuning en aanmoediging van hierdie groepe. "The power of the culture at large and the church culture to keep us in old systems is overwhelming without the support of others" (McNeal, 2003:137). Hierdie gemeenskappe bestaan alreeds. Studente moet daarby inskakel en hierdie verhoudings koester.

5.8 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die laaste navorsingsvraag beantwoord deur die metodes waarop die NHKA haar teologiese opleiding kan aanpas en/of verander, te beskryf. Die NHKA se teologiese opleiding moet aangepas word om 'n missionale ekklesiologie, 'n verstaan van kerkwees waarna die NHKA streef, te steun. 'n Missionale teologiese opleiding het sekere belangrike kenmerke, soos in dié hoofstuk bespreek. Die kenmerke sluit elkeen op 'n bepaalde manier by mekaar aan en kan nie sonder mekaar geïmplementeer word nie. In hierdie hoofstuk is daar nie gepoog om 'n bloudruk te gee vir 'n uitgewerkte missionale teologiese opleiding nie, maar slegs om voorstelle te maak vir die NHKA se teologiese opleiding deur bepaalde moontlikhede uit te wys.

Hierdie moontlikhede/voorstelle kan nou kortliks saamgevat word:

Die totale herskryf van die NHKA se kurrikulum met 'n **missionale vertrekpunt** is 'n uitgerekte en moeisame onderneming. Die eerste voorstel is dus om nie te begin met 'n amptelike herskryf van die kurrikulum nie, maar eerder om amptelik missionale praktyke deel te maak van die bestaande kurrikulum en so die opleiding van binne af te transformeer. Op hierdie wyse word dosente en studente missionaal gevorm en word die kurrikulum uitgedaag om aan te pas by die ervarings en insigte wat klas toe gebring word. Hierdeur sal 'n nuwe stel behoeftes na vore kom en 'n raamwerk gee vir die herskryf van die kurrikulum.

'n **Holistiese benadering** is onontbeerlik as dit kom by missionale teologiese opleiding. Die tweede voorstel is dus 'n integrale kurrikulum wat die behoeftes van die hele persoon aanspreek en tyd en opleidingshulpbronne daarvolgens toeken. Die behoeftes kan opgedeel word in die volgende drie kenmerke, naamlik spirituele ontwikkeling en karaktervorming, praktiese ervaring en vaardighede en die ontwikkeling van 'n gesonde teologiese agtergrond. As ondersteunende

pedagogie vir hierdie behoeftes, is ondersteuningsnetwerke en mentorskapsverhoudings van belang.

Spirituele ontwikkeling en karaktervorming vind in 'n informele konteks plaas en dus kan dit nie aangespreek word deur nóg 'n module of klas aan te bied nie. Die derde voorstel is dus dat die NHKA eerder daarop fokus om die regte ruimtes, verhoudings en lewensritmes te skep en aan te moedig.

Die NHKA moet ook erns maak met die **praktiese ervaring en vaardighede** wat studente moet opdoen. Die voorstel in hierdie verband is om tydens praktykvorming nie modules aan te bied oor die teorie van die praktyk nie, maar om studente in die praktyk in te stuur. Daar moet ook weggedoen word met kerkspesifieke opleiding, aangesien missionale leiers verder fokus as 'n spesifieke kultuur of groep mense. Die krisis waarmee studente in die praktyk te doen kry, dien as baie belangrike geleentheid vir nuwe insig en transformasie en dit moenie vermy word nie, maar eerder reg bestuur word.

Die **vorming van 'n gesonde teologiese agtergrond** het die Bybel as normatiewe Bron. Die voorstel vir die NHKA is om erns te maak hiermee en nie die Bybel te reduceer tot 'n akademiese boek nie, aangesien dit vir 'n gelowige die narratiewe en opdrag bied waarvan hy/sy deel is en ook 'n belangrike konneksiepunt bied vir 'n missionale bediening in 'n diverse Suid-Afrika.

Die vorming van studente tot missionale leiers is onmoontlik sonder **ondersteuning en mentorskap**. Die laaste voorstel vir die NHKA se teologiese opleiding is dus om die bestaande gemeenskappe wat kan optree as ondersteuningsnetwerk so te benader en te koester en om studente te help met die identifisering van mentors wat hulle kan begelei op die reis, nie net tydens studies nie, maar ook daarna in die bediening.

6 Slotopmerkings

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n paar slotopmerkings gemaak na afloop van die studie om vas te stel hoe 'n teologiese opleiding kan lyk wat 'n missionale ekklesiologie en missionale leierskapsontwikkeling in die NHKA steun. Die bevindings wat aan die orde gestel word, is eerstens die beskouing van 'n krisistyd as 'n geleentheid. Daarna word vlugtig terugverwys na die belang van ander tipe leiers en dus 'n ander tipe opleiding vir ons tyd en konteks.

6.2 Bevindings

Die volgende bevindings het uit die studie na vore gekom en is belangrike aspekte om op te let vir die NHKA se pad vorentoe.

6.2.1 Krisistyd as geleentheid

Die NHKA verstaan kerkwees as inherent missionaal. Tydens die 69ste AKV word die uitspraak gemaak dat 'n kerk wat die apostolaat verwaarloos, die eer van God aantas en so die eretitel 'kerk' verbeur (NHKA, 2010:229). Hierdie paradigmaskuif ten opsigte van ekklesiologie het gegroei uit die krisistyd, soos genoem in *hoofstuk 1*, waarin die kerk haarself nou bevind. Dié krisis het die NHKA se teoloë gelei in 'n proses van selfondersoek na kerklike identiteit. Al die onlangse ontwikkelinge binne die NHKA (*hoofstuk 2*) dui op haar besef dat krisistye radikale en kritiese denke verg. Daar is opnuut 'n hunkering om by die ware wese en roeping van kerkwees uit te kom.

In hierdie opsig is die krisis wat die kerk ervaar, nie noodwendig negatief nie. Volgens Dreyer (2011:7) dui dit op 'n *kairos* moment, 'n oomblik van waarheid, dus 'n geleentheid vir die kerk om weer kerk te wees. Missionale verandering word juis ontketen deur 'n krisis. Die NHKA is dus op die perfekte plek en het die ideale geleentheid om transformasie te ervaar, om te reformeer na ware kerkwees vir haar tyd en konteks – om te word wat die kerk behoort te wees. MacIrvine (2010:216-217) stel dit as volg:

When a crisis is responded to in a spirit of humility and discovery, it creates an environment in which missional culture change can take place. This missional change is then expressed in service to the community (an external change), and a different way of worshipping as a

community (an internal change). Of course not all churches encountering a crisis will move in a missional direction. Some leaders respond to crises with anxiety and revert toward rigid leadership styles. Others seek to live vicariously through the ministry models of other churches. But churches primed for healthy missional change see their crises as an invitation to discover God's new direction for ministry. (MacIlvaine, 2010)

Die NHKA moet dus hierdie krisis beskou as 'n uitnodiging, 'n geleentheid. Dit is nie nou die tyd om laer te trek en vas te hou aan die verlede nie. Daar is nie lewe in laertrek nie (Niemandt, 2007:37). Dit is nou die tyd om weer haar wortels te ontdek: *Ecclesia reformata, semper reformanda!* Daarom is die kerk se respons op hierdie krisis uiters belangrik, en verantwoordelike onderskeiding is nodig om die NHKA te lei in die proses van reformasie, of transformasie. In plaas van die soeke na oplossings en strategieë om lidmate te behou of te bekom, moet kerke eerder na die regte vraag kyk, naamlik *wie is die kerk?* (Van der Merwe, 2014:3). En daarmee saam, *wat wil God hê moet ons doen in hierdie tyd en konteks?* Die kerk se wese en roeping moet sentraal staan in hierdie transformasieproses.

Teologies (teoreties) het die NHKA vasgestel dat die kerk wesenlik missionaal en die produk van die *missio Dei* is (Dreyer & Dreyer, 2011:12). Hierdie hernude verstaan van kerkwees het ook bepaalde implikasies vir gemeentes en die bediening. Die heersende missionale ekklesiologie binne die NHKA kan nie net teoreties bly nie, maar moet gestalte kry as 'n integrale deel van gemeentebediening. Daarom is die leiers van gemeentebediening 'n kerndeel van hierdie transformasieproses.

6.2.2 Ander tipe leiers: Missionale leiers

Kerkleiers (predikante) speel tans 'n sentrale rol in gemeentebediening en so ook 'n sentrale rol in die transformasieproses van hierdie gemeentes (*hoofstuk 3*). Nie alle huidige kerkleiers is egter in staat om transformasie in gemeentes teweeg te bring nie. Hierdie kerkleiers het nie die nodige vaardighede en kapasiteite nie en is opgelei vir die kerk van gister. Die NHKA bevind haarself nou in 'n tyd van onvoorspelbare verandering. "Discontinuous change is disruptive and unanticipated; it creates situations that challenge our assumptions... The skills we have learned aren't helpful in this kind of change." (Roxburgh & Romanuk, 2006:7). Dit beteken dat om harder te werk, op die tradisionele wyse, nie die huidige uitdagings gaan aanspreek nie. Of in die woorde van Rita Mae Brown (1989:68): "Insanity is doing the same thing over and over again but expecting different results." Onvoorspelbare en komplekse omstandighede verg dat nuwe vaardighede of kapasiteite ontwikkel word.

Plowman et al. (2007) noem in *The Leadership Quarterly* wat die verwagting is van leiers vandag. In die eerste plek gaan leierskap in komplekse sisteme eerder daarvoor om die organisasie te destabiliseer as te stabiliseer. Daar is nie spesifieke uitkomst wat vasgestel kan word en na gestreef kan word nie. "...leaders push the organization towards disequilibrium by introducing uncertainty and by visibly addressing conflict" (Plowman et al., 2007:354). Slegs binne hierdie toestand van onstabieleit kan daar iets nuuts na vore kom. Die enigste vastigheid wat leiers dan bied, is deur interpretasie en deur betekenis te gee aan dit wat self na vore gekom het. Tweedens moedig leiers in komplekse sisteme eerder innovasie aan as om te innoveer. "By encouraging non-linear interactions, leaders encourage others to be innovative, rather than assume all the responsibility for the innovative ideas" (Plowman et al., 2007:354). Dertens interpreteer leiers eerder verandering as om verandering te bring. "Our findings suggest that leaders play an important role in giving meaning to what is happening, labeling the emergent change, and changing what it is that people talk about in the organization" (Plowman et al., 2007:354). En laastens bestuur leiers woorde eerder as mense. "Effective leaders are intentional about the language they use to help people understand what is happening in the organization" (Plowman et al., 2007:354).

Hieruit is dit duidelik dat die transformasieproses nie 'n maklike proses is nie. Die proses om gemeentes missionaal te transformeer vra dus dat kerkleiers oor unieke vaardighede en kapasiteite beskik. "In a period of discontinuous change, leaders suddenly find that the skills and capacities in which they were trained are of little use in addressing a new situation and environment" (Roxburg & Romanuk, 2006:9). Hierdie vaardighede en kapasiteite moet deur opleidingsinstansies ontwikkel word. Tydens die 68ste AKV word genoem dat die onderskeie opleidingsinstansies voorberei moet word om so 'n veranderingsproses te kan verwesenlik (NHKA, 2007:37). Daar moet dus 'n ander tipe opleiding ontwikkel word vir die vorming van ander tipe leiers - missionale leiers wat gemeentes kan transformeer.

6.2.3 Ander tipe opleiding: 'n Missionale teologiese opleiding

Missionale leierskap gaan eerder oor wie die leier *is*, as oor wat die leier *doen*. Die kapasiteite wat hierdie leiers dus benodig om gemeentes te transformeer het te make met die leier se wese en roeping, wat vanselfsprekend aansluit by die kerk se wese en roeping. Dit is dus nie bloot 'n akademiese teologiese opleiding wat benodig word nie, maar 'n missionale vormingsproses. Na 'n ondersoek van Springdale College, die missionale kollege van die Verenigde Koninkryk, is vasgestel dat 'n missionale teologiese opleiding sekere kenmerke het (*hoofstuk 4*). Die eerste daarvan is vanselfsprekend 'n missionale vertrekpunt. Die tweede kenmerk is 'n holistiese benadering wat gevolg word. Met hierdie benadering word die persoon se hele wese aangespreek - nie net die

kognitiewe (wat die persoon weet) nie, maar ook die praktiese (wat die persoon kan doen) en die belangrikste, die spirituele (die persoon se verhouding met God en dus ook wie die persoon is). Met 'n missionale teologiese opleiding word daar dus kapasiteite ontwikkel wat 'n persoon in staat stel om transformasie in hierdie proses teweeg te bring om 'n missionale ekklesiologie prakties gestalte te laat vind.

Die belangrikste kapasiteit vir leiers is om ander te kan lei. Tydens die 68ste AKV is genoem dat predikante in staat moet wees om die ampsdraers en lidmate toe te rus om meer missionaal gerig te wees (NHKA, 2007:38). Dit is moontlik deur self 'n missionale leefstyl te handhaaf en so 'n voorbeeld te stel of 'n missionale leefstyl te modelleer. "The Commission has recognised the need to be spiritually grounded to inform and inspire Christians as we participate in God's mission" (Kim & Anderson, 2010:185). Missionale leierskap gaan dus nie oor 'n bediening *aan* 'n gemeente nie, maar eerder 'n bediening *saam met* 'n gemeente. Missionale leierskap bly dus ook nie by 'n enkele persoon nie. "Ministerial leadership is, first and finally, discipleship" (Newbigin, 1989:241). Dis om eers te volg en dan te lei deur te volg. Robinson (2008:81) stel:

If a pastor tries to do it alone, or is expected to do it alone, without developing a leadership team, leadership will not only wear that pastor down and eventually out, but new life and renewal will not have been broadly enough embraced throughout the congregation to be sustainable. (Robinson, 2008)

Die beginpunt van die transformasieproses is dus die missionale leier. Hierdie transformasieproses kring dan uit soos wat enkele persone rondom die missionale leier aangeraak word en self getransformeer word. Die transformasie lê nie in struktuurveranderinge nie, maar in die transformasie van mense self.

Die regte tipe opleiding of vormingsproses is dus nodig om die regte tipe kapasiteite te vorm waarvoor missionale leiers moet beskik. In hierdie studie is daar dan juis gekyk na teologiese opleiding - hoe 'n teologiese opleiding kan lyk wat 'n missionale ekklesiologie en missionale leierskapsontwikkeling in die NHKA steun. Die belangrike kenmerke van 'n missionale teologiese opleiding, sowel as die uitdagings en moontlikhede vir die NHKA, is in *hoofstuk 5* uiteengesit.

6.3 Gevolgtrekking

Die NHKA is nog *op pad* in die proses van missionale transformasie en dit is 'n uitgerekte en moeisame onderneming. Die NHKA funksioneer steeds aan die hand van 'n presbiteriaal-sinodale kerkbegrip. "Vergaderings, komitees en programme is van groot belang" (Dreyer, 2011:45). Dit kom

daarop neer dat enige veranderings eers deur verskeie vergaderings goedgekeur moet word nadat dit na een of ander komitee verwys is. Enige transformasie deur of van hierdie struktuur vind liniêr plaas en oor 'n baie lang tydperk. Soos reeds genoem, gaan transformasie egter nie oor die strukture nie, maar oor die mense self.

Die ideaal is dat predikante, dosente en studente self getransformeer word deur self deel te neem aan die *missio Dei*. Eers wanneer hierdie hartsverandering plaasgevind het, is dit moontlik om ander toe te rus en te lei. Dit gaan nie soseer oor wat gedoen word nie, maar wie hierdie leiers is. Die eerste stap is daarom nie om te begin met die amptelike prosesse van transformasie nie, maar om nie-amptelik deel te neem aan missionale praktyke en so van binne af die strukture te transformeer. 'n Missionale teologiese opleiding is nie net opleiding om missionaal te wees nie, maar opleiding deur missionaal te wees.

Bibliografie

- Amalraj, K.J., 2009, 'What Shapes our Spirituality in Missions?', *The Journal of the WEA Mission Commission* 8/1, April 2009, pp. 9-11.
- Banks, R., 1999, *Reenvisioning Theological Education: Exploring a Missional Alternative to Current Models*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Barton, R.H., 2008, *Strengthening the Soul of your Leadership: Seeking God in the Crucible of Ministry*, Downers Grove, InterVarsity Press.
- Bender, K.J., 2005, *Karl Barth's Christological Ecclesiology*, Sioux Falls, Ashgate.
- Borg, M.J., 1995, *Meeting Jesus Again for the First Time: The Historical Jesus at the Heart of Contemporary Faith*, San Francisco, Harper Collins Publishers.
- Bosch, D.J., 1991, *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*, New York, Orbis Books.
- Botha, S.J., 1995, 'Kerkgrip en kerkorde', *HTS Teologiese Studies* 51/3, pp. 753-770.
- Brown, R.M., 1989, *Sudden Death*, New York, Bantam Books.
- Brynjolfson, R.W., 2010, 'Missionary Training and Spirituality: Spiritual Formation in Theological Education', in D. Werner, D. Esterline, N. Kang & J. Raja (eds.), *Handbook of Theological Education in World Christianity: Theological Perspectives – Ecumenical Trends – Regional Surveys*, pp. 196-202, Oxford, Regnum Books International.
- Buitendag, J., 2008, 'Ecclesia reformata semper reformanda – die ongemaklike eis', *HTS Teologiese Studies* 64/1, pp. 123-138.
- Burton, S.W., 2000, *Disciple Mentoring: Theological Education by Extension*, California, William Carey Library.
- Chiroma, N.H. & Cloete, A., 2015, 'Mentoring as a supportive pedagogy in theological training', *HTS Teologiese Studies* 71/3, 8 bladsye by [http:// dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.2695](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.2695).
- Coertzen, P., 1991, *Gepas en Ordelik*, Pretoria, RGN-Uitgewers.
- Cordier, G.S., 2014, 'Kernkapasiteite van die predikant as missionale leier in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur', ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie.
- Creswell, J.W., 2015, *A Concise Introduction to Mixed Methods Research*, Thousand Oaks, SAGE Publications.

- De Gruchy, S., 2010, 'Theological Education and Missional Practice: A Vital Dialogue', in D. Werner, D. Esterline, N. Kang & J. Raja (eds.), *Handbook of Theological Education in World Christianity: Theological Perspectives – Ecumenical Trends – Regional Surveys*, pp. 42-50, Oxford, Regnum Books International.
- Dreyer, T.F.J., 2009, "'n Kerk met karakter: Die perspektief van Gerben Heitink', HTS Teologiese Studies 65/1, 5 bladsye by DOI: 10.4102/hts.v65i.315.
- Dreyer, T.F.J., 1992, 'Die Departement Praktiese Teologie (Afd A): Die 'De Wet-era' en daarna', HTS Teologiese studies 48/1-2, pp. 427-441.
- Dreyer, W. A., 2015, *Praktiese Ekklesiologie: Kerkwees in die 21ste Eeu*, Pretoria.
- Dreyer, W.A. & Dreyer, T.F.J., 2011, 'Kerkwees in die 21e Eeu', rede gelewer tydens die opening van dit Hervormde Teologiese Kollege, Universiteit van Pretoria, 16 Februarie 2011.
- Dreyer, W. A., 2011, 'Praktiese Ekklesiologie en Bedieningspraktyk: Met verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika', ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie.
- Du Preez, K.P., Hendriks, H.J. & Carl, A.E., 2014, 'Missional theological curricula and institutions', *Verbum et Ecclesia* 35/1, 8 bladsye by <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v35i1.1326>.
- Gibbs, E. & Coffey, I., 2001, *Church Next: Quantum Changes in Christian Ministry*, Downers Grove, InterVarsity Press.
- Gladwell, M., 2008, *Outliers: The Story of Success*, London, Allen Lane.
- Gordon Conwell Theological Seminary n.d., *Mentoring in Theological Education*, besigtig op 10 Mei 2015, by <http://www.gordonconwell.edu/mentored-ministry/Introduction.cfm>.
- Guder, D.L., 2010, 'Theological Formation for Missional Faithfulness after Christendom: a Response to Steve de Gruchy', in D. Werner, D. Esterline, N. Kang & J. Raja (eds.), *Handbook of Theological Education in World Christianity: Theological Perspectives – Ecumenical Trends – Regional Surveys*, pp. 51-55, Oxford, Regnum Books International.
- Guder, D.L., 1998, *Missional Church: A Vision for the Sending of the Church in North America*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Heitink, G., 2007, *Een Kerk met Karakter: Tijd voor heroriëntatie*, Kampen, Uitgeverij Kok.
- Hill, G., 2012, *Salt, Light, and a City: Introducing Missional Ecclesiology*, Eugene, Wipf & Stock.
- Hirsch, A., 2006, *The Forgotten Ways: Reactivating the Missional Church*, Grand Rapids, BrazosPress.
- Hooker, P., 2008, *What is missional ecclesiology*, besigtig op 18 Maart 2014 by <http://www.negapby.org/missionalecc.pdf>.

- Houston, B., 2013, 'The Future is not What it Used to Be: Changes and Choices Facing Theological Education in Africa', in Phiri, I.A. & Werner, D. (eds.), *Handbook of Theological Education in Africa*, pp. 108-116, Regnum Books International, Dorpspruit, Cluster Publications.
- Horsthuis, J., 2011, 'Participants with God: a Perichoretic Theology of Leadership', *Journal of Religious Leadership* 10/1, 2011.
- HTK, 2015, *Diploma in Kerklike Bediening: Kurrikulum*, Pretoria.
- James, C.B., 2013, 'Education that is Missional: Toward a Pedagogy for the Missional Church', The Association of Professors of Mission, Annual Meeting, Wheaton June 20-21 2013.
- Kärkkäinen, V.M., 2002, *An Introduction to Ecclesiology: Ecumenical, Historical & Global Perspectives*, Downers Grove, InterVarsity Press.
- Kim, S. & Kim, K., 2008, *Christianity as a World Religion*, London, Continuum.
- Kim, K. & Anderson, A. (eds.), 2010, *Edinburgh 2010: Mission Now and Tomorrow*, Regnum Edinburgh 2010 Series, Oxford, Regnum Books International, pp. 181-187.
- Koekemoer, J.H., 1996, 'Die uitdaging aan teologiese opleiding in die NHKA en die HKSA', *HTS Teologiese studies* 52/1, 190-196.
- Koffeman, L.J., 2009, *Het Goed Recht van de Kerk: Een theologische inleiding op het Kerkrecht*, Kampen, Uitgeverij Kok.
- Kraemer, H., 1960, *Het Vergeten Ambt in de Kerk*, 'S-Gravenhage, Boekencentrum, N.V.
- Kritzinger, J.J. & Saayman, W., 1994, *On Being Witnesses*, Halfway House, Orion Publishers.
- Lausanne III, 2011, *Cape Town Commitment*, The Third Lausanne Congress on World Evangelization, Cape Town, 16-25 October 2010.
- MacIvaine, W.R., 2010, 'How Churches Become Missional', *Bibliotheca Sacra*, April-Junie 2010, pp. 216-233.
- McGrath, A.E., 2007, *Christian Theology: An Introduction*, Oxford, Blackwell Publishing.
- McCoy, M., 2013, 'Restoring Mission to the Heart of Theological Education', in Phiri, I.A. & Werner, D. (eds.), *Handbook of Theological Education in Africa*, pp. 523-529, Regnum Books International, Dorpspruit, Cluster Publications.
- McLaren, B.D., 2010, *Naked Spirituality: A Life with God in Twelve Simple Words*, UK, Hodder & Stoughton.

- McNeal, R., 2009, *Missional Renaissance: Changing the Scorecard for the Church*, San Francisco, Jossey-Bass.
- McNeal, R., 2003, *The Present Future: Six Tough Questions for the Church*, San Francisco, Jossey-Bass.
- McNeal, R., 2000, *A Work of Heart*, San Francisco, Jossey-Bass Publishers.
- McNeal, R., 1998, *Revolution in Leadership: Training Apostels for Tomorrow's Church*, Nashville, Abingdon Press.
- Müller, D., 2012, 'Die Funkionering van die Amp in 'n Missionale Bedieningspraktyk', ongepubliseerde MDiv proefskrif, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie.
- Naidoo, M., 2010, 'Spiritual Formation in Protestant Theological Institutions', in D. Werner, D. Esterline, N. Kang & J. Raja (eds.), *Handbook of Theological Education in World Christianity: Theological Perspectives – Ecumenical Trends – Regional Surveys*, pp. 196-202, Oxford, Regnum Books International.
- Nel, J., 2011, 'Mentor as maestro – van mineur na majeur: Die rol van oordrag tussen mentor en mentee', HTS Teologiese Studies 67/3, 8 bladsye by [http:// dx.doi.org/10.4102/hts.v67i3.1125](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i3.1125).
- Newbigin, L., 1989, *The Gospel in a Pluralist Society*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Newbigin, L., 1987, 'Can the West be Converted?', International Bulletin of Missionary Research, Januarie 1987.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), 2013, Agenda vir die 15de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2013, 06–10 Oktober 2013.
- NHKA n.d., *Hervormde Teologiese Kollege*, besigtig op 18 Maart 2015 by <http://www.nhka.org/index.php/so-dien-ons-11/opleiding491/htk493.html>.
- NHKA, 2013a, Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2013b, Notule van die 70ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2010, Notule van die 69ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2007, Besluitbundel van die 68ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2006a, 'Identiteitsvinding – die gesprek begin', Die Hervormer, 1 April 2006, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2006b, 'Die Identiteit en Relevansie van die NHKA aan die begin van die 21ste eeu in Suid-Afrika', Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 2006c, Besprekingsriglyne vir Kleingroepe, Nasionale Colloquium, Pretoria, NHKA Kerkargief.

- NHKA, 2006d, *Mediaverklaring, Nasionale Colloquium*, Pretoria, NHKA Kerkargief.
- NHKA, 1986, *Gedenkalbum 1886-1986 van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Woord en Beeld*, Pretoria, NHW-Pers.
- Niemandt, C.J.P., 2013, *Nuwe Leiers vir Nuwe Werklikhede*, Vereeniging, Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Niemandt, N., 2007, *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede*, Wellington, Lux Verbi.BM.
- Osmer, R.R., 2008, *Practical Theology: An Introduction*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Peterson, E.H., 2004, 'The Pastor's Sabbath', *Leadership Journal*, besigtig op 11 Mei 2015 by <http://www.christianitytoday.com/le/topics/soul/sabbath/lclead04-2.html?paging=off>.
- Paas, S., 2011, 'Prepared for a missionary ministry in 21st century Europe', *European Journal of Theology* 2011 vol 2, 119-130.
- Pillay, J., 2014, 'The role of the Pastor in South Africa today, what can a good pastor do?', *Lentekonferensie 16-18 September 2014*, Pretoria.
- Plowman, D.A., Solansky, S., Beck, T.E., Baker, L., Kulkarni, M. & Travis, D.V., 2007, 'The Role of Leadership in Emergent, Self-organization', *The Leadership Quarterly* 18/4, Augustus 2007, pp. 341-356.
- Pont, A.D., 1992, 'Kerkgeskiedenis in ons teologiese opleiding: 1917-1956', *HTS Teologiese studies* 48/1-2, pp. 253-272.
- Pont, A.D., 1981, *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg: Deel 1*, Pretoria, Haum Uitgewery.
- REC, 2005, *Clerical and Lay Leadership, Report to the REC Netherlands, Assembly 2005*.
- Robinson, A.B., 2008, *Changing the Conversation: a third way for congregations*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Robinson, M., 2015, e-pos, 20 April, m.robinson5@btinternet.com.
- Rock, D., 2007, *Quiet Leadership: Six Steps to Transforming Performance at Work*, HarperCollins, e-books.
- Roxburgh, A.J. & Romanuk, F., 2006, *The Missional Leader: Equipping Your Church to Reach a Changing World*, San Francisco, Jossey-Bass.
- Smith, T., 2014, *Raw Spirituality: The Rhythms of the Jesus Life*, Downers Grove, InterVarsity Press.
- Springdale College n.d., *The UK's Missional College*, besigtig op 17 April 2015 by <http://springdaleweb.sdcol.org.uk>.

- Steenkamp L.J.S., 1995, 'Die kerk onderweg na die een en twintigste eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid-Afrika', HTS Teologiese Studies 51/3, pp. 604-622.
- Steenkamp, L.J.S., 1992, 'Die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria', HTS Teologiese studies 48/1-2, pp. 463-476.
- Sweet, L., 2012, *I am a follower: The way, truth, and life of following Jesus*, Nashville, Thomas Nelson.
- TED n.d., *Pico Iyer: The Art of Stillness*, besigtig 11 Mei 2015 by https://www.ted.com/talks/pico_ayer_the_art_of_stillness?language=en.
- The Gospel and our Culture n.d., *Introducing the network*, besigtig op 26 Maart 2015 by <http://gospel-culture.org.uk/intro.htm#C>.
- University of Pretoria Undergraduate Faculty Brochure Theology, 2014/15, brosjure, Pretoria.
- Van Aarde, A.G., 2013, 'n Postliberale perspektief op 'n ekklesiologiese modaliteit as 'n ecclesiola in ecclesia – heroriëntasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika', HTS Teologiese Studies 69/1, 14 bladsye by [http:// dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.2012](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.2012).
- Van der Merwe, J.C., 2014, 'n Narratief vir kerk-wees vandag', HTS Teologiese Studies 70/1, 13 bladsye by <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2699>.
- Van der Merwe, J. C., 2011, 'Missionale gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Teologies verantwoord', HTS Teologiese Studies 67/3, 9 bladsye by <http://dx.doi.org//10.4102/hts.v67i3.1094>.
- Van der Merwe, P.J., 2008, 'The contribution of the Netherdutch Reformed Church of Africa (NHKA) to theological training at the Transvaal University College', HTS Teologiese studies 64/1, pp. 27-48.
- Van der Merwe, P.J. & Crafford, D., 1992, 'Die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd A), Universiteit van Pretoria, 1917-1978', HTS Teologiese Studies 48/1-2, pp. 331-361.
- Van Gelder, C., 2008, *The Missional Church and Denominations: Helping Congregations Develop a Missional Identity*, Grand Rapids, William B. Eerdmans.
- Van Gelder, C., 2007, *The Ministry of the Missional Church: A community Led by the Spirit*, Grand Rapids, BakerBooks.
- Van Gelder, C., 2000, *The Essence of the Church: A Community Created by the Spirit*, Grand Rapids, BakerBooks.
- Van Ruler, A.A., 1952, *Bijzonder en Algemeen Ambt*, Utrecht, NIJKERK.

- Van Saane, J., 2012, *Geloofwaardig Leiderschap*, Zoetermeer, Uitgeverij Meinema.
- Van Wyk, B.J., 1991, *Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip*, Pretoria, Kital.
- Van Wyk, I.W.C., 2013, 'Die Hervormde Kerk: Soekend na 'n weg tussen ekklesiologiese verstarring en innovasie sonder tradisie', *HTS Teologiese Studies* 69/1, 11 bladsye by <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.1999>.
- Velthuysen, G.C., 1988, 'Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag', *HTS Teologiese Studies* 44/2, pp. 489-513.
- Verschuren, P. & Doorewaard, H., 2010, *Designing a Research Project*, 2nd edn., The Hague, Eleven International Publishing.
- Ward, T.W., 2013, 'Evaluating Metaphors of Education', *Common Ground Journal* 11/1, Herfs 2013, pp. 13-19.
- Wright, C.J.H., 2010, *The Mission of God's People*, Grand Rapids, Michigan, Zondervan.
- Wright, C.J.H., 2006, *The Mission of God. Unlocking the Bible's grand narrative*, Engeland, InterVarsity Press.

Onderhoud:

Dr Martin Robinson, hoof van Springdale College, Skype-onderhoud, 9 September 2014.